

'N SIELKUNDIGE STUDIE VAN PERSOONLIKHEIDS- EN GEDRAGSPROBLEME  
BY LEERLINGE AAN 'N SPESIALE SKOOL : 'N GEVALLE STUDIE

---

deur Frederik Christoffel Pelser, Honns. -BA.

Verhandeling voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die  
graad M. A. aan die Potchefstroomse Universiteit vir C. H. O.

Nelspruit  
1968

## INHOUDSOPGAWE.

|                                                                        |     |
|------------------------------------------------------------------------|-----|
| 1. INLEIDING .....                                                     | 1   |
| Probleem en doelstelling .....                                         | 1   |
| Metode van ondersoek .....                                             | 1   |
| 2. SIELKUNDIGE ANALISE VAN DIE SPESIALE SKOOLLEERLING .....            | 3   |
| Inleiding .....                                                        | 3   |
| Intelligensie en subnormaliteit .....                                  | 5   |
| Etiologie van subnormaliteit .....                                     | 10  |
| Gedragafwykings .....                                                  | 16  |
| Terapeutiese gedrag en optrede van die onderwyser. ....                | 25  |
| Fisiese kenmerke van verstandelikvertraagdes .....                     | 26  |
| Psigologiese kenmerke van subnormales .....                            | 29  |
| Ouers van vertraagdes .....                                            | 30  |
| Sosiale en ekonomiese effek van verstandelike vertraging ....          | 31  |
| Enkele probleme rakende die verstandelikvertraagde leer-<br>ling ..... | 31  |
| Die noodsaaklikheid van huisbesoek .....                               | 35  |
| Samevatting van hoofstuk 2 .....                                       | 36  |
| 3. DIE SUID-AFRIKAANSE PRENT-ANALISE-TOETS (SAPAT) .....               | 37  |
| Inleiding .....                                                        | 37  |
| Doel met die opstelling van SAPAT .....                                | 37  |
| Die storie-belangstelling van die laerskoolkind .....                  | 38  |
| Skema vir ontleding van die protokolle .....                           | 39  |
| Instruksies .....                                                      | 44  |
| Wysigings aan SAPAT .....                                              | 45  |
| Samevatting van hoofstuk 3 .....                                       | 45  |
| 4. DIE ONDERSOEK .....                                                 | 47  |
| Inleiding .....                                                        | 47  |
| Enkele begrippe .....                                                  | 47  |
| Toetsing van 20 proefpersone .....                                     | 48  |
| Finale gevolgtrekking .....                                            | 131 |
| Samevatting van hoofstuk 4 .....                                       | 138 |
| 5. SAMEVATTENDE SLOTBESKOUING .....                                    | 140 |
| Opsomming/Summary                                                      |     |
| Bibliografiese verwysings                                              |     |
| Literatuurlys                                                          |     |

## LYS VAN TABELLE

|          |                                                                                       |     |
|----------|---------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| TABEL 1  | .. .. .                                                                               | 17  |
|          | I.K.-verspreiding 1963 en 1966 by<br>Loopspruit Kliniekskool.                         |     |
| TABEL 2  | .. .. .                                                                               | 24  |
|          | Onderwysers se graderings van die<br>relatiewe ernstigheid van gedrags-<br>afwykings. |     |
| TABEL 3  | .. .. .                                                                               | 27  |
|          | Vergelyking van fisiese toestande<br>by normales en subnormales.                      |     |
| TABEL 4  | .. .. .                                                                               | 28  |
|          | Vergelyking van fisiese toestande<br>by normales en subnormales.                      |     |
| TABEL 5  | .. .. .                                                                               | 33  |
|          | Opleiding vir Spesiale Onderwys.                                                      |     |
| TABEL 6  | .. .. .                                                                               | 132 |
|          | Samevattende gegewens van vier<br>proefpersone.                                       |     |
| TABEL 7  | .. .. .                                                                               | 133 |
|          | Samevattende gegewens van vier<br>proefpersone.                                       |     |
| TABEL 8  | .. .. .                                                                               | 134 |
|          | Samevattende gegewens van vier<br>proefpersone.                                       |     |
| TABEL 9  | .. .. .                                                                               | 135 |
|          | Samevattende gegewens van vier<br>proefpersone.                                       |     |
| TABEL 10 | .. .. .                                                                               | 136 |
|          | Samevattende gegewens van vier<br>proefpersone.                                       |     |
| TABEL 11 | .. .. .                                                                               | 139 |
|          | Persoonlikheids- en gedragsprobleme<br>van twintig proefpersone.                      |     |

## DANKBETUIGING

Opregte dank word betuig aan:-

1. Prof. J.M. Hattingh wat ten spyte van sy siekte my met raad en daad bygestaan het. Met leedwese word melding gemaak van sy heengaan gedurende 1968.
2. Prof. C.F. Schoeman wat na die afsterwe van prof. Hattingh opgetree het as promotor. Sy kalmte van gees, opregte hulp en belangstelling was 'n bron van inspirasie.
3. Mnr. J.M. van Rooyen, hoof van die skool waar die ondersoek gedoen is.
4. Mej. J.H. Laubscher wat die tikwerk behartig het.
5. Mnr. J.P.J. Coetzer wat verantwoordelik was vir die taalkundige versorging.
6. My vrou vir haar opoffering en aanmoediging.
7. Ouers aan beide kante.

HOOFSTUK I.INLEIDING.PROBLEEM EN DOELSTELLING:

Elke mens maak 'n deel van die samelewing uit. Die samelewing word volgens beginsels georganiseer, bekend as sosiale etiek, wat oor lang periodes uitgewerk is en elke individu staan onder verpligting om die aanvaarde wêreld van daardie samelewing te aanvaar.

Die normaalaangepaste individu is 'n persoon wat bevredigende verhoudings met sy sosiale omgewing het, dit wil sê, hy vind sosiaal-aanvaarbare oplossings vir sy konflikte en los hulle in harmonie met die sosiale kodes en vereistes van die samelewing op.

Die konflikte by die subnormale individu is seer sekerlik meer as by die normale. Reeds vroeg op skool moet hy 'n pas handhaaf waartoe hy nie in staat is nie. Spoedig staan hy in die klas bekend as die "dom leerling" en nadat hy 'n jaar of twee gedruip het, is die stempel op hom afgedruk.

METODE VAN ONDERSOEK:

'n Sielkundige analise van die spesiale skoolleerling is noodsaaklik om sy spesifieke probleme en die rol daarvan op persoonlikheidsvorming, te kan begryp. Dit behoort altyd te dien as 'n agtergrond waarteen sy handelinge gesien moet word. So 'n analise, geneem uit die bestaande literatuur, moet kan aandui wat onder verstandelike vertraging verstaan word, die belangrikste oorsake daarvan, die optrede van die onderwyser en ouer, die opvoeding van hierdie leerling en die ontstaan en voorkoms van persoonlikheids- en gedragsprobleme. Hierdie aspekte word in hoofstuk 2 bespreek.

Een van die grootste probleme by die verstandelikvertraagde kind is juis hierdie persoonlikheids- en gedragsprobleme wat dikwels voorkom en die moeilike opvoedingstaak nog ingewikkelder maak.

Daar bestaan verskeie metodes om hierdie aspek te ondersoek, bv.: opnames van die soorte van probleme, oorsake van die probleme, die algemeen bestaande- sowel as gewenste behandelingsmetodes, die opleiding van persone belas met die taak, ens.

In hierdie studie is egter voorkeur gegee aan 'n metode waarby uit een skool 'n aantal verstandelikvertraagde leerlinge, met defini-

tielwe gedragsprobleme volgens die onderwyspersoneel, geneem is om te dien as proefpersone. Die bedoeling is om met so 'n ontleding sekere algemeenhede asook diversiteit te probeer vasstel en om te sien of met die gebruikte metodes tot 'n insig aangaande die persoonlikheidsproblematiek gekom kan word. So 'n insig en begrip sal die benadering, terapie en opvoeding moet beïnvloed. Hoewel groter steekproewe meer algemeengeldende resultate tot gevolg sal hê, sou so 'n wye ondersoek buite die grense van 'n verhandeling val.

By die skool waar die ondersoek gedoen is, is tien seuns en tien dogters geselekteer om te dien as proefpersone. Hierdie spesifieke kinders is gekies omrede:-

- a. Hulle nie mooi aanpas in die skoolsituasie nie.
- b. Hulle het 'n stremmende invloed op die res van die groep wat saam met hulle onderrig word.
- c. Hulle baat nie ten volle by die onderwys nie, aangesien bepaalde stremmings en blokkerings hulle weerhou om tot die volheid van hulle potensiaal te ontwikkel.

Van elke proefpersoon is die maksimum gegewens deur middel van kliniese geskiedenis, agtergrondstudie, huisbesoek en gegewens vervat in hul S.P.E.D. 1 - boekies, ingesamel. Laasgenoemde is 'n boekie amper soortgelyk aan die Ed. Lab.-kaart, maar dit bevat meer gegewens.

Hierna is die Suid-Afrikaanse Prent-Analise-Toets individueel op elke leerling toegepas en ontleed.

Die finale stap was om al die gegewens wat so verkry is bymekaar te voeg; om hieruit dan die geheelbeeld van die persoonlikheidsstruktuur van elke proefpersoon te verkry en om uit al die gegewens op enkele tendense te wys.

Die Suid-Afrikaanse Prent-Analise-Toets word meer in besonder in hoofstuk 3 bespreek, aangesien dit 'n redelike nuwe projeksietoets is.

Die ontleding van die gevalle word in hoofstuk 4 beskryf en daarna volg in hoofstuk 5 'n kort samevatting.

HOOFSTUK 2.STIELKUNDIGE ANALISE VAN DIE SPESIALE SKOOL-LEERLING.Inleiding:

"Dit kan seker sonder gevaar van teësprak beweer word dat die behandeling van geestelikminderwaardiges van die wreedste hoofstukke in die geskiedenis van die mensdom beslaan. By die barbaarse stamme in die vroegste beskawings is die verstandeliksabnormales eenvoudig uit die groep gewerp om eventueel te vergaan. Die Spartane het gevrees dat dié persone hulle volk sou laat degenerere en het hulle gevolglik meedoënloos uitgedelg. Selfs gedurende die verligste dae van die Griekse beskawing het dié persone nie veel beter gevaar nie. Hulle is met die Griekse woord "idios" beskryf, wat daarop neerkom dat hulle deur die demoniese in besit geneem is. Ook is hulle in die reël aan hulleself oorgelaat, met die onvermydelike en onverbiddelike resultaat van afsterwe. By 'n verdere historiese eksplorasië van hierdie onderwerp blyk dit dat ook gedurende die periode van reformatie van die Europese geskiedenis daar talle voorbeelde van vervolging van die verstandelikafwykendes gevind kan word, 'n lot waaraan ook die ander geestelikontwrigtes dikwels nie ontkom het nie. Elke persoon wat as gevolg van swak verstand of ander redes nie hy magte was om te voldoen aan die eise van die onderlig van die Katolieke en Protestante nie, is wreedaardig vervolgt. Sonder twyfel het die verstandeliksabnormales 'n groot gedeelte van die 100,000 sogenaamde hekse wat in hierdie twee-eeuperiode om die lewe gebring is, uitgemaak.

Daar was egter ook kenmerkende uitsonderings op die reël. So vroeg as die begin van die 17de eeu is 'n inrigting deur St. Vincent de Paul geopen, waar verstotelinges soos byvoorbeeld die verstandeliksabnormales skooling gevind het. Daarna was dit persone soos Locke en Rousseau wat pleidooie gelewer het vir dié kinders wat vroeër as uitgeworpenes behandel is. Hulle lê veral daarop klem dat die kinders wat verstandelik nie so goed bedeele is nie, ook en veral geleentheid moes kry

vir formele onderwys. Dit was egter veral laasgenoemde wat dit sterk beklemtoon het dat die onderrig in harmonie met die kind se vermoëns gebring moes word. Nog 'n persoon wat in hierdie verband eervolle vermelding verdien, is Jean Itard, met sy poging tot opvoeding en onderwys aan die Wilde Seun van Aveyron, wat hy in die woude van Suid-Frankryk gevind het. Alhoewel hy na 'n jaar teleurgesteld moes toegee dat hy weinig sukses behaal het, het hy algemene bewondering met sy pogings afgedwing en was dit onder die invloed van sy pogings en daarmee gepaardgaande insigte dat Edward Seguin, 'n leerling van Itard, in 1837 in Parys 'n skool vir geestelik- en verstandelikafwykendes gestig het. Hy emigreer in 1848 na Amerika, waar hy die grondslag van navorsing oor subnormale kinders lê. Sy eie navorsing het voorts 'n groot bydrae gelewer tot die totstandkoming van verskeie skole vir subnormale kinders.

In Suid-Afrika was dit nooit praktyk om teenoor sy geestelik- en verstandelikminderbevoorregtes te diskrimineer nie. Hulle is inteeendeel steeds met die grootste menswaardigheid behandel, en om hierdie rede is daar ook heel vroeg in die geskiedenis van hierdie land voorsiening gemaak vir die onderwys aan subnormale leerlinge. So is daar in Kaapland so vroeg soos 1894 voorsiening gemaak vir die onderwys aan imbesiele en is daar in dieselfde jaar 'n omvattende ondersoek gedoen na die onderwys van subnormale kinders. Hierna is prof. Strassheim as eerste psigoloog benoem, met die opdrag om spesiale klasse te stig en die algemene organisasie van hierdie klasse te behartig. In dieselfde tydperk het ook Transvaal en die Vrystaat 'n begin gemaak om spesiale klasse te organiseer, terwyl Natal die voorbeeld in die veertiger jare gevolg het. Hierna is in toenemender mate voorsiening gemaak vir kinders wat aangewese was op buitengewone onderwys, sodat die onderwyswet van 1948 selfs die magte en verantwoordelikhede aan die provinsies deleger om vir buitengewone onderwys voorsiening te maak. Daarna het daar 'n aansienlike toename van buitengewone onderwys gevolg, waarby dit blyk dat daar in Transvaal bv., in 1961 sestig spesiale skole bestaan met 'n leerlingtal van 3030 terwyl die gegewens

in 1966 as volg daaruit sien:- 24 skole en 5,817 kinders." (Gruws S.J.L.) (5).

### INTELLIGENSIE EN SUBNORMALITEIT:

Leerlinge word aan 'n spesiale skool geplaas op grond van swak skolastiese prestasie, (2 jaar gedruip) en omdat hulle 'n beperkte I.K. het. Heel dikwels word die terme "verstandelik vertraag" en "subnormaal" dan ook beskou as beskrywend van leerlinge aan spesiale skole. Die term "intelligensie" is meer op die voorgrond by spesiale skole as by gewone skole. Dit is heel verstaanbaar, aangesien dit een van die redes is vir plasing aan 'n spesiale skool; of anders gestel - dit is een van die voorwaardes vir plasing aan 'n spesiale skool.

Wanneer ons die term "subnormaal" gebruik, bedoel ons in werklikheid "subnormaal ten opsigte van intelligensie". Om dus subnormaliteit te kan verklaar, moet die begrip intelligensie nader beskou word.

Die woord intelligensie het vir baie jare slegs populêre betekenis gehad. Die wetenskaplike betekenis is eers in 1911 daaraan toegevoeg, toe die Franse regering opdrag gegee het aan twee persone, Binet, 'n sielkundige, en Simon, 'n medikus, om toetse op te stel deur middel waarvan daar sou kan vasgestel word of kinders dom of slim is, sodat hulle in die skole van mekaar geskei kon word. Hulle het tse reeds bestaande toetse ondersoek, om indien nodig nuwes te ontwerp, en 'n toetskool op te stel waardeur die verstandsbekwaamheid van kinders gemeet kon word. (Jansen van Rensburg J.A.) (6).

Binet en Simon was dus van die eerste persone om sogenaamde intelligensietoetse saam te stel. Baie het na hulle gevolg, onder andere Stern, Terman, Thurstone, Wechsler en nog baie ander. Ook in Suid-Afrika het verstandstoetse die lig gesien. In 1925 het daar van dr. E. Eybers die "Grey Hersiening van die Binet-Terman Intelligensietoetse geadapteer en voorlopig gestandaardiseer vir die Suid-Afrikaanse kind", verskyn. In 1929 het die Kaapse Onderwysdepartement die "Kaapprovinsie Individuele Intelligensieskaal vir Afrikaanssprekende Kinders," uitgegee. Intussen is in 1927 'n skaal vir Suid-Afrikaanse toestande deur dr. M.L. Fick, opgestel, meer bepaald met die doel om agterlike kinders

uit te soek. Dit is bekend as die "Official Mental Hygiene Individual Scale." In 1939 het dr. Fick hierdie skaal van hom hersien. Onder leiding van prof. dr. R.W. Wilcocks is die "Suid-Afrikaanse Groepsverstandstoets" opgestel. Die jongste toets op die mark is die "Nuwe Suid-Afrikaanse Groepstoets." (Jansen van Rensburg, J.A.) (6).

Om intelligensie te definieer, is 'n moeilike taak. Daar is soveel definisies en elkeen lê klem op verskillende aspekte van intelligente handeling. Oor die presiese aard van intelligensie het ons min kennis, en die leemtes word maar met spekulasie en teorieë aangevul.

"Die baie pogings om intelligensie te omskryf, kan geklassifiseer word volgens dié aspek van intelligente handeling wat beklemtoon word.

a. Definisies wat nadruk op aanpassing aan die omgewing as geheel of aan sekere aspekte daarvan lê. Hiervolgens is intelligensie die vermoë om deur middel van bewuste dinkprosesse by nuwe omstandighede aan te pas of aan nuwe vereistes te voldoen (bv. Stern 1914).

b. Definisies wat die nadruk op die leervermoë lê. Daar is reeds dikwels bewys dat daar 'n positiewe verband tussen intelligensie en leervermoë bestaan waaruit dan afgelei word dat die twee begrippe met dieselfde eienskappe te doen het. Soms word daar van opvoedbaarheid in plaas van intelligensie gepraat.

c. Definisies wat die nadruk op abstrakte dinkprosesse lê. Die vermoë om abstrak te dink, kom hoofsaaklik neer op die vermoë om simbole in die bewussyn doeltreffend te hanteer, om probleme op te los, verhoudings in te sien, algemene beginsels te abstraheer, afleidings te maak, te redeneer, korrelate te reduseer, ens.

d. Meer omvattende definisies verbind soms elemente van meer as een van bogenoemde drie tipes, en brei daarop uit. Voorbeelde: Intelligensie is die totale of globale vermoë van die individu om doelgerig te handel, redelik te dink, en doeltreffend op te tree ten opsigte van sy omgewing. (Wechsler).

Intelligensie is die vermoë om handelinge uit te voer of te onderneem wat gekenmerk word deur (1) moeilikheid, (2) ingewikkeld-

heid, (3) abstraktheid, (4) ekonomie (dit wil sê spoed), (5) aanpassing by 'n doel, (6) sosiale waarde, (7) oorspronklikheid, en om sulke aktiwiteit vol te hou onder omstandighede waar konsentrasie van energie en weerstand teen die inwerking van emosionele kragte vereis word. (Stoddard) (7).

Intelligensie kan op verskillende maniere uitgedruk word:

VERSTANDSOUDERDOM: (V.O.)

Hierdie term is deur Binet en Simon ingevoer. Dit meet die graad van intellektuele vermoë van die individu en dit word gemeet in terme van die kronologiese ouderdom van die gemiddelde persoon, van ooreenstemmende intellektuele vermoë. 'n Kind van ses jaar wat al die toetse van die ses jaar peil kan doen, maar nie die van sewe jaar nie, het 'n V.O. van ses jaar en is normaal. As 'n ses-jarige kind nie die vyf-jarige toetse kan doen nie, het hy 'n V.O. van vier jaar en is verstandelik subnormaal. 'n Kind is dus alleen van hoër intelligensie as hy hoër kan presteer as die ander kinders van sy ouderdom. (Thorpe, L.P. en Katz, B.) (10).

PERSENTIELRANGE:

Dit is die metode waarin aangetoon word watter persentasie van die groep hoër presteer as die individu of watter persentasie laer presteer as hy. As 'n kind dus 'n persentielrang van 70% behaal, beteken dit dat 69% swakker presteer het en 30% beter presteer het. (Thorpe, L.P. en Katz, B.) (10).

DIE INTELLIGENSIEKWOSIËNT: (I.K.)

Hierdie term word die meeste gebruik en kan omskryf word as die verhouding van die verstandsouderdom tot die kronologiese ouderdom; uitgedruk as 'n persentasie.

$$I.K. = \frac{V.O.}{K.O.} \times \frac{100}{1}$$

Dit stel ons in staat om te sê hoe skrande of vertraag 'n persoon verstandelik is en hoe ons hom wetenskaplik kan klassifiseer

op 'n basis van toetstellings in terme van wat ons sy natuurlike intellektuele vermoë kan noem. (Morgan, C.T. ) (9).

Die intelligensiekwosient kan soos volg volgens Thorpe en Katz geklassifiseer word.

| <u>I.K.</u> | <u>Klassifikasie</u>     |
|-------------|--------------------------|
| 0-24        | Idioot                   |
| 25-49       | Imbesiel                 |
| 50-69       | Moroon                   |
| 70-79       | Grensgevalle             |
| 80-89       | Dom (agterlik)           |
| 90-109      | Normaal (gemiddeld)      |
| 110-119     | Superieur.               |
| 120-139     | Baie Superieur           |
| 140-en bo   | Byna geniaal of geniaal. |

Waar pas die leerling aan 'n spesiale skool nou in hierdie patroon in. In Transvaal is die I.K.-syfers tussen 50 en 80, terwyl in die Kaapprovinsie leerlinge met 'n I.K. tot 90 na spesiale skole gestuur word.

Leerlinge met 'n subnormale intelligensie kan dus na 'n spesiale skool gestuur word as die skolastiese prestasie nie na wense is nie.

Wanneer ons nou weer die term "subnormaliteit" beskou, kan ons dit soos volg probeer verklaar: In sy eenvoudigste vorm sal dit omskryf kan word as 'n persoon met 'n intelligensiekwosient van minder as 90. So eenvoudig is dit egter nie, aangesien die I.K.-syfer slegs 'n geringe deeltjie van die oneindige universum van intellektuele gedrag is. Die volgende omskrywings en definisies gee 'n beter begrip van wat onder subnormaliteit verstaan word.

E.A. Doll (11) noem dit sosiale onbevoegdheid, te wyte aan ondernormale intellektuele vermoëns waarvan die ontwikkeling versteur is. Daar word gewoonlik gepraat van die ses kriteria van Doll:-

1. Sosiale onbevoegdheid. Dit dui op 'n onvermoë om eie sake te behartig, om ekonomies selfstandig te wees en om die gewone verantwoordelikhede van burgerskap na te kom.

2. Dit word veroorsaak deur 'n ondernormale verstand, en dit is duidelik dat die sosiale onbevoegdheid nie deur fisiese onvermoë of iets dergeliks veroorsaak word nie.
3. Laasgenoemde ontstaan as gevolg van 'n vertraging in ontwikkeling en dit onderskei verstandelike vertraging van geestelike deteriorasie soos wat by sielsiekte of epilepsie gevind word.
4. Dit is 'n toestand wat voortduur tot volwassenheid.
5. Dit het 'n konstitusionele oorsprong. Dit wil sê daar is 'n oorerflike gebrek aan potensiaal vir normale ontwikkeling, of dit word voortgebring deur trauma, siekte of ontneming.
6. Dit is ongeneesbaar en onveranderbaar. Gewoontevorming en die aanleer van roetine-aktiwiteite is egter moontlik.

G.Orville Johnson (12) definieer dit soos volg:

*"The mentally handicapped are defined as those children who are so intellectually retarded that it is impossible for them to be adequately educated in the regular classroom. They are however, educable in the sense that they can acquire sufficient knowledge and ability in the academic areas that the skills can and will become useful and useable tools. Further, they have a prognosis of social adequacy and occupational or economic selfsufficiency as adults. They will be able to apply the skills learned during the years of their formal education, toward maintaining an independent social and economic existence as adults."*

Baker (13) gee die volgende definisie:

*"In the main, the educationally retarded include those whose educational progress is not up to expectation after most of the usual causes of school retardation have been explored and allowances made for them."*

Tredgold (14) definieer die toestand as *"..... a state of incomplete mental development of such a kind and degree that the individual is incapable of adapting himself to the normal environment of his fellows in such a way as to maintain existence independently of supervision, control, or external support."*

Laat ons volstaan met dié definisie wat gegee word in die "Verslag van die inter-departementele komitee oor afwykende kinders" (Malan, de Vos, e.a.) (15) Hulle stel dit so:

"'n Verstandelik-afwykende kind is 'n kind wat op grond van gebrekkige verstandesvermoë nie behoorlik voordeel uit die gewone onderwys kan trek nie, maar wat wel behoorlik kan vorder in 'n spesiale klas of skool. In die reël sal sulke kinders 'n intelligensiekwosiënt van tussen 50 en 80 toon, maar tot hulle sal ook gereken word enkele gevalle met 'n I.K. tussen 45 en 50, as hulle opvoedbaar geag word."

#### ETIOLOGIE VAN SUBNORMALITEIT:

Kisker (16) vereenselwig hom met "The Manual on Terminology and classification in Mental Retardation" se klassifikasie van agt ver- naamste groepe van oorsake van verstandelike vertraging. Hierdie agt groepe sluit in verstandelike vertraging geassosieer met siektes en siektetoestande as gevolg van:-

- a. infeksie,
- b. intoksikasie, (bedwelming)
- c. trauma,
- d. verstewing ("disorders") van metabolisme, groei en voeding.
- e. nuwe groeisel,
- f. onbekende voorgeboortelike invloede,
- g. onbekende of onsekere organiese oorsaak, en
- h. onsekere, of vermoedelike psigologiese oorsaak.

Die eerste sewe van hierdie groepe van oorsake het **defini-** tieve fisiese simptome, terwyl die agste groep, verreweg die grootste in terme van aantal gevalle, uit ongedifferensieerde gevalle saamge- stel is.

#### a. Vertraging geassosieer met infeksie:

'n Infeksie van die moeder voor geboorte mag 'n direkte in- vloed op die brein van die fetus hê. 'n Moeder met sifilitiese **infek-** sie kan die siekte na die ontwikkelde fetus oordra. Die kind mag dan die kenmerkende tekens van die oorgeërfde sifilistiese infeksie ontwik- kel, insluitende abnormaliteit van die brein, skedel, tande en oë.

In 'n aantal van die gevalle is verstandelike vertraging 'n prominente simptome. Moeders wat masels gedurende die eerste drie maande van swangerskap kry, kan die fetus op 'n soortgelyke wyse beïnvloed. Die suigling mag simptome soos doofheid, oogulek en verstandelik vertraging openbaar.

'n Verskeidenheid van ander voorgeboortelike infeksietoe-stande mag verstandelike vertraging by die kind veroorsaak, onder andere virusinfeksie. Daar is vasgestel dat ongeveer 5% van alle gevalle van verstandelike vertraging toegeskryf kan word aan een of ander soort breininfeksie.

**b. Vertraging geassosieer met intoksikasie:**

In enkele gevalle mag vertraging veroorsaak word deur intoksikasie van die moeder gedurende swangerskap. Koolstofmonoksied, loodvergiftiging, arsenik en ander giftowwe mag die oorsaak hiervan wees. Vergiftiging van suigeling deur middel van loodvergiftiging, insekdoders en ander giftige bestanddele, mag permanente breinbeskadiging of verstandelike vertraging tot gevolg hê.

**c. Vertraging geassosieer met trauma:**

In hierdie groep word verstandelike vertraging geassosieer met fisiese trauma (skok of besering) in die vorm van besering voor geboorte, gedurende geboorte, of direk na geboorte. Voorgeboortelike besering kom selde voor maar is tog moontlik. Die beste voorbeeld van verstandelike vertraging as gevolg van 'n voorgeboortelike fisiese besering, is X-straal bestraling van die uterus gedurende swangerskap. Die tipe en die graad van beskadiging hang af van die ontwikkeling van die fetus. Gedurende die eerste drie maande van swangerskap kan bestraling verstandelike vertraging tot gevolg hê.

Van groter belang is besering gedurende geboorte; die besering kan in 'n mindere of ernstige graad voorkom. Dit is moeilik om 'n gedragspatroon vas te stel van kinders wat breinbeserings gedurende geboorte opgedoen het, aangesien die omvang en die ligging van die besering so varieer. Verskeie simptome is dus moontlik.

By sommige kinders is daar algemene verstandelike vertraging, by ander is die vertraging beperk tot 'n meer spesifieke onvermoë. Daar word geskat dat breinbesering die oorsaak van verstandelike vertraging in ongeveer 5% van gevalle in inrigtings is.

Serebraalverlamde pasiënte maak ongeveer 6-8% van die inwoners van inrigtings vir verstandelike vertraging uit. Daar word ook geskat dat die voorkoms van verstandelike vertraging onder serebraalverlamdes, ongeveer 50% is.

In enkele gevalle mag 'n gebrek aan suurstof gedurende geboorte die oorsaak van verstandelike vertraging wees, aangesien die breinselle uiters afhanklik van suurstof is en hierdie selle maklik beskadig kan word wanneer die suurstoftoevoer afgesny word, of die toevoer nie voldoende is nie.

In sommige gevalle mag toevallige breinbeserings, soos die afval van 'n stoel, bed, ens., die oorsaak van verstandelike vertraging wees.

d. Vertraging geassosieer met versteuring van metabolisme, groei en voeding:

Van die noukeurigste studies is gemaak van verstandelike vertraging wat geassosieer word met versteuring van metabolisme, groei en voeding. Die belangrikste versteuring van vet-metabolisme is Tay-Sach se siekte. By hierdie versteuring vertoon die suigling normaal by geboorte. Die kliniese tekens maak eers hul verskyning tussen een maand en een jaar. So 'n kind word apaties, die spiere is swak, die kop kan nie stil gehou word nie en die vermoë om voorwerpe te vat, verdwyn. Gewoonlik is daar visuele deteriorasie wat spoedig tot blindheid lei. Die dood tree gewoonlik binne 'n paar jaar in.

Phenylketonuria is die belangrikste versteuring van proteïën-metabolisme wat met verstandelike vertraging geassosieer word. 'n Aantal karakteristieke fisiese simptome, tesame met verskillende grade van subnormaliteit, kenmerk hierdie siekte. Daar is gevind dat die siekte verantwoordelik is vir tussen 0.5 en 1% van verstandelike vertraging in inrigtings. Ander versteurings van proteïënmetabolisme sluit Wilson se siekte en porphyria in.

Die beste voorbeeld van versteuring van koolhidraatmetabolisme is galactosemia. Die suigling wat simptome-vry is by geboorte, toon die versteuring wanneer hy op die gewone melkdieet geplaas word. Die kind verloor sy eetlus, kry geelsug en vomeer. Die vernaamste simptome van galactosemia is oogulek, vergrote lewer en verstandelike vertraging.

Nog 'n versteuring is kretinisme ("hypothyroidism") Gedurende die eerste paar maande na geboorte word die simptome opvallend. Die ouer kind is gewoonlik dwergagtig met growwe trekke. Daar is 'n algemene voorkoms van apatie en onnoselheid. In die meeste gevalle sit die buik uit wat aan die persoon 'n kenmerkende voorkoms gee. Verstandelike vertraging by die onbehandelde gevalle is 'n konstante simptome.

e. Vertraging geassosieer met nuwe groeieisels:

Een van die siektes in hierdie groep is Von Recklinghausen se siekte; 'n toestand gekenmerk deur koffiekleurige kolle op die vel. Huidgroeieisels kan ook voorkom. In die meeste gevalle is die intelligensie normaal, alhoewel verstandelike vertraging van verskillende grade mag voorkom.

f. Vertraging geassosieer met onbekende voorgeboortelike invloede:

Hierdie groep bestaan uit 'n aantal mediese toestande wat met verstandelike vertraging geassosieer word alhoewel baie, swaksinnigheid tot gevolg kan hê.

1. Anencephalie: Hierdie toestand word gekenmerk deur afwesigheid van die serebrum, serebellum en plat bene van die skedel.
2. Porencephalie: In hierdie geval is die brein sponsagtig en groot tregtervormige holtes kom voor.
3. Hydrocephalie: Algemeen bekend as waterhoofdigheid. Dit kan plaasvind as gevolg van die ophoping van vog in die breinkamers of direk onder die skedel.
4. Hypertelorisme: In hierdie geval vind 'n abnormale ontwikkeling van die skedel, hoofsaaklik die wigbeen plaas. Die afstand tussen die oë vergroot en in ernstige gevalle skyn dit asof die oë aan die kant van die kop sit.

5. Macrocephalie: Daar vind 'n toename in die grootte en gewig van die brein plaas. Staan algemeen bekend as groothoofdigheid.
6. Microcephalie: Dit is die teenoorgestelde van Macrocephalie. Die gesig en die onderste deel van die kop bly relatief normaal, terwyl die klein skedel bo na 'n punt loop.
7. Acrocephalie: Word gekenmerk deur 'n hoë smal voorkop wat skuins afloop na 'n hoë punt en 'n toringagtige skedel vorm.
8. Scaphocephalie: Hier vind geen sydelingse ontwikkeling van die skedel plaas nie; die skedel ontwikkel wel na vore en agter.
9. Mongolisme: Die mongool is ietwat kleiner as die gemiddelde met 'n ronde gesig en winkbroue wat skuins afloop. Die mond is klein en in meeste gevalle is daar iets met die tong verkeerd. Elastisiteit ontbreek by die vel en die hande en voete is kenmerkend.

g. Vertraging geassosieer met onbekende organiese oorsaak:

By hierdie groep is die oorsaak onbekend of onseker. Neurologiese en fisiese simptome is prominent. Daar word gereken dat die meeste van genetiese aard is. Hierdie toestande kom betreklik min voor en sluit serebrale degenerasie en verspreide sklerose in.

h. Vertraging geassosieer met vermoedelike psigologiese oorsake:

By hierdie groep is daar die afwesigheid van organiese oorsake. Hierdie groep maak die grootste persentasie van al die groepe tot dusver genoem uit.

In hierdie groep val oorerwing. Dit is seker een van die toestande wat die meeste ondersoek is en waaroor ook die meeste verskil word. Wat word presies verstaan onder die begrip "oorerwing"? Thorpe en Katz (10) definieer dit soos volg: "Physical and other possible characteristics transmitted through the germ plasm from generation to generation are considered hereditary."

Volgens Britt (17) is oorerwing en omgewing so ineengestren- gel dat hulle nouliks apart geëvalueer kan word. Hy meen egter dat daar oortuigende bewyse is dat oorerwing verantwoordelik is vir ver- standelike vermoë. Ongelukkig staaf hy nie hierdie bewering van hom nie.

Een van die bekende redenasies vir die rol van oorerwing word verskaf deur Goddard (18) in sy studie van die Kallikakfamilie. Nog 'n voorstander van oorerwing as oorsaak van subnormaliteit is Rosanoff wat identiese tweelinge bestudeer het. Conrad, 'n ander ondersoeker op dieselfde terrein, het tot dieselfde gevolgtrekking gekom. (Thorpe, L.P. en Katz, B.) (10)

Thorpe en Katz (10) sien die teenswoordige toestand betreffende oorerwing soos volg:

"..... amaurotic family idiocy, is apparently due solely to hereditary influences. This disorder, a condition of mental deficiency, is believed to be inherited as a Mendelian recessive. There is no conclusive evidence that any other types of mental deficiency are biologically inherited."

Morgan (19) beklemtoon ook die rol van die omgewing as hy sê: "even though a person may have a certain tendency through heredity, this tendency can only operate under favorable environmental circumstances; and that one can, by placing him in situations where the hereditary factors become practically inoperative, produce an individual who shows few manifestations of having inherited the characteristic in question."

Ook die vastelandse sielkundiges en opvoedkundiges is dit eens oor die belangrike rol van omgewing. Wjngaarden stel dit so: "Het erfgoed geeft de mogelijkheden, het milieu en de samenleving beslissen middellijk over de vraag, welke van dese mogelijkheden sullen worden gerealiseerd." (Wjngaarden, H.R.) (20)

In Suid-Afrika het Langenhoven (21) ook navorsing gedoen oor die rol van omgewing in sy werk "Toetsintelligensie en Omgewingsfaktore." Hy het bevind dat die geldigheid van 'n intelligensietoets verhoog kan word, deur inagneming van omgewingsfaktore soos, die huis, skool en buurt, by die interpretasie van toetsresultate. Hy het ook bevind dat by leerlinge wat goed presteer die omgewings- en sosio-ekonomiese toestande gunstig is en vice versa. Dit bly egter 'n ope vraag of dit nie weer wys op oorerwing nie, aangesien die kind wat beter presteer se ouers oor die nodige intelligensie beskik het om

*hulleself beter in die samelewing te handhaaf, en omgekeerd.*

*Daar sal nog baie ondersoek gedoen moet word oor die rol van oorerwing as sodanig, voordat 'n besliste uitspraak oor hierdie netelike kwessie gegee kan word. Laat ons volstaan met die opsommings wat Du Toit en Van der Merwe (7) gee: "Opsommend blyk dit:-*

*1. dat potensiële intellektuele vermoë in die eerste plaas afhanklik is van 'n doeltreffend-georganiseerde sentrale sensuueestelsel wat van die ouers geërf word en onveranderlik vasgestel is op die oomblik van konsepsie, en dat niemand op enige wyse, deur enige omgewingsinvloede, daartoe gebring kan word om die boonste grens wat deur sy erflikheid bepaal word, te oortref nie;*

*2. dat ongunstige omstandighede, veral gebrek aan stimulerende en verrykende ervarings, emosionele gebrek en steuring, gebrek aan geleenthede om te leer, gebrek aan motiverende invloede, ens., daartoe kan lei dat iemand nie intellektueel op sy hoogste potensiële peil funksioneer nie, sodat dit wel in baie gevalle moontlik is om 'n skynbare verbetering te bewerkstellig deur belemmerende invloede te verwyder, beter omstandighede te verskaf, beter metodes te leer en motivering te verhoog."*

#### GEDRAGSAFWYKINGS:

*"Gedrag in sy breedste konnotasie is die reaksie van die individu teenoor sy milieu. Wanneer hierdie reaksie sodanig is dat dit ooreenstem met die algemene gangbare reaksie in daardie milieu dan is sodanige gedrag normaal. Wanneer die reaksie van die individu egter in botsing kom met die geaksepteerde manier van reageer, of opvallend daarvan verskil, dan wyk die gedrag af." (Malan, de Vos W., e.a.) (15)*

*Dit is opvallend hoe dikwels die reaksie van die spesiale skool-leerling in botsing kom met die geaksepteerde manier van reageer, of opvallend daarvan verskil.*

*Burt (22) maak die volgende bewering:*

*"The commonest characteristic that distinguishes the delinquent from the non-delinquent is not a certifiable deficiency, but a retardation in mental development, sufficient to handicap him in every way, but not enough to enable him to be dealt with under the Mental Deficiency Act.*

*Four out of every five among my cases fall below the middle line of average ability."*

*Rothstein (23) stem hiermee saam maar wys daarop dat bykomstige faktore soos arm huise, alkoholisme, mislukkings op skool, ens., almal hul invloed het op die verwantskap tussen 'n lae I.K. en jeugmisdaad.*

*Van der Walt (24), die hoof van die Loopspruitse Kliniekskool, toon in opnames wat by genoemde skool gemaak is, dat daar 'n korrelasie tussen swak intellektuele vermoë en gedragsafwykings bestaan. Die hoogste korrelasie word aangetref by die I.K.-groep 81-90 (verwys tabel 1).*

### DEFINISIE:

*In die "Verslag van die inter-departementele komitee oor afwykende kinders," word 'n gedragsafwykende kind soos volg gedefinieer: "In Gedragsafwykende kind is derhalwe 'n kind wat weens konstitusionele aanleg of weens verkeerde opvoeding, opvattinge en ideale, en die vorming van verkeerde gewoontes, afwykings in sy gedrag van die deur die gemeenskap geaksepteerde norm toon, wat die vordering in sy studies en in sy aanpassing in die gemeenskap belemmer, en wat, by afwesigheid van gepaste behandeling, moontlik tot wanaanpassing, insluitende misdaad, in die algemene gemeenskap kan lei.*

*Hierdie definisie sluit twee aspekte van die gedrag in:*

*(a) waar die gedrag dikwels en opvallend afwyk van die norm deur die gemeenskap vereis en gevolglik botsings tussen die individu en ander persone in sy omgewing veroorsaak; en*

*(b) waar die gedrag persoonlikheidshoudings openbaar wat opvallend afwyk van die soort gedrag wat algemeen as gesond vir 'n bepaalde ouderdom aangeneem word, bv. die modelkind of die uiterste dagdromer."*

*Wanaangepaste kinders word dus hier onder gedragsafwykendes geklassifiseer. 'n Kind wat hom nie behoorlik in die maatskappy kan aanpas nie, skep probleme vir homself en vir diegene met wie hy in aanraking kom; daarom word hy soms ook 'n probleemkind genoem.*

TABEL 1I.K.-VERSPREIDING AUGUSTUS 1963 EN 1966.LOOPSPRUIT KLINIEKSKOOL

| I.K.          | Onder<br>70 | 71-80 | 81-90 | 91-100 | 101-110 | 111<br>en<br>hoër | Totaal | I.K. ni<br>beskik-<br>baar. |
|---------------|-------------|-------|-------|--------|---------|-------------------|--------|-----------------------------|
| St. 1         |             |       | 2     |        |         |                   | 2      |                             |
| 2             |             | 1     | 4     | 2      | 2       | 1                 | 10     |                             |
| 3             |             | 2     | 5     |        | 1       |                   | 9      | 1                           |
| 4             |             | 1     | 8     | 7      | 2       | 1                 | 20     | 1                           |
| 5             |             |       | 14    | 4      | 1       | 1                 | 20     |                             |
| 6A            |             | 2     | 9     | 14     | 9       | 3                 | 37     |                             |
| 6B            | 1           | 5     | 21    | 9      | 3       | 2                 | 42     | 1                           |
| 6C            |             | 8     | 15    | 3      | 1       |                   | 27     |                             |
| 7A            |             | 2     | 8     | 19     | 11      | 4                 | 45     | 1                           |
| 7B            |             | 3     | 29    | 12     | 2       |                   | 46     |                             |
| 7C            |             | 7     | 19    | 12     | 5       |                   | 43     |                             |
| 8A            |             |       | 6     | 13     | 7       | 7                 | 33     |                             |
| 8B            |             | 1     | 15    | 13     | 3       |                   | 32     |                             |
| Spes. Junior  | 6           | 8     | 1     |        |         |                   | 15     |                             |
| Spes. Middel  | 6           | 7     | 2     | 1      |         |                   | 16     |                             |
| Spes. Seniors | 8           | 23    | 3     |        |         |                   | 34     | 2                           |
| Totaal        | 21          | 70    | 161   | 109    | 47      | 19                | 433    | 6                           |

SWAK INTELLEKTUELE VERMOË AS FAKTOR BY GEDRAGS-  
AFWYKINGS.

Volgens Millard (25) is daar 'n verwantskap tussen sedelike gedrag en karakter. Hy sê: "Morality implies conformity with, and acceptance of existing standards. It includes self-control, awareness of one's rights, reaction to authority, and skill and insight into group relations." 'n Gedragsafwykende sal dan 'n persoon wees wat nie bestaande norme aanvaar nie, nie selfbeheer kan beoefen nie, nie bewus is van sy regte nie, nie gesag kan aanvaar nie, en wat weinig insig het in goeie verhoudinge.

Van der Walt (24) noem 'n gedragsafwykende "een wat sy behoeftes en drange bevredig op 'n wyse wat deur die samelewing afgekeur word. Elke mens het vanaf geboorte basiese drange en behoeftes wat bevredig moet word in ooreenstemming met die vereistes en kodes van die sosiale omgewing. In sy pogings om hierdie behoeftes te bevredig, ervaar hy telkemale frustrasies wat hom genoodsaak om sy wyse van uitlewing te wysig om die frustrasie te oorkom.

Indien die kind by frustrasie van sy behoeftes, misluk in sy pogings om sy handeling so te wysig dat hy sy doel bereik, word hy nogtans gedwing deur die aanwesige spanning om tot handeling oor te gaan, ten einde sy ewewig te behou. Substituuthandelinge, ook simptome genoem, is dan die gevolg. Sodanige mislukte pogings word dan 'n gedragsafwyking of wanaanpassing genoem."

#### OORSAKE:

Afwykende gedrag kan veroorsaak word òf deur die konstitusionele aanleg van die persoon òf deur sy omgewing, waarby ingesluit is liggaamlike, geestelike en verstandsfaktore, verkeerde opvoeding (tuis en elders) en verkeerde gewoontes, ideale en onbevredigde drange, òf deur aanleg asook omgewing. (Malan, de Vos W. e.a.) (15)

In sy boek "Pedagogiese Verwaarlosing" wys Nel (26) daarop dat die kind wat onveilig voel nie in staat is om sy wêreld te eksploreer nie. Hierdie kind kan nie vir hom 'n veilige wêreld konstitueer nie wat weer legio van moontlike gedragsafwykings inhou. Wat die buitewêreld betref, kan een van twee dinge gebeur: of die buitewêreld lok hom glad nie, of hy soek onbehoorlike vasknooppunte in die buitewêreld wat hom veiligheid bied, soos bv. opgaan in 'n bende, die dra van uitspattige klere, pleging van diefstal, ens.

Ander ondersoekers beklemtoon ewe-eens die rol van sekuriteit as veroorsakende faktor by gedragsafwykings. Bradley (27) beweer: "Discouragement on the part of the child may lead to total withdrawal or behaviour problems. Some of these children will present most any type of behaviour to gain some degree of attention, either positive or negative. One fourteen year old girl, with limited academic ability, explained her resent aggressive behaviour in the following terms: "Nobody says nothing to me when I'm good and try to do my work. But they just carry on when I do bad things. I've been trying hard for a long time but nothing ever come of it. Kids that act up have all the fun."

Bradley wys ook daarop dat in die klaskamer daar orde en reëlmaat moet wees, aangesien roetine gewoonlik 'n mate van sekuriteit bewerkstellig, mits dit versigtig en met volle begrip deur die leerlinge in die klas opgebou word.

Van der Walt (24) gee die volgende aaneenskakelende en soms gekompliseerde faktore by gedragsafwykings :-

(a) Gebroke huise (egskeidings).

Die kind van wie die ouers geskei is of besig is om te skei, is gefrustreerd en verward. Sy lewensankerpale is uitgeruk en nou ondervind hy sterk onsekuriteitsgevoelens. Die meeste van dié kinders toon dan ook sterk kleptomaniese neigings. Hulle steel om vir iets wat ontbreek te kompenseer.

(b) Huweliksonenigheid:

Baie nadeliger nog as egskedding is huweliksonenigheid wat dit voorafgaan. Onenigheid tussen die ouers, emosionele uitbarstings, aanrandings, ens., versteur die vorming van die kind se superego. Dit vernietig sy ideale en veroorsaak gebrek aan sekuriteit wat mag uitloop op ernstige psigiese konflikte wat dikwels ten grondslag van afwykende- en negatiewistiese gedrag lê.

(c) Defektiewe gesinsdisipline:

Baie van die gedragsafwykende neigings is as gevolg van defektiewe gesinsdisipline. Baie gevaarliker nog is onbestendige dissipline waar die een ouer bv. verwen en die ander een die rol van stewige gesagvoerder speel.

*(d) Alkoholisme:*

*Alkoholisme lewer ook sy bydrae tot ernstige fisiese, morele en psigiese verwaarloosing en sosiale prestige. Dit veroorsaak by die kind diepe afkeur, ongemak en selfs haat teenoor die ouer. Dikwels pleeg hy sy eerste oortreding om die ouer onbewustelik vir sy daade te straf.*

*(e) Groot gesinne:*

*Volgens verslae blyk dit dat 'n buitengewoon hoë persentasie afwykendes uit groot gesinne kom en daar is by herhaling daarop gewys dat die grootte van die gesin verband met die sosio-ekonomiese status hou.*

*(f) Oorbeskerming:*

*Te veel beskerming is net so gevaarlik as te min of geen beskerming. Die kind is 'n sosiale en selfstandige wese en wil op sy eie ontwikkel.*

*(g) Die skoolsituasie:*

*Faktore soos verkleinerings, bedreiging, lyfstraf e.d.m. kan ook hul rol speel. Wanneer die opvoeder bv. lyfstraf toedien om sy eie gevoel van wrok en haat af te koel, doen hy meer skade aan die persoonlikheid van die kind as wat hy iets positief daarmee bereik. Die kind distansieer homself van hierdie persoon en sal hom nie leen vir 'n ontmoetingsvlak nie, met die gevolg dat hy van so 'n persoon vervreem en 'n wrok teenoor hom sal koester.*

*Wat die oorsaak van die gedragsafwyking ook al mag wees, moet die persoon met sy gedrag en alle bykomende omstandighede sorgvuldig ontleed en bestudeer word, voor enige gevolgtrekkings gemaak en besluite geneem word ten opsigte van die behandeling wat vir die bepaalde afwykings by die besondere geval voorgeskryf word.*

*In die "Verslag van die inter-departementele komitee oor afwykende kinders" (Malan, de Vos, W. e.a.) (15), word die volgende aangegee as gedragsafwykings:-*

- 1. Die lastige kind,*
- 2. die leuenaar,*
- 3. die dief,*

4. die stokkiesdraaier,
5. die boelie,
6. die delinkwent,
7. die buierige kind,
8. die parmantige kind,
9. die astante kind,
10. die afgetrokke kind,
11. die bedorwe kind,
12. die emosionele en senuweeagtige kind,
13. en die kind wat aan 'n minderwaardigheidskompleks ly.

#### BEHANDELING:

By die bepaling van deskundige behandeling wat op 'n gedragsafwykende persoon toegepas moet word, is dit noodsaaklik dat rekening gehou word met die hele persoonlikheid (met alles wat dit insluit) van die individu. Voorbehoedmaatreëls wat met die beste bedoeling ter wêreld aangewend word, sal nie slaag nie tensy hulle op 'n deeglike en uitgebreide kennis van die persoonlikheids- en aanpassingsielkunde gegrond is.

Om sukses te behaal, sal dié behandeling op wetenskaplike wyse gedoen moet word deur spesiaal daarvoor opgeleide amptenare, wat elke geval afsonderlik sal bestudeer, sodat die geskikste behandeling voorgeskryf kan word. Hierdie deskundiges wat die algemene beleid moet aangee, moet bygestaan word deur persone wat goed onderleg is in die sielkunde van die afwykende kind, veral wat sy aanpassing in die daaglikse lewe betref. (Malan, de Vos, W. e.a.) (15).

Watson (28) stel dit baie duidelik dat alle metodes van behandeling voorafgegaan moet word deur diagnose. Diagnostiese insig wat verkry kan word deur projeksietoetse, word toegepas by die behandeling. Diagnose van die oorsaak van die afwyking is dus essensieel.

Die behandeling van gedragsafwykings bestaan uit twee aspekte - psigoterapie en indirekte metodes.

(a) Psigoterapie:

Die psigoterapie impliseer 'n wisselwerking tussen psigoterapeut en kliënt. Die wisselwerking is gewoonlik verbaal van aard, maar kan ook nie-verbaal wees. Die doel van psigoterapie is veel wyer as blote simptomeverligting; dit het ten doel om onder andere die veroorsakende faktore (wat aan die simptomekompleks ten grondslag lê) na te spoor en so 'n heraanpassing teweeg te bring. (Pennington en Berg) (29).

Die wisselwerking tussen psigoterapeut en kliënt word beskou as een van die basiese faktore in alle vorms van direkte psigoterapie, maar ander faktore tree ook in werking. Hiervan is die verligting van emosionele spanning, en insig in die oorsaak en aard van die probleem, van die belangrikste faktore. (Watson, Robert, I.) (28)

(b) Indirekte metodes:

Die twee vernaamste vorms van indirekte behandeling, volgens Watson (28) is omgewingsmanupilasie en omgewings-modifikasie. Hiermee stem Burt (22) heelhartig saam. Volgens hom is die vernaamste toestande waaraan aandag gegee moet word die volgende - armoede, defektiwe dissipline, defektiwe gesinsverhoudinge en 'n ongesonde morele of emosionele atmosfeer. Hierdie toestande tuis moet drasties verander word of so nie moet die kind in 'n inrigting of koshuis geplaas word.

'n Baie interessante faset by die behandeling van gedragsafwykings is die waardasie van gedragsafwykings, soos deur onderwysers gemaak. In die verband het Wickman (30) 'n uitgebreide studie gemaak. Dit is sorgwekkend dat onderwysers meer klem lê op gedragsafwykings soos oneerlikheid, steel, ongehoorsaamheid, gebrek aan belangstelling, ens., terwyl ander ernstige gedragsafwykings gewoonlik nie eers deur die onderwyser opgemerk word nie. Wickman het die houding van 500 onderwysers nagegaan teenoor gedragsprobleme. Sy bevindinge word gegee in tabel 2.

In die rehabiliteringsproses moet die kind nie alleenlik gerehabiliteer word nie, maar ook heropgevoed word. Dit is noodsaaklik dat gewoontes wat skadelik is vir die persoonlikheid, afgebreek word en meer positiewe gedragspatrone bygebring word - in die proses is die ouer, die onderwyser en die skoolsielkundige, die drie belangrikste

| <u>Type of Problem.</u>     | <u>Average Score.</u> | 24/...<br>Of only Slight<br>Consequence. | <u>Seriousness of Problem.</u><br>Makes for Consider-<br>able Difficulty. |
|-----------------------------|-----------------------|------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------|
|                             |                       | 4.5                                      | 12.5                                                                      |
| Heterosexual activity       | 17.3                  |                                          |                                                                           |
| Stealing                    | 17.0                  |                                          |                                                                           |
| Masturbation                | 16.7                  |                                          |                                                                           |
| Obscene notes, talk         | 16.6                  |                                          |                                                                           |
| Untruthfulness              | 15.8                  |                                          |                                                                           |
| Truancy                     | 15.6                  |                                          |                                                                           |
| Impertinence, defiance      | 15.0                  |                                          |                                                                           |
| Cruelty, bullying           | 14.8                  |                                          |                                                                           |
| Cheating                    | 14.7                  |                                          |                                                                           |
| Destroying school materials | 14.3                  |                                          |                                                                           |
| Disobedience                | 14.1                  |                                          |                                                                           |
| Unreliableness              | 13.9                  |                                          |                                                                           |
| Temper tantrums             | 13.0                  |                                          |                                                                           |
| Lack of interest in work    | 12.8                  |                                          |                                                                           |
| Profanity                   | 12.3                  |                                          |                                                                           |
| Impudence, rudeness         | 12.2                  |                                          |                                                                           |
| Laziness                    | 12.2                  |                                          |                                                                           |
| Smoking                     | 12.0                  |                                          |                                                                           |
| Enuresis                    | 11.8                  |                                          |                                                                           |
| Nervousness                 | 11.7                  |                                          |                                                                           |
| Disorderliness in class     | 11.7                  |                                          |                                                                           |
| Unhappy, depressed          | 11.5                  |                                          |                                                                           |
| Easily discouraged          | 11.5                  |                                          |                                                                           |
| Selfishness                 | 11.3                  |                                          |                                                                           |
| Carelessness in work        | 11.3                  |                                          |                                                                           |
| Inattention                 | 11.2                  |                                          |                                                                           |
| Quarrelsomeness             | 11.1                  |                                          |                                                                           |
| Suggestible                 | 11.0                  |                                          |                                                                           |
| Resentfulness               | 10.8                  |                                          |                                                                           |
| Tardiness                   | 10.5                  |                                          |                                                                           |
| Physical coward             | 10.4                  |                                          |                                                                           |
| Stubbornness                | 10.3                  |                                          |                                                                           |
| Domineering                 | 10.3                  |                                          |                                                                           |
| Slovenly in appearance      | 10.1                  |                                          |                                                                           |
| Sullenness                  | 9.9                   |                                          |                                                                           |
| Fearfulness                 | 9.7                   |                                          |                                                                           |
| Suspiciousness              | 9.1                   |                                          |                                                                           |
| Thoughtlessness             | 8.7                   |                                          |                                                                           |
| Attracting attention        | 8.5                   |                                          |                                                                           |
| Unsocialness                | 8.3                   |                                          |                                                                           |
| Dreaminess                  | 8.3                   |                                          |                                                                           |
| Imaginative lying           | 8.1                   |                                          |                                                                           |
| Interrupting                | 8.0                   |                                          |                                                                           |
| Inquisitiveness             | 8.0                   |                                          |                                                                           |
| Overcritical of others      | 7.9                   |                                          |                                                                           |
| Tattling                    | 7.5                   |                                          |                                                                           |
| Whispering                  | 7.5                   |                                          |                                                                           |
| Sensitiveness               | 7.0                   |                                          |                                                                           |
| Restlessness                | 6.9                   |                                          |                                                                           |
| Shyness                     | 5.4                   |                                          |                                                                           |

Tabel 2.

(Readings in Child Psychology)

Onderwysers se  
graderings van  
die relatiewe  
ernstigheids van  
gedragsafwykings.

persone om die gedragsafwykende te help.

TERAPEUTIESE GEDRAG EN OPTREDE VAN DIE ONDERWYSER:

Die onderwyser speel so 'n vername rol in die lewe en opvoeding van die kind dat sy optrede van die aller grootste belang is. Waar daar kinders in 'n klas met gedragsprobleme is kan die terapeutiese gedrag van die onderwyser 'n groot bydrae lewer tot die voorkoming en behandeling van gedragsafwykings.

"Terapeutiese gedrag is daardie optrede van die onderwyser wat verseker dat die kind op subtiële, onbewuste wyse sò gelei word dat hy van onwenslike en afwykende gedragsvorme ontslae sal raak en verder, dat hy in die plek daarvan goeie, bruikbare en waardevolle lewenspatrone sal verkry. In hierdie proses is die verhouding tussen onderwyser en kind van essensiële belang." (le Roux, A.G.) (34)

Dit is letterlik so dat by elke geleentheid waar die onderwyser 'n stukkie opvoedingswerk verrig, daar 'n brokkie van sy persoonlikheid oorgedra word.

Indien die onderwyser dan stabiele gesindhede wil daarstel, moet hy ook stabiele gesindhede aan die dag lê. Deur direkte voorbeeld of subtiële suggestie, sal sy ware gesindheid by die kind deurskemer en sekerlik 'n belangrike rol by die leerling se stabiliteit speel. (le Roux A.G.) (34)

Ander tegnieke wat die onderwyser kan aanwend, het hoofsaaklik ten doel die uitlewing van persoonlikheidslaste en die versterking van persoonlikheidsbates op óf 'n individuele wyse óf in groepsverband. So kan speel, sport, stokperdjies, teken, toneelspel, sang, prestasie op 'n besondere skolastiese gebied, besondere take in die klas, ens., as tegnieke genoem word. Hierdie tegnieke het dan ten doel die uitlewing van onderliggende gevoelens en geleenthede vir kompensasie, identifikasie en sublimasie. Ten slotte moet daar egter op gewys word dat die waarde van hierdie tegnieke vir persoonlikheidsontwikkeling en groter vermoë om toekomstige moeilike situasies te hanteer, beperk is as dit nie gepaard gaan met die bewuswording van onderliggende motiewe nie. Hierdie bewuswording moet plaasvind in die langdurige, simpatieke onderwys-kind-verhouding. (Schlebusch, Anita) (35).

FISIESE KENMERKE VAN VERSTANDELIKVERTRAAGDES:

Alle ondersoekers, onder andere Cyril Burt (32) en Boehmer (33) het tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n duidelike korrelasie tussen fisiese ontwikkeling en verstandelike ontwikkeling bestaan. Vergelyk hier tabelle 3 en 4.

Scheideman (31) beweer verder dat verstandelikvertraagdes meer kenmerke van degenerasie besit as normales. Hiermee word 'n fisiese anomalie bedoel. Volgens Scheideman is die algemeenste kenmerke wat by subnormales gevind word die volgende: snaakse formasie van die kop, 'n buitengewone groot of 'n buitengewone klein kop, onreëlmatigheid van die kop, 'n baie skuins voorkop, 'n swak ontwikkelde ken, eienaardige vorms van die verhemelte, onreëlmatigheid van die onderste kakebeen en slegte tande.

By die sintuie is daar ook dikwels afwykings. Die regteroor is dikwels verskillend van die linkeroor. Soms is een oor misvormd. By die oë is die volgende defekte algemeen: skeel oë, oë van verskillende grootte en kleur, een oog wat hoër in die kop as die ander sit en trilling in die oë. 'n Skewe of onreëlmatige mond, los slap lippe. By die neus is daar ook soms 'n afwyking ten opsigte van die grootte, hetsy baie klein of groot en breed.

Scheideman (31) beklemtoon dit herhaaldelik dat alhoewel normale kinders dikwels onreëlmatighede in die fisiese ontwikkeling toon, subnormale kinders hierdie kenmerke meer dikwels vertoon, en soms 'n kombinasie van twee of drie, wat by normale kinders seldsaam is.

Ten opsigte van motoriese beheer, is die subnormale ook ondergeskik aan die normale. Kragtoetse, uithouvermoë-toetse, spierkoördinasie ens., is almal getoets op beide normale en subnormale kinders. In alle gevalle was die gemiddelde prestasie van die normales beter as die gemiddelde prestasie van subnormales.

Spraakafwykings word algemeen by subnormales aangetref. In die verband is die ondersoeke van Cyril Burt (32) van groot belang. Sien tabelle 3 en 4.

Opsommend kan ons sê dat subnormales ook wat fisiese eienskappe betref, 'n agterstand het by normales en dat hierdie verskille groter word namate die intelligensie swakker word.

TABEL 3.

THE BACKWARD CHILD. (Burt, Cyril.) (32)Table XIV. Physical Conditions: Birmingham.

Percentage of Normal, Backward, and Mentally Deficient Children  
suffering from Physical Defects.

|                                     | Normal | Backward | Mentally<br>Deficient. | Correlation<br>with Back-<br>wardness. |
|-------------------------------------|--------|----------|------------------------|----------------------------------------|
| <b>General:</b>                     |        |          |                        |                                        |
| <b>Malnutrition:</b>                |        |          |                        |                                        |
| Social . . . . .                    | 10.2   | 11.2     | 13.0                   | (.03)                                  |
| Constitutional . . . . .            | 8.6    | 17.9     | 27.8                   | .23                                    |
| Total . . . . .                     | 18.8   | 29.1     | 40.8                   | .17                                    |
| Stunted growth. . . . .             | 4.1    | 12.2     | 25.9                   | .31                                    |
| Rickets . . . . .                   | 20.3   | 32.7     | 33.3                   | .18                                    |
| Spinal curvature . . . . .          | 14.2   | 16.8     | 22.2                   | (.05)                                  |
| Tubercular diathesis . . . . .      | 3.6    | 8.2      | 3.7                    | (.23)                                  |
| Rheumatism . . . . .                | 3.0    | 6.6      | 3.7                    | (.18)                                  |
| <b>Mouth, Nose, and Throat:</b>     |        |          |                        |                                        |
| Adenoids . . . . .                  | 13.2   | 25.0     | 25.9                   | .18                                    |
| Enlarged tonsils . . . . .          | 21.3   | 23.0     | 18.5                   | (.06)                                  |
| Enlarged glands . . . . .           | 22.8   | 24.0     | 25.9                   | (.02)                                  |
| Defective teeth . . . . .           | 13.2   | 11.7     | 18.5                   | (-.04)                                 |
| Defective palate . . . . .          | 10.7   | 15.3     | 22.2                   | (.12)                                  |
| Defective nasal formation . . . . . | 11.2   | 17.3     | 29.6                   | (.15)                                  |
| Recurrent catarrh. . . . .          | 9.1    | 16.8     | 7.4                    | .20                                    |
| <b>Lungs:</b>                       |        |          |                        |                                        |
| Suspected tuberculosis . . . . .    | 2.0    | 6.6      | 0.0                    | .28                                    |
| Other defects . . . . .             | 9.1    | 12.2     | 11.1                   | (.10)                                  |
| <b>Heart:</b>                       |        |          |                        |                                        |
| Organic . . . . .                   | 4.6    | 6.1      | 7.4                    | (.07)                                  |
| Other defects . . . . .             | 1.0    | 1.5      | 3.7                    | (.08)                                  |
| <b>Nervous System:</b>              |        |          |                        |                                        |
| Epilepsy. . . . .                   | 0.5    | 1.5      | 0.0                    | (.20)                                  |
| Chorea . . . . .                    | 1.5    | 2.0      | 0.0                    | (.06)                                  |
| Hyperthyroidism . . . . .           | 3.0    | 6.1      | 3.7                    | (.15)                                  |
| Recurrent headaches . . . . .       | 2.5    | 2.6      | 7.4                    | (.01)                                  |
| Other defects . . . . .             | 7.6    | 12.8     | 11.1                   | (.16)                                  |
| <b>Vision:</b>                      |        |          |                        |                                        |
| Marked defects. . . . .             | 11.7   | 17.9     | 11.1                   | (.15)                                  |
| Slight defects. . . . .             | 19.3   | 26.5     | 37.0                   | (.12)                                  |
| Total . . . . .                     | 31.0   | 44.4     | 48.1                   | .18                                    |
| Squint . . . . .                    | 11.7   | 14.3     | 14.8                   | (.07)                                  |
| <b>Hearing:</b>                     |        |          |                        |                                        |
| Marked defects. . . . .             | 1.0    | 5.6      | 3.7                    | .40                                    |
| Slight defects. . . . .             | 14.7   | 18.4     | 18.5                   | (.09)                                  |
| Total. . . . .                      | 15.7   | 24.0     | 22.2                   | .16                                    |
| Otorrhoea . . . . .                 | 3.6    | 2.6      | 3.7                    | (-.06)                                 |
| <b>Speech Defects:</b>              |        |          |                        |                                        |
| Left-handedness . . . . .           | 0.5    | 3.1      | 7.4                    | (.36)                                  |
| Zymotic illnesses (more than three) | 9.1    | 15.4     | 18.1                   | (.17)                                  |
| Average . . . . .                   | 9.3    | 13.8     | 15.6                   | .15                                    |

PHYSICAL CONDITIONS: GENERAL

TABLE XIII. PHYSICAL CONDITIONS: LONDON

Percentage of Normal, Backward, and Mentally Deficient Children suffering from Physical Defects.

|                                     | Normal |       |         | Backward |       |         | Mentally Deficient | Correlation with Backwardness |
|-------------------------------------|--------|-------|---------|----------|-------|---------|--------------------|-------------------------------|
|                                     | Boys   | Girls | Average | Boys     | Girls | Average |                    |                               |
| General:                            |        |       |         |          |       |         |                    |                               |
| Malnutrition:                       |        |       |         |          |       |         |                    |                               |
| Marked                              | 4.2    | 4.6   | 4.4     | 8.3      | 12.6  | 10.5    | 8.3                | .24                           |
| Slight                              | 13.0   | 11.6  | 12.3    | 15.5     | 17.7  | 16.6    | 15.0               | [.10]                         |
| Social                              | 9.8    | 10.1  | 10.0    | 10.9     | 15.7  | 13.3    | 6.5                | [.09]                         |
| Constitutional                      | 7.3    | 6.1   | 6.7     | 13.0     | 14.6  | 13.8    | 16.8               | .28                           |
| Total                               | 17.1   | 16.2  | 16.6    | 23.8     | 30.3  | 27.1    | 23.3               | .19                           |
| Stunted growth                      | 3.1    | 1.0   | 2.1     | 6.2      | 8.1   | 7.2     | 9.5                | .31                           |
| Rickets                             | 13.0   | 11.1  | 12.0    | 21.7     | 24.2  | 23.0    | 28.8               | .23                           |
| Spinal curvature                    | 7.3    | 8.6   | 7.9     | 8.3      | 15.2  | 11.8    | 15.3               | [.12]                         |
| Other deformities                   | 4.2    | 3.0   | 3.6     | 2.6      | 4.6   | 3.6     | 7.8                | [.00]                         |
| Anæmic conditions                   | 10.9   | 13.6  | 12.3    | 15.0     | 21.2  | 18.1    | 16.5               | .13                           |
| Tubercular diathesis                | 3.1    | 2.5   | 2.8     | 5.2      | 3.5   | 4.4     | 3.8                | [.11]                         |
| Rheumatism                          | 2.1    | 3.5   | 2.8     | 3.6      | 5.6   | 4.6     | 7.8                | [.12]                         |
| Skin disease                        | 4.7    | 3.5   | 4.1     | 5.2      | 2.5   | 3.8     | 3.3                | [.02]                         |
| Mouth, nose, and throat:            |        |       |         |          |       |         |                    |                               |
| Tonsillitis and adenoids            | 10.9   | 8.6   | 9.7     | 21.2     | 19.2  | 20.2    | 27.0               | .24                           |
| Adenoids only                       | 5.7    | 4.6   | 5.1     | 8.8      | 11.1  | 10.0    | 13.8               | .19                           |
| Tonsillitis only                    | 15.5   | 13.1  | 14.3    | 16.1     | 18.7  | 17.4    | 24.3               | [.07]                         |
| Adenoids total                      | 16.6   | 13.1  | 14.8    | 30.1     | 30.3  | 30.2    | 34.5               | .28                           |
| Enlarged cervical glands            | 14.0   | 11.6  | 12.8    | 14.5     | 15.7  | 15.1    | 17.5               | [.05]                         |
| Defective teeth                     | 11.4   | 10.1  | 10.7    | 10.9     | 12.6  | 11.8    | 18.9               | [.05]                         |
| Defective palate                    | 8.3    | 6.1   | 7.2     | 10.4     | 7.1   | 8.7     | 16.8               | [.05]                         |
| Defective nasal formation           | 9.3    | 10.6  | 10.0    | 15.5     | 11.6  | 13.6    | 18.3               | [.10]                         |
| Recurrent catarrh                   | 15.0   | 13.1  | 14.1    | 25.9     | 23.7  | 24.8    | 27.5               | .19                           |
| Lungs:                              |        |       |         |          |       |         |                    |                               |
| Bronchitis                          | 7.3    | 5.1   | 6.1     | 10.9     | 7.6   | 9.2     | 11.8               | [.11]                         |
| Pulmonary tuberculosis              | 1.0    | 0.5   | 0.8     | 1.0      | 1.0   | 1.0     | 1.5                | [.06]                         |
| Heart:                              |        |       |         |          |       |         |                    |                               |
| Organic heart disease               | 0.5    | 1.5   | 1.0     | 1.0      | 1.5   | 1.3     | 3.8                | [.05]                         |
| Other defects                       | 3.6    | 4.6   | 4.1     | 4.2      | 5.1   | 4.6     | 6.0                | [.05]                         |
| Nervous system:                     |        |       |         |          |       |         |                    |                               |
| Epilepsy                            | 0.5    | 0.0   | 0.3     | 1.6      | 0.0   | 0.8     | 1.8                | [.21]                         |
| Chorea                              | 0.5    | 2.5   | 1.5     | 2.6      | 5.1   | 3.8     | 5.3                | .21                           |
| Hyperthyroidism                     | 0.0    | 2.0   | 1.0     | 0.0      | 3.5   | 1.8     | 2.8                | [.12]                         |
| Recurrent headaches                 | 3.1    | 4.6   | 3.8     | 4.7      | 7.1   | 5.9     | 9.5                | [.10]                         |
| Vision:                             |        |       |         |          |       |         |                    |                               |
| Marked defects                      | 10.9   | 13.1  | 12.0    | 16.1     | 20.7  | 18.4    | 21.8               | .14                           |
| Slight                              | 14.5   | 19.7  | 17.1    | 21.2     | 27.3  | 24.3    | 28.5               | .13                           |
| Total                               | 25.4   | 32.8  | 29.2    | 38.3     | 48.0  | 42.7    | 50.3               | .20                           |
| Squint                              | 3.6    | 2.5   | 3.1     | 6.7      | 3.5   | 5.1     | 8.3                | [.13]                         |
| Blepharitis, etc.                   | 6.2    | 4.0   | 5.1     | 4.7      | 6.1   | 5.4     | 4.8                | [.01]                         |
| Hearing:                            |        |       |         |          |       |         |                    |                               |
| Marked defects                      | 1.0    | 1.0   | 1.0     | 7.8      | 5.6   | 6.7     | 8.8                | .44                           |
| Slight                              | 4.7    | 3.5   | 4.1     | 10.9     | 13.6  | 12.3    | 19.5               | .29                           |
| Total                               | 5.7    | 4.6   | 5.1     | 18.7     | 19.2  | 18.9    | 28.3               | .37                           |
| Otorrhœa                            | 2.6    | 2.0   | 2.3     | 5.2      | 3.0   | 4.1     | 4.3                | [.15]                         |
| Speech:                             |        |       |         |          |       |         |                    |                               |
| Marked defects                      | 2.1    | 0.5   | 1.3     | 8.3      | 2.5   | 5.4     | 10.8               | .33                           |
| Slight                              | 6.2    | 2.0   | 4.1     | 11.4     | 6.6   | 9.0     | 13.0               | .21                           |
| Total                               | 8.3    | 2.5   | 5.4     | 19.7     | 9.1   | 14.3    | 23.8               | .29                           |
| Left-handedness                     | 6.7    | 3.5   | 5.1     | 12.4     | 8.1   | 10.2    | 12.5               | .19                           |
| Zymotic illnesses (more than three) | 8.3    | 6.6   | 7.4     | 14.0     | 14.6  | 14.3    | 15.8               | .20                           |
| Average                             | 7.2    | 6.7   | 7.0     | 10.9     | 11.4  | 11.2    | 14.2               | .16                           |

Gesien uit die oogpunt van werkverskaffing aan subnormale leerlinge wanneer hulle die skool verlaat, moet daar gewys word op die wanopvatting as sou subnormales beter hande-arbeid kan verrig as normale kinders. Waar dit sleurwerk en roetine aangaan, sal die subnormale hom seer sekerlik beter van sy taak kan kwyt aangesien hy nie die nodige stimulering nodig het van variasie en prestasie soos die normale kind nie.

### PSIGOLOGIESE KENMERKE VAN VERSTANDELIK-VERTRAAGDES:

#### Brein van verstandelik-vertraagdes:

Volgens Scheidemann (31) is daar geen groot verskil tussen die brein van 'n normale en 'n subnormale wat betref grootte, gewig en algemene voorkoms nie. Soms mag daar egter 'n aanduiding van 'n abnormale toestand teenwoordig wees. In die meer uitgesproke grade van subnormaliteit is verskille gewoonlik duidelik. Die brein van 'n idloot of selfs 'n lae of mediumgraad imbesiel vertoon nie dieselfde as 'n normale brein nie, selfs al sou dit met die blote oog bestuur word. Gewoonlik is dit kleiner, onder gewig en in tekstuur is dit of buitengewoon sag of buitengewoon dig.

Die uitstaande kenmerk by verstandelike vertraging is 'n onvolkome ontwikkeling van die serebrale neurone. In vergelyking met die sensuïeselle van 'n normale brein word die van die verstandelik-vertraagde op drie maniere gekarakteriseer:-

- 1) numerieke vertraging,
- 2) onreëlmatige rangskikking en
- 3) onvolkome ontwikkeling.

#### DIE GEWAARWORDINGS OF SENSASIES:

Die sintuie is swakker ontwikkel by subnormales. Waar die vertraging groot word, is die fynere waarneming afwesig of gebrekkig.

#### GEHEUE:

Volgens Scheidemann (31) doen subnormales redelik goed in geheue-toetse waar geen oordeel nodig is nie; in ander toetse doen hul swak.

Soms word die verskynsel gevind dat subnormales 'n wonderlike

vermoë besit om datums, gesigte, name, nommers, ens., te onthou. Gewoonlik is so 'n geheue meer raar as algemeen. "In the feeble-minded, general memory, is decidedly poor." (Scheidemann, Norma V.) (31)

#### OUERS VAN VERTRAAGDES:

*Dat die ouers van verstandelikvertraagde leerlinge 'n baie belangrike rol speel in die persoonlikheidsvorming, aanpassing in die sosiale struktuur, houding teenoor die skool en mede skoliere, opvoeding en aanpassing in die volwasse lewe van die vertraagde leerling, val nie te betwyfel nie.*

*So skryf Rothstein (23) die volgende: "Twenty-five years ago the birth or recognition of a retarded child in a family was considered a severe tragedy and the outlook for him was quite hopeless. Today the same situation is still considered a tragedy, but at the same time it is possible to be more hopeful about the child's future prospects. Society's attitude toward mental retardation has changed greatly in the last decade. No longer is the retarded child considered "a forgotten child." Parents, though feeling a sense of personal tragedy, have more and more come to accept their responsibility, and working together, have fostered programs that augur well for all retarded children."*

*Ongelukkig het ons in Suid-Afrika nog nie die volle samewerking tussen ouer en spesiale skool nie. Baie ouers is die program van spesiale onderwys goedgesind, dieselfde persentasie sien in die spesiale skool nog 'n bedreiging van hul sosiale status of 'n verderende brandmerk in die samelewing. Die stigma wat aan spesiale onderwys kleef, moet eers verwyder word voordat ouers hul heelhartige steun aan hierdie inrigtings sal gee.*

*Baie word vandag gedoen om die standaard van werk by spesiale skole te "adverteer" en die gewone man op straat sodoende op hoogte met die kwaliteit en die aard van die werksaamhede te stel. Ook op sportgebied word in die jongste tyd prestasies gelewer wat die gevoel van eiewaarde van ouer en leerling verhoog en sodoende hul gesindheid verbeter.*

Alhoewel die vooruitsigte vir die toekoms rooskleurig is wat betref die samewerking tussen die ouers en die skool, glo ek nie dat 'n ideale toestand ooit geskep sal word nie.

#### SOSIALE EN EKONOMIESE EFFEK VAN VERSTANDELIKE VERTRAGING:

Spesiale onderwys is die duurste onderwys wat vandag verskaf word. In 1965 was die koste aan spesiale onderwys in Transvaal verbonde, R170 per jaar per leerling. Baie mense is skepties teenoor die bedrae geld wat aan dié soort onderwys bestee word.

Baie ondersoekers is in die verband gedoen en die meeste ondersoekers is dit eens dat die verstandelikvertraagde leerling 'n bate vir land en volk moet wees en nie 'n las nie. Alleen deur opvoeding kan hy 'n bate wees. So skryf Marion J. Erickson (36): "It has been shown by numerous studies that with appropriate education and guidance the mentally retarded have been able to achieve greater economic independence, to become more socially competent, to deal more adequately with personal problems and to develop more wholesome activities and interests leading to a fuller life. Providing an education that will enable the mentally retarded person to become partially or totally independent is a better investment for society than life-long care in an institution or home."

Dumville (37) skaar hom by ander ondersoekers as hy sê: "The necessity of dealing more effectively with these backward children becomes all the more obvious when it is shown that of short-time prisoners in our goals a very large proportion have been among the backward at school."

#### ENKELE PROBLEME RAKENDE DIE VERSTANDELIKVERTRAAGDE LEERLING.

##### Die Onderwyser:

"It is axiomatic that the success of a school program for the mentally retarded is in direct proportion to the ability of its teacher. Herein lies the crux of the problem." (Rothstein, Jerome H.) (23)

Onderwysers word opgelei vir toetrede tot spesiale onderwys, maar of die tempo is te stadig, of te veel onderwysers word deur die

nywerheid met beter aanbiedinge getrek. Navrae wat by vyftien spesiale skole met 'n totaal van 354 leerkragte gedoen is, het aangetoon dat slegs 239 van die onderwysers opleiding ontvang het om aan 'n spesiale skool onderrig te gee. Verwys tabel 5. Van die 15 skole het 13 hoofde opleiding ontvang. Van die aantal instruksors het nie een opleiding geniet nie. Nie een van hulle is professionele mense nie en die meeste het slegs St. 8 - 10 op skool behaal en daarna 'n vakleerlingskap geloop. Hoe kan 'n mens goeie resultate verwag waar leerlinge onderrig word deur mense wat nie onderlê is in die grondbeginsels van opvoeding en onderwys nie. Met hierdie standpunt word nie bedoel dat alle instruksors faal in hul poging om voorberoepsopleiding te verskaf nie. Daar word sekerlik goeie werk gedoen, maar met die nodige opleiding sal instruksors nog beter resultate kan behaal en meer klem sal gelê word op "opvoeding" in die ware sin van die woord. As daar in aanmerking geneem word dat leerlinge byna twee maal langer opleiding ontvang by die instruksors, as by die klasonderwyser, besef 'n mens die erns van hierdie saak. 'n Ander ongerymdheid wat voorkom, is die feit dat dame-instruktrises almal professionele mense is, maar by die mans is dit nie 'n vereiste nie.

Wanneer ons die spesiale skoolonderwyser of instruksor van naderby betrag, behoort hy die volgende bevoegdhede te besit:-

1. Begrip van die karaktertrekke van die verstandelikvertraagde en sy plek in die samelewing.
2. Begrip en toepassing van pedagogiese prosedures.
3. Die onderwyser moet inisiatief, oorspronklikheid en verbeeldingrykheid aan die dag lê.
4. Begrip van die moontlikhede en gebreke van die leerling.
5. Geduld, verdraagsaamheid en vriendelikheid.

"Consequently we should give the defectives the best teachers." (Binet, A en Simon, Th.) (38)

#### Die Leerlinge:

Leerlinge is verplig om die skool tot op die ouderdom van sestien jaar te besoek, daarna kan hulle die skool verlaat en gaan werk. Die spesiale skoolleerling is op die ouderdom oor die algemeen

TABEL 5.

AANTAL

SPEZIALE ONDERWYS-OPLEIDING. GEEN SPEZIALE ONDERWYSOPLEIDING.

| Sko-<br>le.   | Hoof-<br>de. | Onder-<br>wysers. | Instr. | Tot. | Hoof-<br>de. | Onder-<br>wysers. | Instr. | Totaal. | Hoof-<br>de. | Onder-<br>wysers | Instr. | Totaal. |
|---------------|--------------|-------------------|--------|------|--------------|-------------------|--------|---------|--------------|------------------|--------|---------|
| 1.            | 1            | 20                | 3      | 24   | 1            | 10                | 0      | 11      | 0            | 10               | 3      | 13      |
| 2.            | 1            | 19                | 6      | 26   | 1            | 10                | 0      | 11      | 0            | 9                | 6      | 15      |
| 3.            | 1            | 6                 | 2      | 9    | 1            | 4                 | 0      | 5       | 0            | 2                | 2      | 4       |
| 4.            | 1            | 17                | 7      | 25   | 1            | 6                 | 0      | 7       | 0            | 11               | 7      | 18      |
| 5.            | 1            | 13                | 4      | 18   | 1            | 6                 | 0      | 7       | 0            | 7                | 4      | 11      |
| 6.            | 1            | 31                | 8      | 40   | 0            | 4                 | 0      | 4       | 1            | 27               | 8      | 36      |
| 7.            | 1            | 15                | 6      | 22   | 1            | 9                 | 0      | 10      | 0            | 6                | 6      | 12      |
| 8.            | 1            | 14                | 6      | 21   | 1            | 9                 | 0      | 10      | 0            | 5                | 6      | 11      |
| 9.            | 1            | 14                | 5      | 20   | 1            | 4                 | 0      | 5       | 0            | 10               | 5      | 15      |
| 10.           | 1            | 30                | 7      | 38   | 1            | 9                 | 0      | 10      | 0            | 21               | 7      | 28      |
| 11.           | 1            | 20                | 6      | 27   | 1            | 7                 | 0      | 8       | 0            | 13               | 6      | 19      |
| 12.           | 1            | 11                | 2      | 14   | 1            | 4                 | 0      | 5       | 0            | 7                | 2      | 9       |
| 13.           | 1            | 14                | 5      | 20   | 1            | 11                | 0      | 12      | 0            | 3                | 5      | 8       |
| 14.           | 1            | 20                | 8      | 29   | 1            | 7                 | 0      | 8       | 0            | 13               | 8      | 21      |
| 15.           | 1            | 15                | 5      | 21   | 0            | 2                 | 0      | 2       | 1            | 13               | 5      | 19      |
| 15 259 80 354 |              |                   |        |      | 13 102 0 115 |                   |        |         | 2 157 80 239 |                  |        |         |

nog onvolwasse, onselfstandig, onverantwoordelik en nie in staat om homself in die samelewing te handhaaf nie. Die onderwys-owerhede kan dit gerus oorweeg om hulle te verplig om tot die ouderdom van agtien jaar skool te besoek. Nie alleen sal 'n ryper individu tot die maatskappy toe tree nie, maar hy sal ook beter opgelei wees as gevolg van 'n langer periode van onderrig.

Daar behoort ook een of ander vorm van nasorg te bestaan om hierdie leerlinge te help met hul probleme en les bes om hulle te help om 'n betrekking te vind. Orals hoor en lees 'n mens van die tekort aan blanke mannekrag, maar sodra jy die arbeidsveld betree, kom jy tot ander insigte en dit is dan ook glad nie snaaks dat soveel leerlinge werkloos is en bly nie. Vir hierdie toestand kan die arbeidsmark nie alleen blameer word nie - die onderwysstelsel by die spesiale skool het mede skuld. Die grootste persentasie van werk in die klas en in die handwerksentrums word deur die onderwyser of instrukteur gedoen, of onder hulle "gedurige" leiding. Leerlinge word nie selfstandigheid geleer nie, met die gevolg dat hulle spoedig uit-sak wanneer hulle op eie bene moet staan. 'n Ander probleem wat hierdeur ontstaan, is die volgende: Werkgewers en ouers word onder 'n wanindruk gebring betreffende die potensialiteite van leerlinge deur dat artikels op tentoonstellings en by die skole vertoon word onder die opskrif - "Deur die leerlinge vervaardig" - intussen was die instrukteur vir meer as 90% van die vervaardiging verantwoordelik. Die voornemende werkgewer verwag nou dieselfde gehalte van werk wanneer hy so 'n leerling in diens neem - spoedig is hy ontnugter en die leerling werkloos. Leerlinge behoort baie meer te doen, al is die gehalte ook swak. Ons moet gedurig voor oë hou dat hierdie leerlinge nie met die leerlinge van gewone skole kan kompeteer nie, al wil die hoof en personeel ook hoe graag. 'n Mens moet leer om hulle te aanvaar soos hulle is.

'n Ander probleem wat daar by spesiale skole bestaan, is dat leerlinge in handwerksentrums geplaas word sonder toetsing van aanleg. Die jongste opdrag van die Transvaalse Onderwysdepartement lui dat leerlinge in meer as een handwerkrigting bekwaam moet word, tot so-

veel as drie. Sou die owerhede dink dat hierdie leerlinge die vermoë besit om in drie rigtings opgelei te word, bo en behalwe sy gewone skolastiese werk?

Oormatige klem word gelê op netheid in plaas van kwaliteit en kwantiteit. In 'n twintigste eeu wat gekenmerk word deur sy geweldige tempo en ritme, 'n eeu wat sy pond vleis eis, moet die opvoeder realisties wees.

#### ONVOLDOENDE HANDBOEKE:

Geen handboek het nog verskyn vir gebruik in die klaskamer nie. Tans is handboeke by laerskole in gebruik, aangepas en gewysig om te voorsien in die behoefte van die verstandelikvertraagde leerling. Waar hierdie leerlinge meer praktiese onderrig ontvang, is bestaande handboeke nie geskik nie. Die grootste gebrek bestaan in die twee landstale en in Rekenkunde. Die onderrig en vordering van leerlinge word as gevolg hiervan gekortwiek.

#### DIE NOODSAAKLIKHEID VAN HUISBESOEK:

Om die subnormale leerling beter te verstaan en te kan help met persoonlikheids- en gedragsprobleme, moet die kind teen sy breë agtergrond bestudeer word - in die verband is huisbesoek noodsaaklik.

Gouws (39) formuleer dit soos volg: "In Uiters belangrike faktor ten aansien van die eksplorاسie van die subnormale kind se historiesiteit, is die kind se gesinsituasie. Dit is die springplank vanwaar die sprong tot eksplorاسie van die kulturele milieu gewaag moet word. Dit is egter ook die plek waarheen die persoon wat eksploreer moet kan terugkeer as hy gefaal het, en wel met die sekere wete dat hy op simpatieke wyse ontvang en aanvaar sal word. Blyk dit nie die geval te wees nie, dan word dit essensieel om die ouers dienaangaande in te lig, want deur so 'n houding kan hulle daartoe bydra dat die kind die leersituasie totaal afwys. In so 'n geval is die onderwyser-ortodaktikus dan ook met al sy pogings besig om op sand te bou.

Dit is egter ook so dat faktore uit die gesinsituasie so ontwrigtend van aard kan wees dat dit die oorsaak van al 'n kind se probleme kan wees."

Ongelukkig is die taak van die spesiale skoolonderwyser dikwels so veeleisend dat huisbesoek afgeskeep word.

### SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 2.

Verstandelike vertraging is byna so oud soos die mensdom. Die behandeling van diesulkes was ook van die wreedste hoofstukke in die geskiedenis. Met verloop van tyd is al hoe meer aandag en tyd aan hulle bestee. Vandag is dit 'n integrale en belangrike deel van die onderwys en opvoeding.

Byna elke ondersoeker in hierdie rigting het sy eie definisie van subnormaliteit alhoewel daar wesentlik tog ooreengestem word. Ook die oorsake is talryk. Sommige ondersoekers beklemtoon een groep van oorsake, andere benadruk ander faktore en 'n derde groep is minder eng by die oorsaaklike faktore. Opvallend is die verwantskap tussen verstandelike vertraging en gedragsafwykings.

Intensiewe ondersoek is ingestel na die fisiese en psigiese kenmerke van verstandelikvertraagdes. Die ouers van subnormales en die sosiale en ekonomiese effek is ook beklemtoon.

Ten slotte is enkele probleme, rakende die verstandelikvertraagde leerling in oënskou geneem.

HOOFSTUK 3.DIE SUID-AFRIKAANSE PRENT ANALISE TOETS (SAPAT)Inleiding:

Daar is van hierdie toets gebruik gemaak om die volgende redes:-

- a. Dië projeksietoets is volgens bewering waardevol by die diagnose van persoonlikheids- en gedragsprobleme.
- b. Die skema vir ontleding sorg dat sekere aspekte nie verby gekyk word nie en vir die analitikus wat nog nie veel ervaring het nie, kan dit dien as 'n soort handleiding.
- c. Die toets is opgestel om meer aan te pas by Suid-Afrikaanse toestande soos die naam ook aandui.
- d. Die opstellers van die toets beskou dit as 'n verbetering op die "Children's Apperception Test" (CAT).

SAPAT is maar nog 'n betreklike nuwe toets aangesien dit eers in 1960 die lig gesien het en dit sal homself nog moet bewys as 'n projeksietegniek. Vanweë die kort bestaan van hierdie toets sal dit in hierdie hoofstuk meer in besonderhede bespreek word, en wel aan die hand van die oorspronklike uitgawe: "The South African Picture Analysis Test," deur B.F. Nel en A.J.K. Pelser (1).

DOEL MET DIE OPSTELLING VAN SAPAT:

Die opstellers van SAPAT het gevind dat daar geen toets bestaan wat spesifiek vir die laerskoolkind ontwerp is nie. Die TAT is ontwikkel vir gebruik by volwassenes en adolessente; die Symonds Toets is hoofsaaklik bedoel vir adolessente, terwyl die CAT meer geskik vir voorskoolse kinders is.

Die opstellers van SAPAT het dus besluit om 'n tegniek daar te stel wat vir kinders in die laerskool gebruik kan word. "We found that there was a need for a set of pictures with themes which correspond to the real interests of these children and which therefore would stimulate the deepest needs of the child and bring forth real projective answers." (Nel, B.F. en Pelser, A.J.K.) (1)

'n Projektiewe toets is dus opgestel om 'n analise van die laerskoolkind se persoonlikheid te kan maak, (5-13 jaar), en wat van

algemene praktiese waarde is, in die sin dat dit maklik toegepas en geïnterpreteer kan word, sonder om baie tyd in beslag te neem.

Die vraag ontstaan nou in hoeverre SAPAT aan die vereistes vir 'n geskikte projeksietoets voldoen. Volgens die opstellers wat baie met hierdie toets geëksperimenteer het, het dit die kwaliteite van 'n geskikte projeksietoets. Die prente bestaan uit die verteenwoordiging en voorstelling van menslike figure en voorwerpe wat projekties na vore bring. Die menslike figure moet van so 'n aard wees dat die toetsling homself maklik met die figure kan identifiseer wat beteken dat hy in staat moet wees om die figure aan homself gelyk te maak, dit is identifikasie, werkende in die teenoorgestelde rigting.

Verder is al die figure verteenwoordigend van 'n spesifieke situasie, Dit is hierdie meelewe in die situasie wat die geestelike struktuur van die indiwiduele menslike wese oproep. Die situasie is egter vaag en die figure is meer op die voorgrond, meer as een betekenis kan dus aan die prent gekoppel word. Die toets is dus polivalent aangesien 'n verskeidenheid kinders in staat gestel word om hulself deur middel van die prente te projekteer.

Die ondersoekers het ook gevind dat die toets in die algemene smaak van die laerskoolkind val, wat betref die keuse van prente.

Die projeksietegniek maak nie daarop aanspraak dat dit 'n volledige persoonlikheidstoets is nie. Dit gee slegs 'n insig in 'n klein deel van die persoonlikheid, bv., in 'n oorheersende behoefte-kompleks op die huidige tydstip. Die toets is reeds as waardevol beskou by die diagnose van persoonlikheids- en gedragsprobleme en vir die doel van hierdie ondersoek dus heeltemal geskik.

#### DIE STORIE-BELANGSTELLING VAN DIE LAERSKOOLOKIND:

Vir die opstellers van SAPAT was dit van belang om te weet in watter tipe storie die laerskoolkind belangstel. Daarom was die eerste stap in die opstelling van SAPAT om 'n groep kinders van 500 te neem, bestaande uit seuns en dogters tussen die ouderdomme 6 en 12 jaar, en uit te vind in watter soort stories hulle belangstel. Verskillende stories onder andere van kabouters en dwergies; feeëverhale; die "Mickey Mouse-" en "Donald Duck-" tipe stories; stories van konings, prinse en

prinsesse; stories van "regte" seuns en dogters; tipiese dierestories soos die van Wolf en Jakkals en stories van Tarzan en Superman; is aan hulle gegee.

In die algemeen het die navrae getoon dat daar 'n groot uiteenlopendheid in die keuse van stories bestaan, so groot, dat die opstellers van so 'n wye keuse moontlik, gebruik gemaak het. Twintig temas is uiteindelik uitgesoek.

By die ontwerp van die prente is die volgende in gedagte gehou:

- a. Elke prent behoort 'n emosionele aantrekkingskrag te hê en behoort verder van dramatiese aard te wees.
- b. Elke prent moet ten minste een figuur, met wie die kind homself kan "identifiseer", bevat.
- c. Die prente behoort polivalent te wees, dit wil sê, verskillende interpretasies moet daaraan geheg kan word.
- d. Om "identifikasie" te vergemaklik, moet figure verkieslik gekleed wees.
- e. Die situasie wat deur die prent voorgestel word, moet van so 'n aard wees dat dit verteenwoordigend van situasies in die kind se lewe is, bv., die huis, die skool, ens.
- f. Die hele prent moet so ontwerp word om aan die leerlinge die maksimum geleentheid te verskaf om uitdrukking aan hul behoeftes en drange te gee.
- g. Die "held" in die situasie moet soms alleen wees, soms saam met iemand anders, en ook in die teenwoordigheid van meer as een.

Aan 'n handelskunstenaar is toe opdrag gegee om twintig prente 9" x 7" groot te teken volgens instruksies. Die temas van die finale prente is duideliker omlin as die van ander projekte toe. Die rede is dat dit die opstellers se ondervinding is dat kinders makliker hul belangstelling in prente met vae temas verloor.

#### SKEMA VIR DIE ONTLEDING VAN DIE PROTOKOLLE:

Die analise en die interpretasie van die stories is primêr op die "verstehende" psigologie gebaseer, en in die proses is die kennis, opleiding en ondervinding van die analis fundamenteel. Nogtans is 'n skema om die interpretasie te lei opgestel, maar daar moet benadruk word dat die skema nie as 'n vaste reël geld nie, maar eerder as 'n handleiding.

Met die hulp van die skema word die analis gedwing om die storie van verskillende hoeke te bestudeer voordat hy sy finale gevolgtrekking maak.

a. Toestand van die "held": Die "held" is die figuur in die storie met wie die verteller hom klaarblyklik geïdentifiseer het. Daar moet dus gelet word op hoe die persoon homself sien, dit wil sê, die toestand waarin die held verkeer:-

a. Eksterne (uiterlike toestand). Dit is of die held veilig of onveilig is, seker of onseker, vry of gebonde, goedversorg of onversorg, geen of oorvloedige geleenthede het, of hy verdruk of verlate is.

b. Interne (innerlike toestand). Is die held rustig, tevrede, gelukkig, onafhanklik, volwaardig, optimisties, onbekommerd of nie? Beide toestande het direk te doen met die kind se "eie-wêreld" - die psigologiese realiteit wat vir hom belangriker as die werklikheid van die lewe is.

In elke storie gebeur gewoonlik iets waarby die held betrokke is. Hy kan bv., gestraf of bedreig word of hy kan wegliep of 'n ander persoon straf. Die hoofgebeure moet in elke storie onderstreep word, want elke aparte episode moet in omgewingsdruk op die held en die innerlike behoeftes ontleed word. Beide hierdie kragte is verantwoordelik vir die held se reaksies.

b. Die omgewingsdruk:

Die vraag wat hier gevra word, is watter eksterne faktore bygedra het tot bogenoemde episodes, bv., wie of wat bedreig die held of hou vir hom 'n belofte van voordeel in? Die volgende faktore is voldoende vir 'n leidraad by die bepaling van die omgewingsdruk.

Minderwaardigheid: fisies, psigies.

Ouers: vader, moeder, afwesigheid van een of beide.

Kinders: suigeling, wedywering.

Huis: onvas, armoede, verwerping, onsekerheid.

Skool: onderwysers, skoolwerk, maats.

Maats: minderwaardigheid, verwerping.

*Straf: fisies, psigies.*

*Gevaar: diere, elemente, donkerte.*

*Fisiese onsekerheid: ongeluk, aanranding, besering.*

*Gebrek: voedsel, besitting.*

*Seks: geslagsdaad, ontbloting.*

*Intrapsigies: angs, onrus, ekshibisionisme.*

*c. Die behoeftes:*

*Dit staan in nou verband met die omgewingsdruk. Die twee terme is komplimentêr en gee saam die tema weer, dit wil sê, die dinamiese struktuur van die episode. Die bepaling van die heersende behoeftes is eintlik die belangrikste aspek van ontleding. Dit is 'n persoon se behoefte-kompleks wat sy lewe op hierdie stadium beheers, dit wil sê, rigting aan sy optrede gee, of wat hom in 'n sekere rigting laat dink of handel. Alhoewel hierdie behoeftes onderdruk mag wees, kan hulle herhaaldelik in fantasieë en stories openbaar word.*

*Die volgende lys van behoeftes kan as leidraad om die behoeftes in die storie te vind, dien: oorheersing, aggressie, prestasie, onderwerping, insiklikheid, verwerping, nuuskierigheid, ekshibisionisme, seks, spel, vryheid, isolasie, waarneming.*

*d. Algemene reaksies van die held:*

*Daar moet gelet word op hoe die held in die situasie waarin hy verkeer, reageer. Is sy reaksies van ander mense af weg of na ander mense toe, of is sy optrede van 'n ambivalente aard? Hier is dus 'n eenvoudige vektoranalise. By die reaksies word ook daarop gelet of dit selfstandig of onselfstandig plaasvind, of dit oor die algemeen geslaagd of nie-geslaagd is en op welke vlak die reaksie plaasvind: nl., doen, ondersoek, beplan, denke, gevoel, geheue, dagdromery, dromery, ens. Deur die reaksies van die held te bestudeer, kan onder andere 'n idee van die ego-sterkte by die kind gekry word, asook in hoeverre hy tot introspeksie en wensdenkery neig.*

*e. Die formele kenmerke van die stories:*

*Deur die studie van sekere formele aspekte van die stories word waardevolle bykomstige inligting oor die verteller verkry.*

a. Die algemene toon: Dit kan gelukkig, ongelukkig of gelate wees, en die storie kan 'n realistiese of onwerklike indruk skep.

b. Die einde van die stories kan ook gelukkig of ongelukkig wees, en in beide gevalle kan dit realisties of onrealisties wees.

c. Watter soort storie is dit; skeppend, fantasie, die sukses-tipe storie, ens.

d. Die relatiewe betekenis van die stories: Die ondervinding van die skrywers is dat dit waardevol is om die stories te waardeer n.a.v. hul waarde of relatiewe betekenisvolheid.

Dit is veral handig by die samevatting aan die end en by die maak van die gevolgtrekking om te weet welke stories spesiale aandag behoort te geniet. Die volgende stories is as waardevol beskou:

1. Stories wat "regte" projeksies bevat.
2. Stories waarin dieselfde tema herhaal word.
3. Stories wat heeltemal anders is as die wat gewoonlik oor die prent vertel word.
4. Stories waarin duidelike tekens van "blokkering" voorkom.
5. Stories wat onlogies is.
6. Klaarblyklike "sukses"-stories.
7. Stories wat verwysings na 'n traumatiese gebeure bevat.
8. Stories wat besonder fantasties en onwerklik van aard is.
9. Bekende stories uit boeke, ens., is as minder belangrik beskou.

f. Aantekeninge:

Daar is gevind dat dit noodsaaklik is om terwyl die stories ontleed word, aantekeninge te maak. Daar moet bv., aangeteken word wanneer 'n storie met ander ooreenstem of ver afwyk van die gemiddelde, wanneer tekens van "blokkering" voorkom, wanneer besondere fantasieë voorkom of 'n verwysing na traumatiese gebeure. Moontlike indikasies van kastrasie, vrees, Oedipus-kompleks, angs en die aanwending van verdedigingsmeganismes moet aangeteken word. Sulke aantekeninge is van groot hulp by die opstelling van die finale gevolgtrekking.

g. Die finale gevolgtrekking:

Nadat die voorafgaande skema by die maak van ontledings gebruik is, kan die finale gevolgtrekking gemaak word. Daar moet veral op twee sake gelet word:-

- a. Die veelvuldigheid van die voorkoms van dieselfde toestande, omgewingsdruk, behoeftes, reaksies, stemminge, einde van die stories, ens.
- b. Die voorkoms van dié faktore in die stories is van die grootste betekenis. Hieruit kan dan dikwels 'n beeld van die persoon se innerlike lewe op hierdie tydstip verkry word. Sy innerlike en uiterlike toestand, (soos dit vir hom bestaan), die omgewingsdruk, wat vir hom gevaar of belofte van voordeel inhou, en sy huidige behoefte-kompleks wat sy lewe op die stadium beheers. Verder kan sy tipiese manier van reaksie op die tydstip bepaal word, asook of hy oor die algemeen moedeloos en treurig is, of vol vertroue en moedig die toekoms tegemoet gaan.

Dit is verder dikwels moontlik om die wortels van sy huidige geestestoestand na te spoor in sy huidige toestand, of in sy verlede toe die een of ander fiksasie ontstaan het, of 'n traumatiese gebeurtenis sy psigiese ontwikkeling beïnvloed het.

By die interpretasie van die stories moet 'n paar dinge in gedagte hou word:-

- a. Dit word veronderstel dat die toetsafnemer oor 'n deeglike kennis beskik van die onderliggende basiese teorieë van projeksietoets.

- b. Aangesien die interpretasie van die stories gebaseer is op die "verstehende" psigologie, moet die uiterste sorg gedra word teen ongeregverdigde gevolgtrekkings.

- c. Daar moet altyd biografiese gegewens oor die proefpersoon versamel word, en dis verkieslik om die gegewens saam met die ontleding van die protokolle te gebruik. "Blinde" analise mag interessant wees, maar dis gevaarlik.

d. Die projektiwe tegniek gee slegs 'n beeld van 'n klein gedeelte van die persoonlikheid. Die resultate van die toets het waarde vir diagnostiese doeleindes, maar die tegniek maak nie daarop aanspraak dat dit 'n beeld van die hele persoonlikheid gee nie. Die tegniek moet dus met beskeidenheid aangewend word.

Om die ontleding van die stories te vergemaklik, is 'n analiseerkaart opgestel, asook 'n hulp by ontleding, asook 'n vraelys oor biografiese gegewens.

### INSTRUKSIES:

a. Die toets-situasie. Die toetsling word geura om te sit - gewoonlik teenoor die analis. Deur middel van 'n paar informele vrae word rapport versterk en die toetsling op sy gemak gestel.

Die instruksies lui dan soos volg: "Ek wil aan jou 'n paar prentjies wys en dan wil ek hê jy moet vir my oor elke prentjie 'n storie vertel. Sê vir my wat op die prentjie aangaan, wat hulle op die prentjie doen en dink, wat vooraf gebeur het en wat toe op die einde gebeur het. Moenie te vinnig praat nie, want ek wil neerskryf wat jy vertel." Dele van die instruksies kan gedurende die vertelling herhaal word of eenvoudiger gestel word, indien nodig.

Die prente wat vooraf gerangskik is, en wat onderstebo lê word een vir een aan die toetsling gegee. Die analis moet versigtig wees om nie die indruk te skep dat hy die toetsling te noukeurig dophou nie.

b. Houding van die toetsling. Daar moet noukeurig gelet word op die houding van die toetsling asook die manier waarop hy die stories vertel. Die toetsling kan spanning verraaï deur bv., skaam of huiwerig, vrymoedig of vrypostig, nuuskierig of senuweeagtig, belangloos, traag of geïnteresseerd te wees.

c. Duur van die toets. Die administrasie van die toets duur ongeveer 'n uur en die analise en interpretasie ook 'n uur wanneer twaalf prente gebruik word. As die oorspronklike getal van twintig prente egter gebruik word, word die duur van die toets omtrent verdubbel.

d. Analise. Die opstellers van die toets het gevind dat dit voordelig is om die hele stel stories minstens twee keer deur te lees, voordat daar met die ontleding van die aparte stories begin word. Die vasstelling van die sentrale tema word hierdeur vergemaklik.

#### WYSIGINGS AAN SAPAT:

Oorspronklik is twintig prente in die toets gebruik, maar omdat dit te tydrowend is, is besluit om die getal prente te verminder.

Resultate het getoon dat agt prente vir seuns en dogters geskik is, agt van die ander prente was minder geskik en van die vier wat oorgebly het is twee vir seuns en twee vir dogters geskik. Daarom is besluit om twaalf prente te behou.

By die toepassing van die toets word dus in werklikheid slegs tien prente by seuns en tien prente by dogters gebruik. Van die twee ekstra prente kan een vir "opwarming" gebruik word. Hierdie eerste prent vir "opwarming" moet nie geanaliseer word nie.

Die aantal prente wat gebruik word, moet egter nie minder as tien wees nie, aangesien die opstellers gevind het dat daar 'n positiewe verwantskap tussen die aantal stories, en die geldigheid van die interpretasie bestaan.

#### SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 3:

SAPAT is 'n projeksietoets wat spesifiek vir die laerskoolkind ontwerp is. Die toets bestaan hoofsaaklik daaruit dat aan die kind 'n aantal prente vertoon word en hy moet dan 'n storie vertel. Die kind projekteer homself deur middel van die storie. Oorspronklik is twintig prente saamgestel, maar dit is later verminder na twaalf prente, aangesien twintig prente te tydrowend is en twaalf prente dieselfde resultaat lewer.

Die toets word individueel afgeneem en saam met die interpretasie duur die toets ongeveer twee uur. Die toetsafnemer moet goed onderlê wees in die basiese beginsels van projeksie, terwyl 'n kennis van die "Verstehende" psigologie 'n vereiste is.

Volgens die opstellers besit SAPAT die kwaliteite van 'n geskikte projeksietoets.

Verder is ook gevind dat die toets in die algemene smaak van die laerskoolkind val.

Die skema vir ontleding van die protokolle sorg dat sekere aspekte nie verby gekyk word nie en vir die analitikus wat nog nie veel ervaring het nie, kan dit dien as 'n handleiding.

HOOFSTUK 4.EIE ONDERSOEK.Inleiding:

Tien seuns en tien dogters is gekeur om te dien as proefpersone (vergelyk Hoofstuk 1, Metode van ondersoek). Van elke proefpersoon is die maksimum gegewens ingesamel deur middel van kliniese geskiedenis, agtergrondstudie, huisbesoek en gegewens vervat in hul S.P.E.D. 1-boekies. Laasgenoemde is 'n boekie amper soortgelyk aan die Ed. Lab.-kaart, maar dit bevat meer gegewens, onder andere die volgende:-

- a. Algemene inligting soos geboortedatum, skole besoek en aantal jare in standerd.
- b. 'n Geneeskundige verslag.
- c. Skoolprestasie.
- d. Persoonlikheidseienskappe.
- e. Werkseienskappe.
- f. Gemoedslewe.
- g. Opmerkingswaardige aktiwiteite en belangstellings.
- h. Gegewens in verband met ouers en familie.
- i. Ontwikkelingsgeskiedenis.
- j. Ernstige gedragsafwykings.
- k. Verslag van die skoolsielkundige, onder andere I.K. en 'n ontleding van algemene vermoëns.

Hierna is SAPAT individueel aan elke proefpersoon gegee en die interpretasie is gedoen m.b.v. agtergrondsgewens, kliniese geskiedenis en vertroulike inligting vervat in elke proefpersoon se S.P.E.D. 1-boekie.

Enkele Begrippe:

Enkele begrippe verdien verduideliking:-

- a. K.O. = Kronologiese ouderdom en is bereken soos op 31 Oktober 1967.
  - b. V.O. = Verstandsouderdom en is soos volg bereken:
- $$V.O. = \frac{I.K. \times K.O.}{100}$$

Die verstandsouderdom is van groter belang beskou by die interpretasie van SAPAT, as die kronologiese ouderdom, aangesien dit die subnormale min of meer op dieselfde vlak van verstandelike ontwikkeling as die normale leerling plaas. Uit 'n fisiese oogpunt beskou, is die kronologiese ouderdom vanselfsprekend belangriker as die verstandsouderdom.

### PROEFPERSOON S. 1

#### 1. Kliniese gegewens:

I.K.: 64

K.O.: 17 jaar 1 maand.

V.O.: 9 jaar 7 maande.

Geslag: Manlik.

Hy is die enigste kind. Die moeder het nege miskrame gehad. Op 2 jaar en 3 maande het hy polio gehad. Heeltemal herstel behalwe dat linkerbeen effens korter is as die regterbeen. Gewone kindersiektes gehad.

Die huisslike omstandighede is swak aangesien die vader werkloos is sedert Mei 1967. Die vader het skynbaar alle belang in die lewe verloor en lê gedurig. Sy oë het trekkings en hy haal swaar asem. Daar is deur 'n mediese dokter aanbeveel dat hy 'n psigiater moet spreek.

Die moeder werk en verdien R77 per maand. Alhoewel finansieel swak daaraan toe is die huis netjies en almal goed geklee. Die proefpersoon is altyd netjies op skool.

Dissipline rakende die proefpersoon is swak en die moeder klaan ook dat hy soms vloek en op haar skree. Sy sien in hom haar toekoms en is oorbeskermend en bederf hom. Die proefpersoon verdien ook deelyds geld deur onder andere truie te brei en te verkoop, by die mallemeule te werk en tans na skool by 'n boukontrakteur te werk.

By die skool is die proefpersoon baie opdringerig teenoor personeel, met die leerlinge meng hy nie. Hy is baie nuuskierig en soek gedurig aandag. Sy skolastiese werk is redelik goed. Hy vertel dikwels leuens en probeer gedurig op die voorgrond wees. Hy het vroeër stokkies gedraai.

2. SAPAT:Storie no. 1:

Dis van twee muise, jy kan sê drie muise. Dit is aand en hulle moes gaan slaap, behalwe die een. Maak dit maar vier muise. Die kat het een opgeëet. Die een het die ander een gaan soek. Hulle was nuuskierig en die kat gaan al drie nog vang.

Storie no. 2:

Die ma brei. Die pa praat met sy seun en as die seun nie luister nie gaan hy met die sambok slae kry, of iets anders sal met hom gebeur.

Storie no. 3:

Daar loop 'n onderwyser. Die twee seuns gaan skool toe. Hulle kom by die skool en hulle wag vir hulle maats. Hulle gesels oor die skoolwerk en vra of hulle hul huiswerk gedoen het. Toe gaan speel hulle saam met hulle maats. Hulle het lekker gespeel by die skool. Die middag toe hulle huis toe is was Peter amper in 'n ongeluk en die volgende dag was Peter van angs nie in die skool nie.

Storie no. 4:

Hier was dit Kersfees. Almal het gespeel. Hier staan hy en kyk in die spieël. Hy kyk hoe mooi hy is met al die klere wat hy aan het. Die ander staan om hom. Almal speel en baljaar. Voor Kersfees het hulle besluit wat hulle gaan doen. Die dag met Kersfees het hulle met die optog begin.

Storie no. 5:

Hier is die ouers van die seun. Hulle is almal by bome. Dit het gehaël of gesneeu en die seun het hulle agtervolg. Dit was pikdonker. Hulle kon nie die pad huis toe kry nie. Hulle het daar rondgeloop en die seuntjie het agterna gekom en vir hulle agtervolg. Nou staan hy hier eenkant. Die ouers staan en gesels.

Storie no. 6:

Hier is vier van hulle. Hulle speel en is besig om hulle soos feetjies op te maak om te dans. Hulle het lekker bymekaar gespeel en toe kom daar 'n seun of 'n man en hy staan hulle en dophou. Toe vra hy wat hulle maak. Toe bly almal stil en hulle hou op met speel.

Storie no. 7:

Hier is ons kabouter in die nag weer. Sy het doodgegaan. Sneeuwitjie het buitekant gestaan. Hulle het gespeel en tekere gegaan. Toe het sy verklum van die ys en later het sy doodgegaan. Hulle het 'n staf gehad. Die elf kabouters het haar toe begrawe. Toe het die een weggeloop.

Storie no. 8:

Hier is twee paddastoel en die een ou sit op die paddastoel. Daar speel twee dogters en 'n seun. Daar agter is berge. Hulle het gespeel en toe het die een aan die slaap geraak en die ander het aangehou met speel. Daar het net twee oorgebly. Die ander het weggeraak. Die twee meisies het daar agter die berge gespeel. Toe hulle moes weggaan het hulle die een kabouter daar op die paddastoel gekry.

Storie no. 9:

Hierdie is Goudlokkies. Sy het in die huis ingegaan. Sy gaan sit toe op die stoel maar hy is te hard, die tweede was ook te hard. Die derde was reg.

Storie no. 10:

Hierdie kabouter weet nie wat om te doen nie. Hy dink wat hy moet doen. Hy is so alleen. Hy gaan na sy maat oorkant die straat. Hulle het gespeel en tekere gegaan. Hulle was toe 'n hele klomp bymekaar.

Gevolgtrekking:

Die proefpersoon is uiterlik rusteloos en onseker. Innerlik is hy neerslagtig, ongelukkig en minderwaardig. Hy word oorbeskerm en gevolglik het hy 'n sterk behoefte om op sy eie bene te staan. Die vader en die moeder word onbewus verwerp en is die belangrikste oorsaak waarom hy reeds weggeloop het van die huis. Hy probeer die huislike omstandighede vermy en is gevolglik gelukkiger by die skool. Hier egter probeer hy kompenseer vir sy minderwaardigheidskompleks deur alle aandag op hom te fikseer. Hy het ook 'n behoefte aan sekuriteit en veiligheid. Die ongelukkige toon in die stories dui daarop dat hy nie gelukkig is nie. Hy het 'n redelike sterk ego. Daar is moontlik 'n behoefte om die seksdrang te bevredig.

# Skema vir ontleding van protokolle

Naam: S.1

Ouderdom: 17 jr. 1 mnd.

V.O. : 10 jr. 9 mnde.

| No. | Toestand v. held      |                         | Omgewing<br>-sdruk   | Behoeftes             | Reaksies     |   |   | Vlak            | Toon | End | Soort<br>storie           | Waarde |
|-----|-----------------------|-------------------------|----------------------|-----------------------|--------------|---|---|-----------------|------|-----|---------------------------|--------|
|     | Uiterlik              | Innerlik                |                      |                       | Rig-<br>ting | A | S |                 |      |     |                           |        |
| 1   | Rusteloos<br>Onveilig | Pessimis-<br>ties       | Gevaar<br>(diere)    | Nuuskierig-<br>heid   | Weg          | 0 | 0 | Onder-<br>soek  | XR   | XR  | Skeppend                  | 4      |
| 2   | Onveilig              | Neerslag-<br>tig        | Vader                | Oorheers-<br>Verwerp  | Ambi         | A | 0 | Onthou          | XR   | XR  | Beskrywend                | 4      |
| 3   | Veilig en<br>bevrees  | Gelukkig,<br>Ongelukkig | Gevaar<br>(diere)    | Onveilig              | Na           | A | S | Doen            | VR   | XR  | Beskrywend                | 5      |
| 4   | Veilig,<br>Meerderw.  | Minder-<br>waardig      | Vriende<br>(Verwerp) | Vriende<br>(minderw.) | Ambi         | 0 | S | Doen            | NR   | NR  | Verbeelding               | 4      |
| 5   | Onveilig              | Onveilig                | Gevaar<br>(donker)   | Beskerm-<br>ing       | Weg          | A | 0 | Beplan          | XR   | XR  | Skeppend                  | 4      |
| 6   | Rustig,<br>Onseker    | Bly                     | Vader                | Vryheid               | Na           | A | S | Dag-<br>dromery | VR   | XR  | Beskrywend                | 4      |
| 7   | Onveilig              | Ongelukkig              | Moeder               | Verwerp-<br>ing       | Weg          | 0 | S | Dag-<br>drome   | XR   | XR  | Skeppend                  | 5      |
| 8   | Ongemaklik            | -----                   | Seks                 | Seks                  | Na           | A | S | Dag-<br>drome   | NR   | NR  | Beskrywend<br>Verbeelding | 4      |
| 9   | Rusteloos             | Ongelukkig              | Gevaar<br>(diere)    | Veilig-               | Weg          | 0 | S | Onder-<br>soek  | NR   | XR  | Cliché                    | 1      |
| 10  | Rusteloos             | Ongelukkig              | Inter-<br>fisies     | Spel                  | Na           | A | S | Beplan          | XR   | NR  | Verbeelding               | 3      |

PROEFPERSOON S. 2.1. Kliniese gegewens:

I.K. : 65

K.O. : 17 jaar 2 maande.

V.O. : 9 jaar 9 maande.

Geslag: Manlik.

Hy is die enigste seun en het vier susters. Hy is die derde oudste. Nie een van sy twee ouer susters werk nie.

Die huislike omstandighede is uiters swak en armoedig. Sy vader is 68 jaar oud en is die afgelope ses maande al bedlêend weens kanker. Hy is net vel en been en kan nie meer praat nie. Sy moeder is 59 jaar oud en het 'n moeilike taak. Alhoewel uiters armoedig is die huis tog netjies. Die totale inkomste vir die gesin per maand is R60.

Die moeder prys die proefpersoon baie as 'n flukse en gehoorsame seun. Hy weet net presies wat om te doen. Hy gaan nooit nêrens nie en het nie een maat nie. As hy van die skool af kom doen hy sy skoolwerk en daarna sy gewone pligte. Hy is die regterhand en neem eintlik die vader se plek in.

Hy het die gewone kindersiektes gehad. Hy kla baie oor hoofpyn en dat hy moeg word, gaan nogtans nooit later as 9 uur slaap nie, gewoonlik om 8 uur. Sy neus bloei ook baie.

Sy moeder kla omdat hy so skaam is, so sag praat en so maklik bloos. Hy is lief vir sy duiwe.

By die skool hoor of sien 'n mens hom nooit. Hy praat vreeslik sag en bloos gedurig. Sover bekend het hy geen maats nie en hy is 'n introvert in die ergste graad. Sy werk is baie netjies. Hy is 'n vriendelike seun.

2. SAPAT:Storie no. 1:

In die kamer lê twee muis. 'n Ander muis staan agter die deur vir hulle en loer. (Blokkring) Die muis agter die deur wil hulle skrik maak.

Storie no. 2:

In die sitkamer sit 'n tannie en brei. 'n Oom kom in en wil die dogtertjie groet. Agter hom hang 'n lang sweep. (Baie senuweeagtig)

Storie no. 3:

Twee seuntjies gaan skool toe. Daar is bome. Hulle groet hul onderwyser. In die klas is daar baie werk. Speeltyd gaan hulle onder die boom speel. By die huis gaan hulle huiswerk doen, daarna swem en dan speel. Dan gaan hulle weer hulle lesse oor en maak alles reg vir skool.

Storie no. 4:

Drie seuns en twee dogters staan by 'n spieël. Een dink hy gaan sy hare mooier kam as die ander. Hy gaan 'n mooi hoedjie maak met 'n tosseltjie. Hy gaan ook 'n spieëlkas maak. Ander een staan agter die spieël. Hy sê hy gaan 'n mooier spieëlkas maak.

Storie no. 5:

'n Ou tannie en 'n oom besluit om rivier toe te gaan. 'n Klein seuntjie sien ouers gaan en hy gaan agterna. Hy vat 'n mes en steek die bome se bas af. As hy klaar op die sand gespeel het gaan hy swem. Daarna gaan hy in die bome klim en blomme huis toe neem om in die tuin te plant.

Storie no. 6:

Daar is 'n groot saal en vier dogtertjies wat speel, dis vier feetjies. 'n Ander oom kom met die paadjie aangestap. Die oom klop aan die deur om binne te gaan. Hy kyk hoe speel die feetjies. Toe sê die oom hul het pragtige rokkies en goue vlerkies en hul haartjies is mooi opgemaak. Die oom sê hul speel mooi, hy dink dis laat en hy loop want hy het nog werk om te doen. Een feetjie sê sy is moeg en kan nie meer speel nie. Toe gaan almal huis toe.

Storie no. 7:

'n Klein dogtertjie besluit om in die bos rond te loop. Naderhand is sy ver van die huis en kon nie die pad terug vind nie. Die ouers gaan soek haar. Hulle kry haar nie. Sy stap al dieper en dieper die bos in. Dit word donker en sy kom by 'n huis uit. Sy is baie dors en gaan drink water by 'n riviértjie. Die ouers kan haar nie

vind nie. 'n Oom kom by haar. Sy vra waar haar huis is? Die oom be-  
duie haar. Amper die volgende môre kom sy by die huis. Haar moeder  
sê daar is gevaar in die bos. Sy sê sy sal nie weer alleen loop nie,  
maar liewers saam met haar ouers.

#### Storie no. 8:

'n Pragtige groot huisie. 'n Dogtertjie staan voor die huis.  
Sy sien haar pappie kom. Sy lag vir hom want hy is moeg en hy suk-  
kel met sy bene. Sy stap na hom en haar pappie sê hy is moeg. As  
hy by die huis kom gaan hy rus en 'n bietjie eet. Dan gaan hy in die  
tuin werk. Dan gaan hy die groot bome uitplant in rye. Hy gaan blom-  
me ook plant. Die dogtertjie gaan koffie maak, haar pa het hard ge-  
werk. Vanaand kan hy vroeg gaan slaap. Sy sal haar vuil rokkies gaan  
was want môre moet sy skool toe. Sy het toe haar kleertjies gestryk,  
haar skoene skoongemaak en toe gaan sy ook 'n bietjie slaap.

#### Storie no. 9:

Twee feetjies en twee seuntjies het besluit om by die berge  
te gaan speel op 'n grasperk. Een seuntjie speel saam met die dog-  
tertjies. Een dogtertjie het 'n wit rokkie aan. Die seuntjie loop  
verby die een feetjie na die ander een toe. Die een dogtertjie wil  
gaan rus. Die ander een lag en vra hoekom sy so gou moeg word. Hul-  
le besluit om onder die bome te gaan rus. Een seuntjie vra of die  
ander nie na die berg toe wil loop nie. Die twee dogtertjies dink  
hulle sal nie weer op die berg loop nie want dis gevaarlik en hul-  
le word moeg. Toe sê die seuntjie dat hulle huis toe moet gaan.  
Hulle loop stadig want hulle is moeg. By die dorp koop hulle koel-  
drank want hulle is dors en moeg.

#### Storie no. 10:

Dis 'n groot ou huis en 'n dogtertjie sit voor die huis. Langs  
die huis is 'n woonstel en dan weer huise. Die dogtertjie dink sy  
gaan op die woonstel rondloop om te kyk hoe dit bo-op lyk. Sy dink  
sy moet versigtig wees anders val sy af. Daar is pragtige mure en  
dis groot. Versigtig loop sy van die woonstel af na haar huis. Sy is  
nou baie moeg. Sy wens dat die tekeninge by die woonstel by haar huis  
was dan kon sy elke dag daarna kyk. Sy drink watertjies, gaan na haar  
kamer en rus 'n bietjie. Sy vra haar ma om na maats te gaan. Haar ma  
sê sy moet eers die huis aan die kantmaak. By haar maats speel sy lekker.

Skema vir ontleding van protokolle

Naam: S.2

Ouderdom: 17 jr. 2 mnde.

V.O. : 9 jr. 9 mnde.

| No. | Toestand van held   |                    | Omgewings<br>-druk    | Behoeftes          | Reaksies     |   |   | Vlak  | Eoon | End | Soort<br>storie  | Waarde |
|-----|---------------------|--------------------|-----------------------|--------------------|--------------|---|---|-------|------|-----|------------------|--------|
|     | Uiterlik            | Innerlik           |                       |                    | Rig-<br>ting | A | S |       |      |     |                  |        |
| 1   | Eensaam             | Eensaam            | Vriende,<br>(Verwerp) | Aggressie          | Na           | A | O | Doen  | NR   | NR  | Beskrywend       | 2      |
| 2   | Onveilig            | Bekommerd          | Ouers                 | Vryheid            | Na           | A | O | Dink  | NR   | NR  | Beskrywend       | 2      |
| 3   | Ongemak-<br>lik     | Morbied            | Skool<br>(Huiswerk)   | Speel              | Na           | A | - | Doen  | NR   | NR  | Sukses           | 3      |
| 4   | Minder-<br>waardig  | Minder-<br>waardig | Vriende<br>(Minderw)  | Prestasie          | Na           | A | O | Dink  | NR   | NR  | Beskrywend       | 3      |
| 5   | Eensaam             | Onveilig           | Ouers                 | Aggressie<br>Speel | Na           | A | O | Doen  | XR   | VR  | Sukses           | 4      |
| 6   | Veilig              | Bekommerd          | Gebrek<br>(energie)   | Speel              | Na           | A | S | Droom | VR   | XR  | Sukses           | 4      |
| 7   | Onveilig            | Ongeluk-<br>kig    | Gevaar<br>(Donker)    | Liefde             | Na           | A | S | Doen  | XR   | VR  | Sukses           | 4      |
| 8   | Vermake-<br>rig     | Bekommerd          | Vader<br>Skoolwerk    | Verwerp-<br>ing    | Na           | A | S | Doen  | XR   | VR  | Skeppend         | 5      |
| 9   | Vry                 | Afhanklik          | Minderw.<br>(fisies)  | Speel<br>Vryheid   | Na           | A | S | Droom | VR   | VR  | Verbeel-<br>ding | 4      |
| 10  | Onveilig<br>Eensaam | Ongeluk-<br>kig    | Huis<br>(Armoede)     | Nuusk.<br>Veiligh. | Na           | A | S | Droom | XR   | VR  | Verbeel-<br>ding | 5      |

Dis vyf uur en sy moet huis toe. Sy bad, eet en gaan slaap want sy is moeg want môre moet sy weer skool toe gaan.

### 3. Gevolgtrekking:

Uiterlik voel die proefpersoon hom eensaam en onveilig. Die proefpersoon is innerlik ongelukkig, bekommerd en uiters minderwaardig. Die feit dat hy die enigste seun is van vyf kinders het ook 'n invloed op hom. Hy identifiseer homself met 'n dogtertjie. Die proefpersoon het 'n sterk behoefte om met maats om te gaan en te speel. In die proses sien hy sy ouers in sy pad staan vanweë hul ouderdom en die feit dat hy baie verantwoordelikheid moet dra. Die proefpersoon het verder 'n behoefte aan liefde, sekuriteit en vryheid. Alhoewel 'n introvert is sy reaksies na ander mense toe.

Hy gee hom dikwels oor aan dagdromery om te kompenseer vir dit wat hy mis. Blykbaar is daar fisies iets met die proefpersoon verkeerd aangesien die held gedurig moeg word. Hy het 'n baie neutrale gemoedslewe alhoewel aggressie soms na vore kom.

### PROEFPERSOON S. 3

#### 1. Kliniese gegewens:

I.K.: 68.

K.O.: 17 jr. 3 mnde.

V.O.: 10 jr. 2 mnde.

Geslag: Manlik.

Daar is sewe kinders waarvan vyf nog in die huis is. Die proefpersoon is die vierde oudste. Hy het die gewone kindersiektes gehad. Sy oë was skeel maar is deur 'n operasie herstel.

Die moeder sê hy is hardkoppig maar fluks. Hy loop taamlik rond en gaan dikwels na sy suster toe. Die broer moet kyk of hy sy huiswerk doen. Die algemene dissipline is skynbaar swak. Hy het geen belangstelling behalwe om elke Sondag saam met sy pa vis te vang. Hy het een maat wat ongeveer drie myl van hom af woon.

Die huis is verwaarloos en slordig. Dis armoedig en die voordeur is teenaan die treinspoor. Die huis grens aan 'n kleurilingwoonbuurt. Die omstandighede is swak. Die ma lyk maar eenvoudig en moet deur die kinders gehelp word waar dit feite aangaan. Die vader verdien

R90 per maand.

2. S A P A.T.:

Storie no. 1:

'n Muis het geslaap. Hy staan nou op. Hy wil nou wegloop. Kyk of niemand hom sien nie. In die kamer is dit donker en hy voel bang. Die ander twee slaap nog soet.

Storie no. 2:

Dis ook van muise (Blokkring). Die ma sit en brel. Die pa praat met sy kind. 'n Skêr lê op die tafel. Daar is 'n koei se kop, 'n sambok en 'n mes teen die muur. Die pa raas met sy kind, die kind is bang.

Storie no. 3:

Twee seuns is op pad skool toe. Hulle loop en gesels. Hulle sien die onderwyser. Hulle het nie hul huiswerk gedoen nie. Dis al laat en die skool is al aan. Hulle is bang die onderwyser gaan hulle slaan. Hulle loop die hele pad en bewe. Dit is 'n mooi skool.

Storie no. 4:

Een kabouter kyk in die spieël. 'n Ander een kyk wat hy doen. Hul maak grappe en lag en gesels. Een kabouter het 'n lang broek met swart strepe. Die skoene se punte krul om.

Storie no. 5:

'n Seuntjie is saam met sy pa en ma in die bos. Hulle het verdwaal. Die seuntjie verkleum van die koue. Hy lyk ook amper soos 'n kabouter. Die bome is droog. Die wolke is dik. Die maan skyn helder. Dit lyk of dit sneeu.

Storie no. 6:

'n Klomp kabouters hou fees. Hul lag en speel en dans. Buite staan 'n kabouter. Binne is feetjies. Hy kyk hoe speel die feetjies. Een feetjie bind 'n gordel om haar lyf, die ander een stryk haar vlerke reg.

Storie no. 7:

'n Kabouter loop alleen deur die bos. Dit lyk of hy verdwaal het. Dis donker deur die bos. Hy kyk elke keer om, om te sien of hy nie iets gewaar nie. Dit is bitter koud en sy klere is maar dun.

Storie no. 8:

'n Dogter staan in die huis se deur. Toe sien sy 'n Bantoe verskyn agter 'n bos. Sy skrik haar asvaal en het nie krag om in die huis in te gaan nie. Sy staan maar net en kyk en sy bewe soos 'n riet. Haar pa en ma is nie by die huis nie.

Storie no. 9:

Twee feetjies en twee kabouters dans. Een dans en die ander een sit op 'n stoel. Hy lyk baie treurig en siek. Daar is hoë berge en groen bome.

Storie no. 10:

Hierdie kabouter is omgekrap. Sy klere en skoene is gelap. Hy lyk maar baie arm. Hy sit en kyk hoe die ander kabouters rondhardloop. Langs die huis is 'n asdrom met vuilgoed in. Die kabouter weet nie wat om te doen nie.

Gevolgtrekking:

Die proefpersoon voel hom uiterlik onveilig, verwaarloos, bedruk en bedroef. Innerlik is hy baie ongelukkig, minderwaardig, bekommerd en bang. Die groot oorsaak vir hierdie toestand is die swak huislike omstandighede waar armoede en gebrek die botoon voer.

PROEFPERSOON S. 41. Kliniese gegewens:

I.K.: 65.

K.O.: 17 jaar 5 maande.

V.O.: 9 jaar 9 maande.

Geslag: Manlik.

Die proefpersoon is die oudste van drie kinders. 'n Broertjie van sewe jaar is deur elektrisiteit doodgeskok. Die proefpersoon was ooggetuie hiervan. Hy het die gewone kindersiektes gehad. Hy werk in die middag en aande by 'n bioskoop. Hy het onlangs by die werk flou geword.

Volgens die moeder is hy fluks en gehoorsaam. Het min maats.

Die vader verdien R160 per maand. Die huis is armoedig en verwaarloos. Die ouers maak 'n goeie indruk.

Skema vir ontleding van protokolle.

Naam: S 3.

Ouderdom: 17 jaar 3 maande.

V.O.: 10 jaar 2 maande.

| No. | Toestand van held     |                                 | Ongewingsdruk.            | Behoeftes                 | Reaksies     |   |   | Vlak   | Eoon | End | Soort Storie | Waarde. |
|-----|-----------------------|---------------------------------|---------------------------|---------------------------|--------------|---|---|--------|------|-----|--------------|---------|
|     | Uiterlik              | Innerlik                        |                           |                           | Rigting      | A | S |        |      |     |              |         |
| 1.  | Onveilig              | Ongeluk-kig                     | Gevaar (Donker)           | Veilig-heid. Ver-werping. | Weg          | O | S | Beplan | XR   | XR  | Skeppend     | 4       |
| 2.  | Onveilig              | Ongeluk-kig                     | Vader                     | Veilig-heid               | Ambi-va-lent | A | O | Dink   | XR   | XR  | Beskrywend   | 4       |
| 3.  | Onveilig              | Bang                            | Onderwy-ser. Huis-werk.   | Veilig-heid               | Ambi-va-lent | A | O | Dink   | XR   | XR  | Beskrywend   | 4       |
| 4.  | Veilig                | Gelukkig                        | -                         | Speel                     | Na           | A | S | Doen   | VR   | VR  | Beskrywend   | 2       |
| 5.  | Onveilig              | Ongeluk-kig. Min-derwarig       | Gebrek (verklum)          | Sekuri-teit               | Na           | A | S | Dink   | XR   | XR  | Beskrywend   | 4       |
| 6.  | Veilig                | Tevrede                         | -                         | Speel                     | Na           | A | S | Dink   | VR   | VR  | Sukses       | 3       |
| 7.  | Verwaar-loos          | Ongeluk-kig                     | Donkerte Gebrek           | Versorg-ing               | Ambi-va-lent | A | O | Doen   | XR   | XR  | Beskrywend   | 4       |
| 8.  | Onveilig              | Afhanklik (Bekommerd)           | Gevaar Bantoe-albenwee    | Besker-ming. Vei-ligheid  | Na           | A | O | Dink   | XR   | XR  | Verbeel-ding | 5       |
| 9.  | Bedruk Bedroef        | Ongeluk-kig                     | Vriende Minderw. Verwerp. | Sekuriteit Liefde         | Na           | A | O | Dink   | XR   | XR  | Beskry-wend  | 4       |
| 10. | Onveilig Verwaar-loos | Ongeluk-kig, armoe-de, minderw. | Huis, ar-moede, -minderw. | Versorg-ing. Se-kuriteit  | Na           | A | O | Dink   | XR   | XR  | Beskry-wend  | 5       |

By die skool het die proefpersoon hom al skuldig gemaak aan swak gedrag teenoor meisies. Wanneer hy berispe word neem hy 'n negatiewe houding aan. Sy skoolwerk is netjies.

## 2. S A P A T:

### Storie no. 1:

Twee muise slaap in 'n lekker warm bed. Die pa muis kom hulle wakker maak want hul moet opstaan om kos te gaan soek. Hul kan nie heeldag so honger ly nie. Die pa muis wonder wat die twee muise gaan sê, maar hulle moet tog eet want as 'n mens nie eet nie gaan jy dood van die honger.

### Storie no. 2:

Daar is 'n pa, ma en 'n klein beertjie. Die ma brei. Die pa sê vir die kleintjie wat hy moet doen. Teen die muur is 'n kop van 'n bok. Die pa wil die klein beertjie se hare sny want die skêr lê op die tafel. Die klein beertjie is opgewek. Daar is 'n mes en 'n sam-bok teen die muur. As die klein beertjie stout is slaan die pa hom. Die ma beer het hoë hak skoene aan.

### Storie no. 3:

Twee seuns is op pad skool toe. Hulle loop vinnig. By die skool is 'n paar bome. Die geboue is nie groot nie. Daar stap 'n onderwyser met 'n tas na die skool. Die twee seuns het nie huiswerk gedoen nie en is bang vir slae want hulle het die vorige dag rondgeloop. Hulle dink wat hul vir die onderwyser sal sê om los te kom. Die onderwyser ken die twee seuns se ma goed, hulle is nou bang.

### Storie no. 4:

'n Dwergie staan voor 'n spieël. Hy maak sy gordel vas. Sy hoed sit skeef. Die kabouter agter die spieël kyk hoe die dwergie lyk. Die ander drie kabouters wonder wanneer hulle beurt kom om hulle hare te kam en reg te maak vir die konsert wat ongeveer drie uur begin. Die kabouter het 'n bont broek aan en 'n lang wit hoed op.

### Storie no. 5:

Die pa en die ma loop in die bos. Die bome is baie kaal. Die bome het nie blare nie. Die pa en ma wonder waar is die kabouter. Hy staan al die tyd agter die ouers. Die bome se wortels steek bokant die

grond uit. Op die grond lê 'n gebreekte tak. Die kabouter is baie bly om sy ouers weer te sien. Hy sien hul nou eers na drie jaar. Die ouers beseef nie dat die kind agter hul staan nie. Hy is baie bly om sy pa en ma weer te sien. Die plek lyk eensaam en verlate.

Storie no. 6:

Vier feetjies op die prent is besig om aan te trek. Die een maak 'n band vas om haar lyf. Die kabouter staan en wag vir die feetjie. Hulle het die vorige dag beplan om 'n ent te gaan stap. Die feetjies het mooi skoene aan. Daar is 'n portret teen die muur. Die boom het nie blare nie, dit lyk of hy dood is. Die kabouter wonder wanneer kom die feetjie. Toe feetjies amper klaar is maak hul die gordyne oop. Die kabouter verbaas hom omdat hulle so mooi aangetrek is. Die feetjie is bly omdat hulle gaan stap want dis nie vir haar lekker om in die huis te bly nie. Dit is vir die vier feetjies aangenaam om saam met die kabouter vir 'n uitstappie te gaan want dis warm in die huis, buite is dit koel.

Storie no. 7:

Die kabouter wonder hoe ver is dit nog na sy huis. Hy is verdwaal. Daar is bome sonder blare. Hy wonder waar hy gaan slaap. Hy het kos gesoek maar niks gevind nie. Meteens kyk hy om, hy het iets agter hom gewaar. Hy wonder wat dit was. Miskien was dit net sy verbeelding. Hy is nou bang om vorentoe te kyk. Miskien is dit skelms wat hom wil vang. Elke keer loop hy vinniger. Hy is bang vir die skelms. Daar is baie in die bos.

Storie no. 8:

'n Meisie staan buite op 'n klein stoepie. Sy is bly want sy sien haar broertjie kom wat sy lanklaas gesien het. Die wolke is mooi en dit kom reën. Om die hoekie staan 'n paar blomme. By die seun is mooi bome. Die meisie glimlag omdat sy haar broertjie lewendig kan sien. Sy is mooi aangetrek. Die seun loop vinniger. Hy is bly om sy suster weer te sien. Hy kom in 'n plaaspaadjie aangestap na die huis se kant toe. Die broer sal seker baie kan vertel, of hy werk gekry het of nie. Die meisie sal baie bly wees as haar broertjie werk gekry het, dan kan hulle lekker kos eet.

Storie no. 9:

Twee feetjies en een dwergie is besig om te dans. Die dwergie op die paddastoel lyk siekerig. Die twee feetjies en die een dwergie is baie opgewonde. Die lug is lekker vars tussen die berge en die bome. Die twee feetjies is baie bly omdat hulle saam met die dwergie kan speel. Hulle het lanklaas so 'n lekker uitstappie gehad. In die huis is dit baie warm en bedompig. Die dwergie op die paddastoel verwonder hom aan die ander wat speel. Dit is lekker om so te speel, maar hy is siek.

Storie no. 10:

'n Dwergie sit buite op die trappies. Hy wonder wanneer gaan hy weer saam met die twee feetjies vir 'n uitstappie. Ongelukkig is hy siek. Daar staan 'n asdrom en twee huise. Hy is eensaam en alleen en hy wonder wanneer gaan hy die twee feetjies weer sien. As 'n mens niks het om te doen nie verveel die tyd jou. As jy werk het om te doen gaan die tyd vinnig om. Sy hemp en sy hoed is stukkend. Die dwergie wonder wanneer kom sy ouers terug van die dorp af. Hulle is dorp toe om kos te koop. Die dwergie is baie honger. Hy wens sy ma-hulle kom al. Hy besluit toe om in die bosse te gaan stap. Toe hy terugkom het sy ma-hulle al gekom. Hulle het hom nou uitgesluit omdat hy nie by die huis gebly het soos hulle gesê het nie.

Gevolgtrekking:

Die uiterlike toestand is oor die algemeen 'n toestand van bedruktheid en verwaarlosing. Innerlik is hy bekommerd, bang en pessimisties. Verskeie dinge in die omgewing oefen druk uit op hom waarvan gebrek tuis, armoede en verwaarlosing die belangrikste is.

Daar is 'n baie sterk behoefte aan fisiese versorging en beskerming. Daar is blykbaar ook seksuele behoefte en 'n moontlike afwyking, ekshibisionisme, aangesien hy by die skool hom ook al skuldig gemaak het aan swak gedrag.

Skema vir ontleding van protokolle.

Naam: S 4.

Ouderdom: 17 jaar 5 maande. V.O.: 9 jaar 9 maande.

| No. | Toestand van held     |                         | Omgewingsdruk          | Behoeftes               | Reaksies |   |   | Vlak    | Toon | End | Soort Storie | Waarde |
|-----|-----------------------|-------------------------|------------------------|-------------------------|----------|---|---|---------|------|-----|--------------|--------|
|     | Uiterlik              | Innerlik                |                        |                         | Rigting  | A | S |         |      |     |              |        |
| 1.  | Verwaar-loos          | Bekom-merd              | Gebrek (Kos)           | Versor-ging             | Na       | A | S | Doen    | NR   | XR  | Beskrywend   | 3      |
| 2.  | Veilig                | Opgewek                 | Vader                  | ekshibisio-nisme.       | Na       | A | S | Doen    | VR   | VR  | Beskrywend   | 3      |
| 3.  | Onveilig              | Bang                    | Skoolwerk Onderwyser   | Besker-ming             | Na       | A | O | Dink    | XR   | XR  | Beskrywend   | 3      |
| 4.  | Tevrede               | Opgewon-de              | Vriende (Verwer-ping)  | -                       | Na       | A | S | Doen    | NR   | NR  | Beskrywend   | 2      |
| 5.  | Verwaar-loos          | Afhanklik               | Ouers (Verwaar-losing) | Versorg-ing             | Na       | A | O | Ont-hou | XR   | XR  | Skeppend     | 4      |
| 6.  | Gemaklik              | Opgewonde               | Vriende (Meisies)      | Seks. Nuuskie-rigtheid. | Na       | A | S | Doen    | NR   | NR  | Skeppend     | 4      |
| 7.  | Onveilig              | Bekommerd Bang          | Gevaar Skelms          | Versorg-ing. Sekuriteit | Weg      | A | O | Dink    | XR   | XR  | Skeppend     | 4      |
| 8.  | Bly                   | Bekommerd               | Gebrek (voedsel)       | Sekuriteit Versorg-ing  | Na       | A | S | Onthou  | VR   | VR  | Sukses       | 4      |
| 9.  | Bedruk                | Bekommerd Pessimis-ties | Huis(ar-moedig)        | Bystand?                | Na       | A | O | Dink    | XR   | XR  | Skeppend     | 3      |
| 10. | Verwaar-loos. Be-druk | Ongeluk-kig. Een-saam.  | Huis(ar-moede)         | Versorg-ing. Hulp       | Na       | A | O | Dink    | XR   | XR  | Skeppend     | 5      |

Hy is baie sterk afhanklik van ander en die feit dat hy alreeds moet help sorg het 'n stremmende invloed op sy persoonlikheidsontwikkeling.

Storie no. 8 dui moontlik op traumatiese gebeure, (broertjie wat doodgeskok is deur elektrisiteit).

### PROEFPERSOON S. 5

#### 1. Kliniese gegewens:

I.K.: 68.

K.O.: 15 jaar 4 maande.

V.O.: 9 jaar 5 maande.

Geslag: Manlik.

Daar is nege kinders en die proefpersoon is die sesde. Twee dogters en die res is seuns. Die proefpersoon het die gewone kindersiektes gehad asook bilharzia.

Die ouers is baie koöperatief en skep 'n goeie indruk. Die huis is netjies en die lewenspeil is goed. Die vader verdien ongeveer R230 per maand. Daar is 'n moontlikheid dat die vader 'n bietjie te veel drink. Die huislike tug word 'n bietjie agterweë gelaat. Die broer maak 'n baie goeie en aangename indruk.

Tans is die proefpersoon in die koshuis. Die vader kla dat hy vroeër ongehoorsaam was en ook baie humeurig. Hy het baie maats gehad en was dikwels uithuisig. Die proefpersoon het glo baie verander vandat hy in die koshuis is (Tug en dissipline?).

By die skool het die proefpersoon ook al baie humeursuitbarstings gehad. Hy is 'n regte klein kapokhaantjie. Hy vertel soms leuens en is ook onrespektabelik teenoor meerderes. Hy praat vreeslik baie in die klas en wil altyd op die voorgrond wees. In die klas verskaf hy heelwat dissiplinêre moeilikheid. Hy is soms onderduims. Hy is vrygewig teenoor arm kinders. Sy klaswerk is redelik goed.

#### 2. S A P A T:

##### Storie no. 1:

Dit lyk of hierdie mannetjie hulle gaan wakker maak om kwaad

te doen of miskien kan hy iets van hulle gaan vat. (Blokking).

Storie no. 2:

Die groot een vertel vir die kleintjie iets. Hulle moet iemand gaan vang of so iets. Die mes en die sambok wys 'n mens iets daarvan. Dan moet hulle hom vasmaak en slaan. Dan moet hulle sy keel afsny (Blokking). Hulle moet sy geld vat en gaan kos koop want daar is nie kos op die tafel nie. (Gelag).

Storie no. 3:

Twee seuns hardloop skool toe. Hulle sien die onderwyser. Hulle is bang want hulle is laat vir skool. Hulle het miskien nie hulle huiswerk gedoen nie en is bang dat hulle pak gaan kry. Hulle hardloop skool toe.

Storie no. 4:

Dit lyk of hierdie ou kastig bioskoop prente wil kom wys. Die ander sit vir hom en lag want hy maak sulke snaakse goed in die speël. Dis vir hom seker iets snaaks om homself in die speël te sien.

Storie no. 5:

Dis 'n bietjie donker hier en hierdie twee het seker kom vry in die bos. Die klein outjie loer hulle af. Hulle kyk na die wolke se kant toe. Hierdie outjie lyk amper soos 'n kabouter.

Storie no. 6:

Feetjies maak reg om iets te gaan speel. Die klein kabouterjie wat daar aankom..... Hierdie een feetjie het so 'n groot sak affêre.

Storie no. 7:

Hierdie outjie is seker 'n klein skelm. Toe loop hy weg. Dit is die rede hoekom hy so agter hom loop en kyk. Hierdie bome lyk soos blitse as die weer slaan. Dis lekker donker, die bome is kaal.

Storie no. 8:

Twee feetjies en twee kabouters wat in 'n bergagtige wêreld bly. Die een kabouter is baie treurig. Die ander drie speel en gaan tekere, hulle is vrolik. Die een wat so nors is sit op 'n padda-stoel. Langs die paadjie is bome en puntige berge. Die drie is beseig om te dans.

Storie no. 9:

Hierdie meisie staan by haar huis voor die agterdeur. Sy sien 'n gedaante. Daar is wolke, bome en 'n paadjie. Sy is bang. Sy dink hy gaan haar vang.

Storie no. 10:

Die outjie is baie verdrietig. Die mense het hom seker afgeskeep. Dit lyk of sy maats hom kwaad gemaak het.

Dis maar 'n vuil dorpie met windskeef huisies. Dis vuil. Daar is amper nie strate nie. Die asblik lyk soos 'n vaatjie. Daar is ou hout deure, die mure is lelik gebou. Dit lyk of die kêrel 'n plan in sy kop het, hoe om geld in die hande te kry sodat hy klere kan koop want sy klere is stukkend.

Gevolgtrekking:

Die uiterlike en innerlike toestand is wisselend. 'n Mens sal kan sê die persoon is baie emosioneel van geaardheid en buierig. Oor die algemeen is hy sorgloos en uiterlik selfstandig, dog daar is 'n sterk behoefte aan beskerming en versorging. Hy is rusteloos en het 'n behoefte aan seks. Daar is ook sterk sadistiese neigings wat moontlik gevaar inhou vir die toekoms.

Die proefpersoon voel hom ook minderwaardig as gevolg van 'n tengerige liggaamsbou en probeer kompenseer deur aggressiwiteit en dominerendheid. Daar is ook kriminele neigings.

Opvallend is die verwerping van beide ouers. Of die plasing in die koshuis iets hiermee te doen het is moeilik om te sê.

Skema vir ontleding van protokolle.

Naam: S 5

Ouderdom: 15 jaar 4 maande. V.O.: 9 jaar 5 maande.

| No. | Toestand van held |              | Omgewing<br>druk        | Behoeftes                | Reaksies |        |        | Vlak   | Toon | End | Soort<br>Storie    | Waarde. |
|-----|-------------------|--------------|-------------------------|--------------------------|----------|--------|--------|--------|------|-----|--------------------|---------|
|     | Uiterlik          | Innerlik     |                         |                          | Rigting  | A<br>o | S<br>o |        |      |     |                    |         |
| 1.  | Sorgloos          | Onderduims   | Interfisies (Rusteloos) | Aggressie                | Na       | A      | -      | Beplan | NR   | NR  | Skeppend           | 4       |
| 2.  | Sorgloos          | Sadisties    | Minderwaardig (fisies)  | Aggressie Domineering.   | Na       | A      | S      | Beplan | NR   | NR  | Skeppend<br>Sukses | 4       |
| 3.  | Onveilig          | Bang         | Tug (fisies)            | -                        | Na       | A      | S      | Doen   | XR   | XR  | Beskrywend         | 3       |
| 4.  | Meerderwarig      | Minderwarig  | Vriende (Minderwarig)   | Erkenning                | Na       | A      | S      | Doen   | NR   | NR  | Skeppend           | 4       |
| 5.  | Nuuskie-rig       | Onderduims   | Seks                    | Nuuskie-righeid en seks. | Na       | O      | S      | Doen   | NR   | NR  | Skeppend           | 5       |
| 6.  | Vry               | Nuuskie-rig  | Seks                    | Nuuskie-rig en seks      | Na       | O      | S      | Doen   | NR   | NR  | Beskrywend         | 4       |
| 7.  | Vry               | Bekommerd    | Gevaar (skelm)          | Besker-ming              | Weg      | O      | S      | Doen   | XR   | NR  | Skeppend           | 4       |
| 8.  | Eensaam           | Treurig      | -                       | Bystand                  | Weg      | -      | -      | Dink   | XR   | NR  | Beskrywend         | 2       |
| 9.  | Onveilig          | Bang         | Gevaar (Iemand)         | Besker-ming              | Weg      | A      | O      | Dink   | XR   | XR  | Beskrywend         | 3       |
| 10. | Bedruk            | Pessimisties | Maats                   | Versorging Besker-ming   | Na       | A      | O      | Dink   | XR   | XR  | Beskrywend         | 3       |

PROEFPERSOON S. 61. Kliniese gegewens:

I.K.: 68.

K.O.: 17 jaar 1 maand.

V.O.: 10 jaar 2 maande.

Geslag: Manlik.

Die proefpersoon is die jongste van twee kinders. Sy suster werk al. Hy het die gewone kindersiektes gehad. Hy het rumatiekkoors in 'n ligte graad gehad en het 'n lekhart daarvan oorgehou,

Sy vader is sewe maande gelede oorlede en dit het 'n groot invloed gehad op die proefpersoon. Die ekonomiese toestand was goed maar het versleg na die vader se dood. Die moeder neem tans loseerders in vir 'n inkomste.

Hy is soms ongehoorsaam en kry ook humeuropwellings. Hy is baie lief om te speel en iets te maak. Hy hou duiwe aan. Hy is baie verbeeldingryk, het min maats en speel baie alleen.

By die skool vorder hy stadig. Sy skrif is swak. Hy is linkshandig. Hy begryp iets moeilik. Hy lees goed. Kry soms humeuropwellings teenoor maats, nie teenoor personeel nie. Hy is minderwaardig en baie ingetoë.

2. S A P A T :Storie no. 1:

Dis twee muis wat slaap op 'n bed. 'n Ander een het gaan kaas soek. Nou kom hy terug om te kom slaap. Daar hang 'n portret.

Storie no. 2:

Die ma sit en brei. Die pa vertel vir die kleintjies storiëttjies. Agter hom hang sy jagmes en sy sambok. Die vrou lyk lelik want sy het 'n bril op.

Storie no. 3:

Twee seuns stap na die skool. Agter die skool is wolke. Die onderwyser kom ook aan met sy tas. Die seuns het hoede op, hulle kouse is af en hulle hempsmoue is afgerol. Voor die skool is bome.

Storie no. 4:

'n Kabouter staan voor die spieël. Die ander een hou die spieël vas. Sy ore het skerp punte. Die een se hoed is gelap. Hulle gaan nou 'n konsert opvoer.

Storie no. 5:

'n Ma en 'n pa loop in die bos. Hulle het gaan hout-kap om kos te kook. Die seuntjie volg hulle. Agter is 'n digte bos. Die seuntjie se skoene het skerp punte.

Storie no. 6:

Hulle is aangetrek soos feetjies. 'n Kabouter wag daar agter. Die een is besig om haar rok uit te trek. Agter hulle is gordyne. By die kabouter is 'n swart boom.

Storie no. 7:

'n Stout kabouter loop weg. Hy is baie kwaad. Die ander kabouters het hom geterg. Hy is op pad na 'n ander dorp. Langs die pad is 'n boom wat afgekap is.

Storie no. 8:

Die twee feetjies en 'n kabouter wat dans. Die ander kabouter is kwaad vir die feetjie omdat sy nie met hom wil dans nie. Nou sit hy op 'n paddastoel. Die twee feetjies dans lekker en sing liedjies.

Storie no. 9:

Dis 'n meisie wat kyk hoe haar pa weggaan om hout te gaan soek om kos te kook. Hare is mooi gekam, mooi rokkie aan. Die paadjie is krom. Die huis se deur staan oop en binne lyk dit donker.

Storie no. 10:

Dis 'n verlate dorpie. Die huise lyk lelik. Die kabouter weet nie wat om te doen nie want sy pa en ma het weggeloop. Sy klere en sy skoene is gelap. Hulle bly in 'n verlate huis. 'n Mens kan die rook by die ander huise sien. Die huise is vuil. Daar staan 'n vaatjie met 'n klomp rommel in.

Gevolgtrekking:

Byna geen projeksies kom na vore uit die stories nie. Die proef-

Skema vir ontleding van protokolle.

Naam: S 6.

Ouderdom: 17 jaar 1 maand. V.O.: 10 jaar 2 maande.

| No. | Toestand van held |            | Omgewings-<br>druk  | Behoeftes             | Reaksies     |        |        | Vlak | Foon | End | Soort<br>Storie | Waarde |
|-----|-------------------|------------|---------------------|-----------------------|--------------|--------|--------|------|------|-----|-----------------|--------|
|     | Uiterlik          | Innerlik   |                     |                       | Rig-<br>ting | A<br>o | S<br>o |      |      |     |                 |        |
| 1.  | Veilig            | Gelukkig   | Rusteloos. Voedsel. | Versorging.           | Na           | A      | S      | Doen | NR   | NR  | Beskrywend      | 2      |
| 2.  | Veilig            | Tevrede    | Ouers               | Sekuriteit            | Na           | A      | S      | Doen | NR   | NR  | Beskrywend      | 3      |
| 3.  | Veilig            | Gelukkig   | Skool               | Erkenning             | Na           | A      | S      | Doen | NR   | NR  | Beskrywend      | 2      |
| 4.  | Veilig            | Tevrede    | Vriende             | Speel                 | Na           | A      | S      | Doen | NR   | NR  | Beskrywend      | 3      |
| 5.  | Veilig            | Gelukkig   | Ouers               | Sekuriteit            | Na           | A      | S      | Doen | NR   | NR  | Beskrywend      | 2      |
| 6.  | Veilig            | Tevrede    | Vriende             | Speel                 | Na           | A      | S      | Doen | NR   | NR  | Beskrywend      | 2      |
| 7.  | Onveilig          | Ongelukkig | Vriende Verwerping  | Erkenning             | Weg          | A      | O      | Doen | XR   | NR  | Beskrywend      | 4      |
| 8.  | Kwaad             | Ongelukkig | Vriende. Verwerping | Vriendskap. Erkenning | Weg          | A      | O      | Doen | XR   | NR  | Beskrywend      | 4      |
| 9.  | Veilig            | Tevrede    | -                   | Kameradskap           | Na           | A      | S      | Doen | NR   | NR  | Beskrywend      | 2      |
| 10. | Onveilig          | Ongelukkig | Ouers (Verwerping)  | Sekuriteit            | Na           | A      | O      | Doen | XR   | NR  | Beskrywend      | 5      |

70/...

persoon het 'n trae gemoedslewe.

Wat wel duidelik na vore tree is sy afhanklikheid van andere en sy frustrasie as hy nie na wense behandel word nie. In so 'n geval word hy aggressief.

Die proefpersoon lei 'n oorbeskermd lewe en sy afhanklikheid van sy moeder kom duidelik na vore uit die laaste storie. Die feit dat sy vader oorlede is bind hom nog meer aan sy moeder.

Oor die algemeen is hy uiterlik en innerlik gelukkig. Hy het 'n swak ego en is minderwaardig en teruggetrokke.

### PROEFPERSOON S. 7

#### 1. Kliniese gegewens:

I.K.: 61.

K.O.: 16 jaar 6 maande.

V.O.: 9 jaar 2 maande.

Geslag: Manlik.

Daar is vier kinders en die proefpersoon is die tweedejongste. Die vader is 'n verkoopsman. Die samewerking van die ouers is baie goed en die huislike omstandighede is goed.

Die proefpersoon is 'n maand te vroeg gebore. By geboorte was hy blou. Hy het suurstof en inspuitings ontvang. Het 2 maande in die inrigting gebly. Op ouderdom een jaar het 'n medikus hom as 'n waterhoof geklassifiseer. 'n Internis het X-straalplate geneem en hom vier dae onder observasie gehou. Sy bevinding was anders. Op  $1\frac{1}{2}$  jaar was daar 'n gebrek aan bloedselvorming. Op  $2\frac{1}{2}$  jaar het hy begin loop. Op 4 jaar is 'n goeie ondersoek gedoen en is hy as verstandelik-agterlik geklassifiseer.

Op  $7\frac{1}{2}$  jaar is hy skool toe. Vordering was aanvanklik goed maar het swakker geword. Hy het gehakkel maar dit het later verdwyn alhoewel hy nog onduidelik praat.

Die dissipline is redelik, alhoewel die proefpersoon baie oorgesien word. Hy raak opstandig as hy kort gevat word. Hy vloek ook baie. Hy is baie impulsief van geaardheid.

Sy broers en susters kom goed met hom oor die weg. Hy kry te veel aandag. Hy kan 'n bietjie klavier speel. Sy belangstelling is baie infantiel. Tans ontvang hy inspuitings omdat die seksuele ontwikkeling te stadig is.

By die skool is die vordering swak. Hy seek gedurig aandag en is soms lastig. Fisies is hy onder-ontwikkeld en sy spierkoördinasie is swak. Sy insig in sake is swak. Hy het geen maats nie.

## 2. S A P A T:

### Storie no. 1:

Twee slaap. Die een dink hy gaan by hulle inkruip. Hy dink hy gaan nou vir hulle kos maak. Dan kan hulle die volgende môre opstaan en doen wat hulle wil. Hulle kan rondloop of onder die boom speel of na die ander man gaan. Hy dink hy gaan nou die lig afsit en dan gaan hy ook slaap.

### Storie no. 2:

Die tannie brei. Die oom vertel wat hulle kan doen. Hy hou sy tand vas want hy dink hy gaan pak slae kry. Die oom lyk 'n bietjie kwaad. Die vrou brei vir die kleintjie 'n trui.

### Storie no. 3:

Die een seun wat daar ver loop dink hy is laat en hy gaan slae kry. Die ander twee is ook laat. Hulle gaan raas en slae kry. As hulle laat kom gaan hulle na die hoof. Die juffrou sal kwaad wees as hulle slae kry want dan kan hulle nie hulle werk so goed doen nie. Hulle gaan kwaad wees en die ander een gaan ook kwaad wees.

### Storie no. 4:

Dit lyk of hulle konsert hou. Hulle dink hulle is baie snaaks. Hulle dink hulle kan die konsert opvoer vir hulle maats en kan baie geld insamel. Hulle kan alles doen wat hulle wil. Die een wat eenkant sit dink hy gaan snaakse goed doen. Die ander een dink hy is lelik.

### Storie no. 5:

Die twee wat in die donker staan vertel vir mekaar waarheen hulle gaan. Die seun dink hy sal hulle agtervolg en dan kan hy hulle bang maak. As daar nou 'n slang kom dan kan hy hulle pik. Hulle kan dan maar doen wat hulle wil.

Storie no. 6:

Die seun buite kyk wat hulle doen. Die een dogter doen ballet en die ander kyk. Die seun wil dit ook kom doen. Hy kan dan vir hulle wys wat is reg of verkeerd. Hulle moet dit mooi doen anders kan hulle nie rondloop nie en die dogtertjie sal kwaad word.

Storie no. 7:

Die dogtertjie dink daar is spoke of iemand kom aan wat haar kwaad-maak. Sy draai om en kyk wat agter haar is. Sy gaan vir haar ma vertel van die spook wat haar wil vang en doodmaak. As sy weer moet loop sal sy 'n ander pad loop want sy is vreeslik bang vir die spoke. Sy sal vir haar ma vra of sy nie by die huis kan bly nie of dat haar broer saam met haar moet gaan.

Storie no. 8:

Sy sien daar loop 'n man. Sy dink die man sal haar vang. As dit begin reën moet sy die man gaan help. Die spoke kan hom vang of die wolwe of sy voet kan gly en hy kan in 'n rivier val. Sy wil hom gaan haal. Die oom sal haar opeet as sy nie vir hom kos gee nie, of hy sal haar doodmaak.

Storie no. 9:

Drie dogters. Die een dogter huil dat die trane loop want sy kan nie saam met die ander gaan speel nie. Hulle gaan vir haar kwaad word. Sy lyk siek. Sy gaan nou na haar ma, die sal vir haar maats soek. As dit reën gaan die ander tog sopnat reën en sy sal nie natreën nie.

Storie no. 10:

Die dogtertjie is eensaam. Sy wil nie in die huis gaan nie. Sy wil rondloop na haar maats toe. Sy wil vir haar nuwe klere koop. Haar pappie sal baie geld kry. Hulle kan vir hulle 'n perdekar koop. Of hulle kan landerye aanlê en perde en beeste aanhou. Haar mammie kan weer vir haar 'n trui brei en sy kan lekker warm na die skool gaan.

Gevolgtrekking:

Hy voel hom uiterlik onveilig en minderwaardig. Innerlik is hy

Skema vir ontleding van protokolle.

Naam: S 7.

Ouderdom: 16 jaar 6 maande. V.O.: 9 jaar 2 maande.

| No. | Toestand van held |                       | Omgewing druk.           | Behoeftes                 | Reaksies |   |   | Vlak | Foon | End | Soort Storie        | Waarde |
|-----|-------------------|-----------------------|--------------------------|---------------------------|----------|---|---|------|------|-----|---------------------|--------|
|     | Uiterlik          | Innerlik              |                          |                           | Rigting  | A | S |      |      |     |                     |        |
|     |                   |                       |                          |                           |          | O | O |      |      |     |                     |        |
| 1.  | Vry               | Rusteloos             | Inter-fisies (Rusteloos) | Speel Vryheid             | Na       | A | S | Dink | NR   | NR  | Verbeelding         | 3      |
| 2.  | Ongemaklik.       | Bekommerd             | Ouers                    | Beskerming                | Na       | A | S | Doen | XR   | NR  | Beskrywend          | 2      |
| 3.  | Onveilig          | Bekommerd             | Skool (tug)              | Aggressie                 | Weg      | O | O | Dink | XR   | XR  | Skeppend Beskrywend | 4      |
| 4.  | Vry               | Gemaklik              | Vriende Minderwaardig    | Iets te bereik. Erkenning | Na       | A | O | Dink | NR   | XR  | Skeppend Beskrywend | 4      |
| 5.  | Ongemaklik        | Rusteloos             | Inter-fisies (Rusteloos) | Aggressie                 | Na       | A | O | Dink | NR   | NR  | Verbeelding         | 3      |
| 6.  | Veilig            | Meerderwarig          | Inter-fisies (Rusteloos) | Iets te bereik            | Na       | A | S | Doen | VR   | NR  | Beskrywend          | 3      |
| 7.  | Onveilig          | Bang                  | Gevaar (Spoke)           | Beskerming, Hulp          | Na       | A | O | Dink | XR   | NR  | Verbeelding.        | 4      |
| 8.  | Onveilig          | Bang                  | Gevaar man (spoke)       | Sekuriteit                | Na       | A | O | Dink | XR   | XR  | Verbeelding.        | 4      |
| 9.  | Verlate Bedruk    | Ongeluk-kig           | Vriende (Verwering)      | Erkenning. Eie-waarde.    | Na       | A | O | Doen | XR   | XR  | Skeppend            | 5      |
| 10. | Eensaam           | Rusteloos Ongeluk-kig | Inter-fisies (Rusteloos) | Speel Vryheid             | Na       | A | O | Dink | XR   | VR  | Verbeelding         | 4      |

74/...

baie rusteloos. Hy het 'n baie sterk behoefte aan beskerming, speel en om iets te bereik. Hy raak aggressief as hy nie sy sin kry nie. Tot 'n mate is hy sadisties en vermakerig.

Sy geesteslewe is infantiel en hy moet as sodanig behandel word. Hy het 'n swak ego. Hy is 'n baie angstige kind en sien in baie dinge 'n bedreiging. Hy het 'n behoefte aan prestasie of eiewaarde en om met maats te verkeer.

### PROEFPERSOON S. 8

#### 1. Kliniese gegewens:

I.K.: 68.

K.O.: 16 jaar 4 maande.

V.O.: 10 jaar 2 maande.

Geslag: Manlik.

Daar is drie broers en twee susters in die huis. Die proefpersoon is die derdejongste. Die vader is oorlede en die moeder is weer getroud. Die vader is streng. Die ekonomiese toestand is goed. Die moeder steur haar nie veel aan tug en dissipline nie. Die vader is 'n skagman en die moeder 'n privaat verpleegster. Sy is slegs saans tuis. 'n Bediende kook en sorg vir die kinders.

Die proefpersoon is elke middag uithuisig en kom saans ses uur by die huis. Hy het baie maats. Hy doen baie min huiswerk en stel in weinig belang. Die vader kla oor ongewenste maats.

In die skool is sy klaswerk swak en hy stel weinig belang. Hy draai stokkies, vertel leuens, is soms voor op die wa en die onderwysers kla almal dat hy gedurig moeg is. Ten spyte hiervan word geen siektetoestand op sy mediese verslagkaart aangetoon nie. Die toestand kan seer sekerlik toegeskryf word aan sy rondlopery elke dag.

#### 2. S A P A T:

##### Storie no. 1:

Twee slaap. Die een maak die deur saggies oop om te kyk of hulle slaap. Hy sien daar is nie plek op die bed nie en hy sal maar teruggaan na sy eie kamer.

Storie no. 2:

Die tannie sit en brei. Die grote sê vir die kleintjie hulle moet die tannie gaan pla en dan weghardloop. Dan wil hulle weer die tannie pla sodat sy die breiwerk kan los.

Storie no. 3:

Die een seun vra vir die ander of hulle nie vanmiddag by die ander seun wat so alleen loop kan gaan speel nie. Dan speel hulle drie saam.

Storie no. 4:

Die seun wat in die spieël kyk het nog nooit 'n spieël gesien nie. Die ander drie kan nie glo dat hy so lyk nie. Hulle lag vir hom.

Storie no. 5:

Die seuntjie se pa en ma het in die bos gaan loop. Hulle het die seuntjie by die huis gelos. Die seuntjie is bang en hy agtervolg sy ma-hulle. Die ouers kyk na die wolke. Die seuntjie kyk ook na die wolke. Hy kruip agter die bome weg. Toe gaan hy stilletjies huis toe.

Storie no. 6:

Hulle is besig om aan te trek. Die seun het geklop om in te gaan. Hulle wou nie oopmaak nie en toe loop hy om die huis en kyk by die venster in. Toe klop hy weer, hulle wou nie oopmaak nie. Toe loop hy. Die een dogtertjie gaan agterna en laat hom maar binnekom.

Storie no. 7:

Die seun loop in die donker. Hy wil gaan kyk wat is in die gat. Hy hoor iemand agter hom en hardloop vinnig na die gat toe. Toe hy daar kom is dit pikdonker en hy kan nie sien nie. Hy hardloop huis toe en sien iemand vir hom kyk. Hy kruip toe agter die bome weg.

Storie no. 8:

Die dogtertjie en die seuntjie het in die huis gesit. Die seuntjie het die dogtertjie kwaad gemaak. Die seuntjie loop toe. Die dogtertjie gaan lê op die bed en huil want sy is jammer dat die seuntjie geloop het.

Storie no. 9:

*Drie speel. Een seun sit op 'n paddastoel. Die dogtertjies wil hom nie daar hê nie want hy het nie 'n hoed op nie. Toe kyk hy maar hoe speel hulle. Daarna het die een dogtertjie by hom gaan sit.*

Storie no. 10:

*Die seuntjie het laat gespeel. Toe hy by die huis kom is die huis al gesluit. Al sy maats slaap al. Hy wag dat sy ma-hulle die deur moet oopmaak. Sy ma het hom 'n pak slae gegee en hy mag nooit weer in die aand uitgegaan het nie.*

Gevolgtrekking:

*Uiterlik voel hy alleen en onveilig. Innerlik is hy ongelukkig, minderwaardig en rusteloos. Sy rusteloosheid kan toegeskryf word aan 'n behoefte vir beter versorging en erkenning. Hy het verder 'n behoefte aan liefde en eiewaarde. Die gebrek aan 'n eie vader speel hierin 'n groot rol, asook die feit dat die moeder so uithuisig is.*

*Hy is baie afhanklik van ander en dit verklaar sy uithuisigheid. Verder voel hy hom deur sy ouers verwerp.*

*Interessant is stories nommers ses, agt en nege. In alle gevalle is dit 'n dogter wat by die held toenadering seek. Dit dui op 'n sterk geneëntheid vir die teenoorgestelde geslag. Blykbaar het hy nie self die moed om toenadering te seek nie, of miskien voel hy hom minderwaardig; daarom dat die dogter die toenadering seek.*

PROEFPERSOON S. 91. Kliniese gegewens:

*I.K.: 75.*

*K.O.: 17 jaar 1 maand.*

*V.O.: 11 jaar 3 maande.*

*Geslag: Manlik.*

*Daar is twee seuns en een dogter in die huis. Die proefpersoon is die jongste. Hy het die gewone kindersiektes gehad. Hy het buikstuipe gehad tot ongeveer drie jaar. Hy het begin hikkol toe hy*

Skema vir ontleding van protokolle.

Naam: S 8.

Ouderdom: 16 jaar 4 maande V.O.: 10 jaar 2 maande.

| No. | Toestand van held |               | Omgewing<br>druk            | Behoeftes               | Reaksies     |   |   | Vlak | Toon | Tug | Soort<br>Storie     | Waarde |
|-----|-------------------|---------------|-----------------------------|-------------------------|--------------|---|---|------|------|-----|---------------------|--------|
|     | Uiterlik          | Innerlik      |                             |                         | Rig-<br>ting | A | S |      |      |     |                     |        |
| 1.  | Alleen            | Ongemaklik    | Inter-fisies(Rusteloos)     | Versorging              | NA           | A | O | Doen | NR   | NR  | Beskrywend          | 3      |
| 2.  | Alleen            | Ongemaklik    | Inter-fisies(Rusteloos)     | Versorging              | Na           | A | O | Doen | NR   | NR  | Beskrywend          | 3      |
| 3.  | Veilig            | Gemaklik      | Inter-fisies(Rusteloos)     | Speel                   | Na           | A | S | Doen | NR   | NR  | Beskrywend          | 4      |
| 4.  | Alleen            | Minderwaardig | Vriende (Minderwaardigheid) | Hulp-aanvaarding        | Na           | A | O | Doen | NR   | XR  | Beskrywend          | 4      |
| 5.  | Onveilig          | Verwerp       | Ouers(verwerping)           | Versorging. Erikenning  | Na           | A | O | Dink | XR   | XR  | Beskrywend. Skepend | 5      |
| 6.  | Alleen            | Rusteloos     | Vriende. Verwerping         | Nuuskie-righeid         | Na           | A | O | Doen | NR   | NR  | Beskrywend. Skepend | 3      |
| 7.  | Onveilig          | Bang          | Gevaar (Donker. Iemand)     | Nuuskie-righeid en hulp | Ambi-ya-lent | A | O | Doen | XR   | XR  | Skepend             | 3      |
| 8.  | Bedruk            | Ongeluk-kig   | Vriende (Verwerping)        | Seks                    | Weg          | A | O | Dink | XR   | XR  | Skepend             | 4      |
| 9.  | Verlate           | Ongeluk-kig   | Verwerping                  | Seks                    | Na           | A | O | Dink | XR   | VR  | Sukses              | 5      |
| 10. | Verlate           | Afhanklik     | Tug                         | Ver-sorging             | Na           | A | S | Dink | XR   | XR  | Skepend.            | 4      |

skool toe is. Tans is die toestand heeltemal normaal alhoewel hy onder gespanne toestande nog effens hikkkel. 'n Internis het sy vertraging toegeskryf aan voorgeboortelike oorsake.

Die vader is 'n rangeerder op die spoorweë en die ekonomiese toestand is goed. Die vader en die proefpersoon kom goed oor die weg.

Die moeder sê hy is gehoorsaam dog kry soms humeuruitbarstings en dreig dan om weg te loop. Hy is baie emosioneel van geaardheid en het 'n swak konsentrasievermoë. Alle ligte werkies word op hom afgeskuij deur die moeder, broer en suster. Die moeder beskerm hom te veel en pas nooit tugmaatreëls toe nie.

Hy het geen belangstellings nie behalwe om elke Maandagaand bioskoop toe te gaan. Hy voel minderwaardig omdat hy in 'n spesiale skool is. Hy het 'n paar maats.

By die skool is sy werk redelik goed. Hy sukkel egter baie met Rekenkunde. Hy is baie in homself gekeer en is 'n introvert. Hy neem aan geen aktiwiteite deel nie. Hy is baie emosioneel en gespanne.

## 2. S. A P A T:

### Storie no. 1:

Daar is drie muiise. Twee muiise slaap. Een muis kom by die deur in. Daar hang 'n portret.

### Storie no. 2:

Daar is drie mense, 'n ma, pa en 'n kind. Die pa raas met die kind want hy lyk bang. Die ma brei. Daar is 'n bok, 'n mes en 'n sambok teen die muur. Die ma lag. Dit lyk of die pa die kind wil slaan want die kind se oë is groot. Dit lyk of die bok vir hulle kyk.

### Storie no. 3:

Twee seuns met boeksakke en pette gaan skool toe. Die onderwyser gaan ook skool toe. Hy het 'n bril op. Daar is 'n paar bome en die skool. Daar is 'n gangetjie wat in 'n gebou inloop. Dit lyk of die seuns gesels of stry.

Storie no. 4:

Daar is vyf kinders met lang ore, drie het hoede op. Dit lyk of die ander drie gesels. Die een by die spieël gesels ook. Die seun voor die spieël het 'n lang broek aan.

Storie no. 5:

'n Seuntjie staan in die veld tussen droë bome. Hy het lang ore. Hy wys vuur vir die man en die vrou. Sy hare is deurmekaar. Daar is vyf bome en een grasbossie. Die sand lê hoog. Die seun dink seker sy pa en ma wil hom alleen los.

Storie no. 6:

Vier feetjies is in 'n kamer. Langsaan is 'n deur. Die feetjies is besig om te speel. By die venster is 'n mannetjie met lang ore. Hy het 'n wit hemp aan en vaal kouse. Die vier dogters wil speel. Die een sit 'n ding om haar lyf. 'n Seun staan buite. Die een dogter het 'n vaal rok aan en die ander een 'n wit rok.

Storie no. 7:

Daar is 'n seun met lang ore, vaal klere en swart skoene. Dis nag. Hy kyk om en wil weggloop. Voor is 'n gat. Die seun loop soontoe. Daar is droë bome. Die seun het swart hare.

Storie no. 8:

'n Dogter staan in 'n huisie se deur. Die huisie het 'n swart dak. Daar is bome en daar kom 'n man aan. Die dogter dink die man kom hulle besoek. Sy het 'n wit rokkie aan, haar hare is wit. Sy het wit kouse met swart skoene aan. Agter is 'n wit wolk.

Storie no. 9:

Daar is twee feetjies en twee kabouters. Die een kabouter dans met die twee feetjies. 'n Ander kabouter sit op 'n paddastoel, hy het 'n lang broek aan met wit en swart strepe. Daar is 'n paar bome en berge.

Storie no. 10:

In 'n huisie sit 'n seuntjie met lang ore. Sy klere is stuk-kend. Daar is twee huise. By die een huis kom rook uit. Die seuntjie is treurig. Hy wil weggloop. Daar is 'n asblik langs die huis. Die

Skema vir ontleding van protokolle.

Naam: S 9.

Ouderdom: 17 jr. 1 mnd.

V.O.: 11 jr. 3 mnde.

| No. | Toestand van held |                   | Omgewingsdruk.     | Behoeftes.              | Reaksies |   |   | Vlak      | Toon | End | Soort Storie        | Waarde. |
|-----|-------------------|-------------------|--------------------|-------------------------|----------|---|---|-----------|------|-----|---------------------|---------|
|     | Uiterlik          | Innerlik          |                    |                         | Rigting  | A | S |           |      |     |                     |         |
|     |                   |                   |                    |                         |          | 0 | 0 |           |      |     |                     |         |
| 1.  | Veilig            | Apaties (Heymans) | -                  | -                       | Na       | A | S | Doen      | NR   | NR  | Beskrywend.         | 0       |
| 2.  | Onveilig          | Bang              | Tug (Fisies)       | Hulp                    | Na       | A | O | Doen      | XR   | XR  | Beskrywend          | 4       |
| 3.  | Veilig            | Gemaklik          | Skoolvriend        | Geselskap               | Na       | A | S | Doen      | NR   | NR  | Beskrywend          | 1       |
| 4.  | Veilig            | Apaties (Heymans) | Vriende            | Geselskap               | Na       | A | S | Doen      | NR   | NR  | Beskrywend          | 1       |
| 5.  | Aggressief        | Ongeluk-kig.      | Ouers (Verwerping) | Erkenning en veiligheid | Na       | A | O | Doen Dink | XR   | XR  | Beskrywend Skeppend | 4       |
| 6.  | Rustig            | Apaties (Heymans) | Vriende            | Erkenning.              | Na       | O | S | Doen      | NR   | NR  | Beskrywend          | 2       |
| 7.  | Onveilig          | Ongeluk-kig       | Minderwaardig      | Sekuriteit en eiewaarde | Weg      | O | S | Doen      | XR   | NR  | Beplan              | 4       |
| 8.  | Rustig            | Niksseg-gend.     | -                  | -                       | Na       | A | S | Dink      | NR   | NR  | Beskrywend          | 0       |
| 9.  | Veilig            | Tevrede           | Vriende            | Speel                   | Na       | A | S | Doen      | NR   | NR  | Beskrywend          | 0       |
| 10. | Onveilig          | Ongeluk-kig       | Minderwaardigheid. | Eiewaarde               | Weg      | A | O | Doen      | XR   | XR  | Beskrywend          | 5       |

rook kom by die ander huise se skoorstene uit.

### 3. Gevolgtrekking:

Hy is 'n redelike sterk introvert met 'n trae gemoedslewe. Volgens Heymans sal 'n mens hom as apaties kan klassifiseer. Hy is baie moeilik bereikbaar en hy het 'n skans om hom gebou. Soms word hierdie skans gebreek wanneer hy humeuruitbarstings kry by die huis. Hy is baie minderwaardig en het 'n sterk behoefte aan eiewaarde en erkenning.

Innerlik is hy ongelukkig en het by die huis al gedreig om weg te loop. Hierdie toestand word geprojekteer in stories sewe en tien. Wat die presiese oorsaak is, is moeilik om te sê, alhoewel daar 'n aanduiding is dat die skool (minderwaardigheid) en die ouers (oorbeskerming) die vernaamste oorsake kan wees. Hy het 'n swak ego.

### PROEFPERSOON S. 10

#### 1. Kliniese gegewens:

I.K.: 85.

K.O.: 15 jaar 8 maande.

V.O.: 12 jaar 9 maande.

Geslag: Manlik.

Daar is tien kinders in die huis. Die proefpersoon is die oudste. Die vader is 'n arbeider by die munisipaliteit. Sy salaris is R104 na aftrekkings. Volkswelsyn gee 'n toelaag van R56.00 per maand.

Die huislike omstandighede is uiters swak en benard. Dikwels is daar nie kos nie. Klere bestaan net uit die noodsaaklikste. Die huis en omgewing is uiters slordig. Byna al die kinders is ondervoed. Die vader en die moeder het geen oorleg nie en koop onnodige artikels op skuld.

Die proefpersoon help gedurig om motors te herstel. Verder melk hy soggens en saans 'n koei. Hy is uiters minderwaardig en kan 'n mens nie in die oë kyk nie.

By die skool is sy werk swak. Hy vertel leuens, draai stokkies en lewer geen positiewe bydrae nie. Hy neem aan niks deel nie en het weinig maats. Hy is beslis gedragsafwykend in 'n ernstige graad. Die belangrikste afwykings is die volgende: -

1. Eliminasieprobleme.
2. Slegte gewoontes.
3. Humeuruitbarstings.
4. Leuentaai.
5. Vloek en vuil taal.
6. Afknouerig.
7. Stokkiesdraaiery.
8. Leeglopery.
9. Misdadige neigings.

## 2. S A P A T:

### Storie no. 1:

Die muis wil wegloop van sy huis af. Hy wil gaan kaas steel. Toe vang die kat hom en eet hom op. Die ma en pa het na hom gesoek. Die kat het die ma ook gevang. Die pa is ook 'n ruk later dood.

### Storie no. 2:

Die outjie en sy pa jag altyd. Die seun weet nie hoe hy 'n bok gaan vang nie. Sy pa vertel hom hoe om 'n bok te vang. Hy gaan probeer toe. Hy vat toe die bok se kop en hang dit op. Sy ma brei truite wat hy aantrek as hy gaan jag. Sy pa slaan hom altyd met 'n sambok.

### Storie no. 3:

Twee seuns gaan skool toe. Langs die pad het die een 'n Rand opgetel. Toe baklei hulle oor die Rand. Toe slaan die een die ander een op sy oog. Die een gee toe die Rand vir die ander een. Die seun het ook nie sy Afrikaans geken nie. Hy het toe 'n pak slae gekry. Die middag het hulle lekkers en koeldrank gekoop.

### Storie no. 4:

Die seuns is besig met 'n konsert vir die end van die jaar. Hulle kyk nou wie moet dwergies wees. Die een sien hy sal 'n mooi dwergie wees. Al die mense het vir hulle gelag in die konsert.

Storie no. 5:

Die pa wil hulle in die bos los want hulle is baie arm. Hansie het wit klippies langs die pad gegooi. Die aand was sy ma-hulle weg en hy was alleen. Hy het darem weer die huis gevind. Die volgende keer het hulle broodkruummels langs die pad gegooi. Toe kon hulle nie weer die pad huis toe vind nie.

Storie no. 6:

Vier meisies trek aan soos feetjies. Hulle kon dit nooit regkry nie. Hulle het vir hulle vlerkies laat maak. Die aand het hulle 'n opvoering gehou in hulle eie kamer.

Storie no. 7:

'n Klein outjie het van sy ma-hulle af weggeloop. Hy kom toe in die bos. Daar was 'n klomp diere. Dit was sy vriende. Die diere vra aan hom waarom hy so laat rondloop. Hy sê toe hy het verdwaal. Die leeu sê toe hy is seker baie honger. Die kameelperd het gesê hy kan van die groen gras eet. Hy het gesê hy eet nie gras nie.

Storie no. 8:

Die pa, ma en dogtertjie bly in die veld. Die seun en sy pa het altyd gaan jag. Die dogtertjie wag vir hulle voor op die stoep. Sy sien haar pa kom alleen huis toe. Sy vra waar haar boetie is. Haar pa sê 'n leeu het hom gevang.

Storie no. 9:

Die feetjies en dwergies wat 'n partytjie hou in die berge. Die een is baie moeg en siek. Hy sit net stil en kyk. Die ander speel en lag. Toe dit laat word het hulle huis toe gegaan.

Storie no. 10:

Die ma en die pa is weg van die huis af. Hy weet nie hoe om in die huis in te kom nie. Die huis is toegesluit. Hy kan by die bure gaan bly. Hulle was egter ook weg. Hy het toe in die veld gaan slaap. Sy ma hulle het hom kom haal. Die volgende dag was sy ma hulle weer weg. Hy het hulle nie gekry nie. Sy ma hulle het gesoek na hom. Hulle kon hom nie kry nie.

Skema vir ontleding van protokolle.

Naam: S 10.

Ouderdom: 15 jr. 8 mnde.

V.O.: 12 jr. 9 mnde.

| No. | Toestand van held |                | Omgewingsdruk               | Behoeftes                        | Reaksies |   |   | Vlak   | Toon | End | Soort Storie | Waarde. |
|-----|-------------------|----------------|-----------------------------|----------------------------------|----------|---|---|--------|------|-----|--------------|---------|
|     | Uiterlik          | Innerlik       |                             |                                  | Rigting  | A | S |        |      |     |              |         |
| 1.  | Bedruk            | Ongeluk-kig    | Gevaar (diere)              | Versorging.                      | Weg      | 0 | 0 | Beplan | XR   | XR  | Skeppend     | 4       |
| 2.  | Onveilig          | Minderwaardig  | tug (Fisies)                | Bystand                          | Na       | A | S | Doen   | NR   | XR  | Skeppend     | 2       |
| 3.  | Min geleentheid.  | Minderwaardig. | Fisiese onsekerheid. Slae   | Aggresie                         | Na       | A | 0 | Doen   | XR   | VR  | Skeppend     | 3       |
| 4.  | Veilig            | Gelukkig       | Vriende                     | Speel                            | Na       | A | S | Doen   | VR   | VR  | Skeppend     | 2       |
| 5.  | Onveilig          | Bekommerd      | Gebrek (Besittings)         | Versorging.                      | Na       | A | 0 | Doen   | XR   | XR  | Cliche       | 3       |
| 6.  | Geen              | projeksie.     |                             |                                  |          |   |   |        |      |     |              |         |
| 7.  | Verwaarloos.      | Ongeluk-kig    | Gebrek (Besittings) en kos. | Versorging. Vriendskap.          | Weg      | 0 | S | Doen   | XR   | NR  | Verbeelding  | 4       |
| 8.  | Onveilig          | Ongeluk-kig    | Gevaar (diere)              | Sekuriteit. Bystand. By-skerming | Weg      | 0 | S | Doen   | NR   | XR  | Skeppend     | 4       |
| 9.  | Bedruk            | Ongeluk-kig    | Interfisies                 | Versorging. Bystand.             | Weg      | 0 | S | Doen   | NR   | XR  | Skeppend     | 3       |
| 10. | Onveilig          | Verwaarloos    | Huis (onstabiel)            | Sekuriteit. Stabieleit           | Weg      | 0 | S | Doen   | XR   | XR  | Skeppend     | 5       |

Gevolgtrekking:

Uiterlik is die proefpersoon onveilig, bedruk en verwaarloos. Innerlik is hy minderwaardig en ongelukkig. Talle omgewingsinvloede het 'n rol in sy persoonlikheids- en gedragstruktuur waarvan 'n onstabiele huis, armoede en gebrek die belangrikste is.

Hy is minderwaardig en het 'n sterk behoefte aan vriendskap, eiewaarde, versorging en beskerming. Sy behoefte is so intens dat hy van diere vriende maak.

Die sadistiese neigings kan toegeskryf word aan wrewel en onmin teenoor die ouers. Die masogistiese trekke kan toegeskryf word aan die feit dat hy meer aandag en liefde wil hê.

PROEFPERSOON D. 11. Klintese gegewens:

I.K.: 79

K.O.: 14 jaar 1 maand.

V.O.: 11 jaar 1 maand.

Geslag: Vroulik.

Daar is ses kinders in die huis. Die proefpersoon is die derde-oudste. Almal is dogters behalwe die oudste wat 'n seun is.

Die vader is 'n mynwerker en die huislike omstandighede is redelik goed. Die dissipline is swak, veral van die moeder se kant. Die proefpersoon gaan gereeld met werkende mans uit. Sy is baie uithuisig. Sy het die gewone kindersiektes gehad.

By die skool het sy haar al skuldig gemaak aan diefstal, leuentaai en haar werk is swak. Sy het ook seksprobleme.

Sy het min maats, is 'n introvert en is minderwaardig.

2. S A P A T:Storie no. 1:

Die vrou brei miskien vir die klein seuntjie. Daar hang 'n prent van 'n bokkie teen die muur. Pa moet vir die kind werk gee -

hy moet hout kap, huis skoonmaak of dalk kafee toe gaan. Die huis het lang vloerplanke. 'n Mes hang teen die muur (jag) en 'n sweep. Die seuntjie is klein - begin loop en het twee tandjies. Hy is nog bang vir pa en ma - later nie want dan leer hy hul ken. Pa raas soms - daarom is hy bang. Ma of pa gee hom soms pakkies as hy stout is.

#### Storie no. 2:

Die twee seuns is haastig - wil by skool kom. Hul is bang die skool sal begin en dan is hulle laat. Die skool is 'n groot gebou. Daar is groot koeltebome en grasperke. Dit lyk of dit liggies gereën het voor die skool begin. Hul het ordentlike skoolklere aangetrek. Hul praat met mekaar terwyl hul loop. Hul vertel wat hul in die skool gaan doen - Engels, Afrikaans en mikien sal hul Spelling skryf. Die een sê hy het nie huiswerk gedoen nie en gaan pak kry. Die ander een sê hy moet net 'n ordentlike verskoning hê. Die een sê hy is al moeg vir skool en wens om al in die Hoërskool te wees.

#### Storie no. 3:

Dis 'n natuurtoneel en lyk of dit half skemer word. 'n Vrou en man staan buite - het 'n entjie gaan wandel. Hy sê miskien vir haar dat die wolke mooi is. Dit lyk of dit gesneeu het - hul staan op die sneeu. Daar staan 'n dwergie agter hulle. Dit lyk of hy hul roep. Die ander dwergie staan half in die donker. Hul kyk vir die vrou en man. Miskien wil hul vir hul regeerder gaan sê of die vrou en man lief is vir mekaar. Hul sal straf kry (man en vrou) of vreeslik hard werk of pak kry of tronk sit omdat hul lief is vir mekaar.

#### Storie no. 4:

Konsert gaan gehou word. Almal is besig om aan te trek. Feetjies dra balletskoene. Toe kom aangetrekte dwergie na die saal toe. Die wolke agter is mooi. Hier en daar is lang bome wat liggies agter uitkom.

#### Storie no. 5:

Die veldhuisie lyk eensaam en alleen. Daar woon feetjies en dwergies in. Rondom is gras en blomme geplant. Hul het vuur in die stoof gemaak. Dit lyk soos 'n dubbelverdieping. Die dwergie en feetjie

loop hand aan hand om die huis. Die ander twee staan en gesels. Agter die huis kom wolke swart uit. Hul gaan seker ontbyt eet (agterste twee). Die voorste twee gesels oor hoe hul vanaand gaan dans as die maan helder skyn en hoe hul op die kriekies se rûe gaan rondry. Kriekie maak dan musiek - die aandbesies lig vir hulle as die maan wegraak agter die wolke. Ander feetjies en dwergies sit op paddastoel en kyk hoe hul dans. Hier en daar sal 'n padda kwaak.

#### Storie no. 6:

Dis aand tussen 9 en 11 uur. Dit lyk of een dwergie afstap na hul huis. Dit lyk of hy vir iets bang is. Die bome kom hier en daar so donker uit in die lig. Blare lê op die paadjie - gras kom tussen die bome uit. Wit klippe skyn in die nag. Dit lyk of hy baie haastig is. Terwyl hy loop laat hy spore in die paadjie. Hy gaan dalk rivier toe, dans en saam met ander maats wat wag, vrolik wees. Die voëltjies, vuurvliegies, paddas en kriekies gaan by hul wees.

#### Storie no. 7:

Daar is 'n koningin en 'n koning. Dis reggemaak vir ete. Twee seuntjies en een dogtertjie speel. Enetjie is vaak - sit op ma se skoot en wil gaan slaap. Die koning staan en kyk hoe sy vrou vir hulle kos gee om te eet. Miskien verwag hul mense wat vir hul vanaand kom kuier.

#### Storie no. 8:

Berge kom agter uit terwyl twee feetjies en een dwergie ronddans. Die ander een is kwaad. Hy sit op 'n paddastoel. Hul het seker stry gehad want altwee wou met die een feetjie dans. Die maan skyn helder. Daar is blomme en gras en bome. Agter die berge kom die wolke wit uit.

#### Storie no. 9:

Daar is 'n huis met 'n dogtertjie op die stoep. Sy wag vir haar pappie. 'n Paadjie kronkel deur die bome. Kelkblare kom langs die huis uit. Terwyl die dogtertjie se pa stadig aanloop na die huis wag sy vir hom. Sy's ordentlik aangetrek en lyk baie gelukkig.

Storie no. 10:

Die dwergie sit voor sy deur met gelapte klere. Hy kyk uit oor die dorpie. Langs die huis staan 'n groot drom en om dit groei gras. Die dwergie dink aan die veld en water, die huise so ver uit mekaar - aan Ma, Pa, sussies en boeties. Laasgenoemde het almal 'n entjie gaan stap en hy wag dat hul huis toe moet kom. Dit lyk of hy verlang om weer by die rivier of maats te speel.

Gevolgtrekking:

Die proefpersoon is uiterlik taamluk onveilig. Innerlik is hy bang, ongelukkig en minderwaardig. Sy het 'n behoefte aan sekuriteit, liefde, versorging en erkenning.

Sy leef in 'n droomwêreld van haar eie. Gedurende die toets kon sy nie ophou met praat nie. Dit kan wys op 'n gebrek aan eie-waarde en 'n behoefte aan aandag. Sy het 'n swak ego en sal maklik beïnvloed kan word.

Die feit dat sy met werkende mans uitgaan kan dui op kompensasie vir haar minderwaardigheid.

Verder is sy romanties van geaardheid en het 'n behoefte aan seks. (Stories is baie verkort).

PROEFPERSOON D. 21. Kliniese gegewens:

I.K.: 67

K.O.: 14 jaar 2 maande.

V.O.: 9 jaar 6 maande.

Geslag: Vroulik.

Die proefpersoon is die oudste van drie kinders. Sy het die gewone kindersiektes gehad. Haar tone is effens gebrekklik en sy het 'n diep verhemelte. Sy is gehoorsaam en help met die huishwerk. Disipline is swak vanaf die ma se kant. Die vader is hard met sy kind.

Skema vir ontleding van protokolle.

Naam: D 1.

Ouderdom: 14 jaar 1 maand.

V.O.: 11 jaar 1 maand.

| No. | Toestand van held |            | Omgewing<br>druk | Behoeftes                 | Reaksies |   |   | Vlak  | Hoof | End | Soort<br>Storie           | Waarde |
|-----|-------------------|------------|------------------|---------------------------|----------|---|---|-------|------|-----|---------------------------|--------|
|     | Uiterlik          | Innerlik   |                  |                           | Rigting  | A | S |       |      |     |                           |        |
| 1.  | Onveilig          | Bang       | Ouers            | Hulp                      | Na       | A | S | Dink  | NR   | XR  | Beskrywend                | 3      |
| 2.  | Ongemaklik.       | Bang       | Skool            | Vryheid                   | Na       | A | S | Doen  | XR   | XR  | Beskrywend                | 3      |
| 3.  | Min geleentheid   | Onveilig   | Tug              | Seks                      | Na       | A | S | Doen  | NR   | XR  | Skeppend<br>Beskrywend    | 5      |
| 4.  | Veilig            | Tevrede    | Konsert          | Erkennung<br>Versorging   | Na       | A | S | Doen  | VE   | VR  | Skeppend                  | 4      |
| 5.  | Veilig            | Gelukkig   | Huis             | Sekuriteit.<br>Versorging | Na       | A | S | Doen  | VR   | VR  | Verbeelding               | 4      |
| 6.  | Onveilig          | Bang       | Natuur           | Versorging<br>Sekuriteit. | Weg      | O | S | Droom | VR   | VR  | Sukses                    | 4      |
| 7.  | Veilig            | Gelukkig   | Huis             | Versorging                | Na       | A | S | Droom | VR   | VR  | Skeppend<br>Verbeeldend   | 2      |
| 8.  | Veilig            | Tevrede    | -                | Speel                     | Na       | A | S | Doen  | VR   | VR  | Beskrywend<br>Verbeeldend | 1      |
| 9.  | Veilig            | Gelukkig   | Huis             | Liefde<br>Versorging      | Na       | A | S | Doen  | VR   | VR  | Sukses                    | 3      |
| 10. | Eensaam           | Ongelukkig | Huis.Omgewing    | Vryheid<br>Sekuriteit     | Na       | A | O | Droom | NR   | XR  | Verbeelding               | 3      |

Die vader werk op die spoorweë. Die huis is netjies en die samewerking met die skool is goed.

By die skool geniet haar werk nie die nodige aandag nie. Sy vertel leuens in verband met skoolaangeleenthede tuis en maak haar ook skuldig aan diefstal.

## 2. S A P A T:

### Storie no. 1:

Daar is 'n ma-muis en 'n pa-muis en 'n kleintjie. Ma brei en pa praat met die kleintjie. Hy vra aan die kind waarom hy stout was. Pa vra aan kleintjie of hul maar na die bos kan gaan stap. Kind stem in en pa fluister vir ma dat hy van die kind ontslae gaan raak. Sy wou nie en sê dat dit dan haar enigste kind was. Sy is egter bang en nadat pa en kind weg is het sy hul stilletjies agtervolg.

Pa stuur die kind na 'n grot toe hy die bees met die mes doodmaak. Hy gryp die kind en sny ook sy keel af. Hy neem die vleis huis toe. Die bees se horings maak hy skoon en sit hul met die kop teen die muur vas. Hy sê vir sy vrou dat 'n rower die kind doodgemaak het. Sy vrou sê aan hom dat dit 'n leuen was en dat sy hom afgeloer het. Sy is nie vir 'n moordenaar lief nie. Die man laat sy vrou netso staan sonder om enige kwaad aan haar te doen en het vir altyd weggeloop.

### Storie no. 2:

Twee seuns gaan skool toe. Meneer loop ook en almal is laat. Een seun fluister dat hulle gaan pak kry. Die een sê dat sy pa skool toe gaan kom omdat hy nie sy huiswerk doen nie en dan gaan sy pa hom voor die hoof slaan. By die huis wil ma nie hoor hoe die kinders skree nie want sy het nog net een keer die kleintjie geslaan wat in die modder gespeel het. Toe pa by die huis kom later, was Ma kwaad. Ma sê toe dat al die kinders by die skool moes gehoor het hoe dat haar kind huil.

Storie no. 3:

Dis donker. Daar staan 'n vrou en 'n man. Die kabouter luister hul af. Die man fluister vir die vrou dat hul moet huis toe gaan want anders sal hul die pad nie vind nie. Die vrou fluister: "Nee, dis koel en die huis is ver. Ons kan môreoggend teruggaan." Die kabouter raai hul aan om terug te gaan want daar is spoke in die bos. Die kabouter wys sy vuus vir die man wat met die vrou wil baklei. Die vrou keer en sê dat iemand hul afluister en fluister dat hul moet huis toe gaan. Hul het nie meer 'n kind nie. Die kabouter het gesê dat 'n rower hul kind agter digte bosse vermoor het. Pa het altyd die kind geslaan. Hy pak sy eie klere en sê dat hy gaan wegloop na ander mense toe. Ma is treurig en sê dat Pa die kind te veel slaan. Ma sê toe aan die kind dat hy maar moet gaan en dat sy altyd aan hom sal dink. Dit was die mense se enigste kind en sy ma het altyd gekla dat hy te veel mors en sy klere aan ander kinders gee. Sy was moeg vir al die slae en haar kind kon wat haar betref, maak wat hy wou.

Storie no. 4:

Daar is vier feetjies en een kabouter. Hul trek aan vir die konsert. Die kabouter jaag hul aan want die mense wag al. Een deur is gesluit en niemand kon dit oopkry nie. Een van die dogtertjies het dit van buite gesluit. Sy het laat gekom en gelieg deur te sê dat haar ma haar agtergehou het sodat sy eers haar huiswerk moes klaarmaak. Nou hou sy al die ander op. Die kabouter weet egter dat sy gelieg het want hy het gehoor hoedat sy die deur sluit. Nou speel die groepie al. Die stout dogtertjie is bly want sy wou nie graag deelneem nie.

Storie no. 5:

Twee kabouters en twee feetjies woon in die bos. Die een kabouter en die een feetjie gaan eet. Die voorste paar vertel vir mekaar wat hul gedurende die vakansie en in die konsert gaan doen. Hul was kwaad vir die twee wat geloop het omdat die een mooier was. (Kabouter). Sy wou graag die ander kabouter vir 'n maat hê en nou sit sy hier met die lelike een. Die lelike kabouter was ook 'n snip want hy wou altyd alles hoor. Nou sê die feetjie vir hom:

"Trek die ander mooi kabouter se klere aan, dan maak jy asof jy hy is." Syself was ook minder mooi en stel voor dat hul moes maak asof hul die mooiste was. Die twee feetjies het wit rokkies aan en die mooiste een het skoene aan. Die twee feetjies was susters en die twee kabouters, broers. Die mooi kabouter het altyd sy klere opgepas. Die lelike kabouter sny sommer sy klere stukkend. Die mooi feetjie sou nooit haar klere stukkend sny nie. Sy en haar lelike sussie baklei soms. Die lelike een sê dan: "Jy kan self kos kook want jy is mooier as ek." Die feetjies se huis is in die bos, die kabouters s'n is in die prent.

#### Storie no. 6:

Corrie, die mooi kabouter, was kwaad vir Hettie, die lelike feetjie. Laasgenoemde het vir Lettie geklap omdat sy mooier was. Dit is pikdonker in die bos. Die lelike kabouter - (Fanie) wou nie alleen saam met Hettie gaan om haar huis in die bos te gaan soek nie. Almal loop saam en toe hul die huis kry gaan hul koffie drink.

#### Storie no. 7:

Daar is 'n koning, koningin en drie kinders. Die koningin hou haar klein seuntjie op haar skoot. Die meisie en die ander seuntjie speel met blokkies. Die koningin vra aan die klein seuntjie waarom hy huil en laasgenoemde antwoord dat hy saam wil speel met die blokkies. Die koning sê toe dat hy die blokkies sal weggooi. Die koning is kwaad - hy sê hulle lieg. Hul moet kom eet - die kers brand en die kinders het hul nagklere aan.

#### Storie no. 8:

Daar is twee feetjies en twee kabouters. Die lelike kabouter sit op 'n paddastoel en wou nie saamspeel nie. Die klomp speel heerlik naby die berge. Een kabouter se naam is Hennie. Isak, die ander kabouter, is mooi. Lina en Maria is die feetjies. Hennie sê hy is moeg van al die werk wat hy vir die feetjies gedoen het nl.: Tuinskoonmaak, huisskoonmaak en kos-kook. Die feetjies het hom altyd gekul en glad nie betaal vir sy werk soos hul beloof het nie.

Storie no. 9:

Dit is lig waar die dogtertjie by die mooi huis staan. Sy hoor iemand aankom en roep haar mammi. Weer loop sy uit en sien die reus. Laasgenoemde sê dat hy met haar ma wil trou. Hy gryp die kind en die dogtertjie ruk haar hande uit die hande van die groot ou reus. Die reus gaan na haar ma. Hul raak verloof en trou. Nou het die kind weer 'n eie pa.

Toe haar vorige pa nog geleef het, het sy altyd net vir haar ma en nie vir haar pa geluister nie. Sy het op haar eerste pa naby hul huis afgekom waar hy doodgelê het. Die reus het hom met 'n mes doogmaak. Rika was 'n mooi kind en die reus wou 'n mooi dogtertjie en vrou hê.

Storie no. 10:

Die kabouter sit by die deur van sy huis. Die ander huise is van sinkplate gemaak. Hy sien dat sy huis mooier is. Sy klere is stukkend en gelap. Hendrik was arm en het geen maats om mee saam te speel nie. 'n Ander kabouter het gesê dat hy nie met lelike Hendrik wil speel nie. Hendrik was tog mooi. Sy klere was net stukkend. Sy wit skoene was met swart gelap, sy broekie was vaal en sy hempie wit. Sy hoed was wit.

Hendrik het nou by 'n arm vrou gewoon as enigste kind. Hy het van sy vorige ma af weggeloop omdat sy pa hom teveel geslaan het.

Gevolgtrekking:

Hier is 'n uiterste voorbeeld van ongelukkigheid, onveiligheid, minderwaardigheid en vrees. Die vader is die oorsaak. In byna elke storie kom die vrees vir die vader na vore. Verder is die onenigheid tussen vader en moeder teveel. Dit gaan blykbaar oor haar opvoeding. In storie nommer nege word die vader selfs doodgemaak. Hierdie sadisme spruit uit 'n haat vir die vader. Tog het die kind 'n baie sterk behoefte aan 'n vader. In talle stories kom dit na vore.

Die basiese behoeftes is vir beskerming, liefde, sekuriteit en eiewaarde. Die kind is verskriklik minderwaardig. Dit word ook openbaar in talle stories.

Skema vir ontleding van protokolle.

Naam: D 2. Ouderdom: 14 jaar 2 maande. V.O.: 9 jaar 6 maande.

| No. | Toestand van held |                             | Omgewingsdruk                  | Behoeftes.                 | Reaksies |   |   | Vlak   | Toon | End | Soort Storie        | Waarde |
|-----|-------------------|-----------------------------|--------------------------------|----------------------------|----------|---|---|--------|------|-----|---------------------|--------|
|     | Uiterlik          | Innerlik                    |                                |                            | Rigting  | A | S |        |      |     |                     |        |
| 1.  | Onveilig          | Ongeluk-kig. Bevrees        | Vader                          | Beskerming. Sekuriteit.    | Na       | 0 | 0 | Doen   | XR   | XR  | Skeppend            | 5      |
| 2.  | Onveilig          | Ongeluk-kig. Bedruk.        | Vader                          | Beskerming. Liefde.        | Weg      | 0 | S | Doen   | XR   | XR  | Skeppend            | 5      |
| 3.  | Onveilig          | Ongeluk-kig                 | Vader                          | Sekuriteit Aggressie Hulp. | Weg      | 0 | S | Doen   | XR   | XR  | Skeppend            | 5      |
| 4.  | Onveilig          | Minderwaardig. Ongeluk-kig. | Vader                          | Hulp. Bystand              | Weg      | 0 | S | Doen   | XR   | XR  | Beskrywend Skeppend | 4      |
| 5.  | Ongeluk-kig       | Minderwaardig. Ongeluk-kig. | Minderwaardigh. (Fisies)       | Eiewaarde                  | Na       | A | S | Doen   | XR   | XR  | Sukses              | 4      |
| 6.  | Ongeluk-kig       | Minderwaardig.              | Minderwaardigh. (Fisies)       | Eiewaarde Seks             | Na       | A | 0 | Doen   | XR   | NR  | Verbeelding.        | 4      |
| 7.  | Ongeluk-kig       | Bekommerd                   | Vader                          | Liefde                     | Na       | A | S | Beplan | XR   | NR  | Skeppend Sukses     | 3      |
| 8.  | Ongeluk-kig       | Minderwaardig               | Minderwaardigh. held) (Fisies) | Eiewaarde                  | Weg      | A | 0 | Doen   | XR   | NR  | Skeppend            | 3      |
| 9.  | Onveilig          | Ongeluk-kig                 | Vader                          | Sekuriteit                 | Weg      | 0 | S | Doen   | XR   | NR  | Skeppend            | 5      |
| 10. | Onveilig          | Ongeluk-kig                 | Vader                          | Liefde                     | Na       | A | S | Beplan | XR   | NR  | Skeppend            | 5      |

Die masogistiese neiging by die eerste storie sou toegeskryf kan word aan 'n behoefte vir erkenning, eiewaarde en/of aandag van die kant van die ouers, meer spesifiek die vader.

PROEFPERSOON D. 3

1. Kliniese gegewens:

I.K.: 78.

K.O.: 16 jaar 2 maande.

V.O.: 11 jaar 9 maande.

Geslag: Vroulik.

Daar is nege kinders. Die proefpersoon is die oudste. Daar is een paar tweelingdogters wat ook in die spesiale skool is. Die proefpersoon het die gewone kindersiektes gehad. Die dissipline is swak.

Die vader is 'n boer. Die moeder is sieklik en moet dikwels operasies ondergaan. Die ekonomiese toestand is redelik. Die moeder het onlangs 'n tweeling verloor.

In die skool is die werk redelik. Sy woon in die koshuis in. Sy openbaar egter verskeie gedragsafwykings, onder andere:-

1. Rook.
2. Leuentaai.
3. Vloek en vuil taal.
4. Stokkiesdraaiery.
5. Misdadige neigings.
6. Seksprobleme.

2. S A P A T :

Storie no. 1:

Daar is 'n pa-, ma- en boetie-meerkat. Pa kom tuis en sien dat ma vir boetie 'n trui brei. Boetie spog daarmee en pa is bly want die kind help sy ma baie fluks tuis. Daar is 'n mes om wildsbokkies mee te slag. Die seuntjie kry slaie met die sambok wanneer hy stout was. Pa het 'n bok geskiet en afgeslag.

Storie no. 2:

Dis oggend. Jan en Koos gaan skool toe. Die onderwysers is amper al almal by die skool en die kinders is byna laat. Die een onderwyser is ook laat en is haastig want sy leerlinge wag al by die klas. Die skoolgebou staan tussen hoë bome. 'n Sementpaadjie loop voor die skool. Wanneer die leerlinge laat is, kry hul of pak of raas of hul moet na skoolinbly. Die twee seuns is bang want hulle weet nie wat hul straf sal wees nie.

Storie no. 3:

Die seun is verlief op die meisie. Die seun het gepraat oor die afspraak wat hul moet nakom en spreek toe die tyd af. Twee stout kabouters luister hulle af, maar kon niks hoor nie. Die bome is kaal en sonder blare. Dis 'n sanderige plek naby die Karoo. Net een verlate bossie het blare.

Storie no. 4:

Die vier blinders wou die oggend lekker in die kamer speel. Die kabouter staan onder die boom vir hul en kyk. Een vlinder merk die kabouter op. Hulle trek aan en wil tussen die bossies, wegkruipertjie gaan speel. Die kabouter is 'n maat van hulle en speel altyd saam.

Storie no. 5:

'n Verlate huisie staan tussen die bome. Twee vlinders en twee kabouters is op die prent. Die agterste twee het besluit om eenkant te gaan speel. Die voorste twee gesels oor dinge wat hul vandag gaan doen soos huisskoonmaak en kos regmaak. Daar is baie bome en gras en blomme rondom die huis. Die voorste kabouter het reeds vuur gemaak want rook trek by die skoorsteen uit.

Storie no. 6:

Dis 'n baie donker aand. Daar is geen blare aan die bome nie. Die kabouter sluip skelm na sy eie huisie. Hy het iets verkeerd by ander mense aangevang. Hy is bang en kyk kort-kort om want tot die bome lyk soos spoke wat hom wil agtervolg. Sy huisie is nog ver.

Storie no. 7:

Daar is 'n prins, 'n prinses, twee seuntjies en 'n dogtertjie. Die tafel is klaar gedek vir die aand en almal wag dat die kos moet kom. Die klein seuntjie huil want die ander twee kinders wou nie hê dat hy moes saamspeel nie. Sy moeder troos hom. Die prins is kwaad en kyk na dit wat aangaan. Die twee kinders op die vloer rangskik die blokkies.

Storie no. 8:

Daar is twee pragtige vlinders en twee kabouters. Hulle speel tussen die bome en berge. Een kabouter sit op 'n paddastoel en wou nie saamspeel nie. Die ander drie is vrolik en bly en speel allerhande speletjies en vergeet om huis toe te gaan.

Storie no. 9:

Dis een oggend op 'n warm dag. Die meisie kyk op die stoep hoedat haar broer loop om skapies te gaan haal. Dis 'n verlate plaasie en die huis staan krom en skeef. Daar is 'n paar bome en blare. Sy het 'n mooi rokkie en skoentjies aan. Haar hare is mooi gewas en gekam. Sy wens dat sy saam met haar broer kon gaan.

Storie no. 10:

Dis warm. Die arm kabouter sit daar met gelapte klere. Sy huisie is krom en skeef. 'n Asblik staan langs die huis. Hy is honger en het geen ouers om vir hom te sorg nie. Nou-nou sal hy by ander mense gaan kos vra. Daar is 'n paar takkies en grassies rondom.

Gevolgtrekking:

Dit is moeilik om hier 'n prestiese beeld te gee, aangesien min projeksies voorkom. Uiterlik is sy oor die algemeen veilig. Innerlik neig sy na onveiligheid en bangheid. (spoke, tug).

Daar is skynbaar 'n sterk behoefte aan seks en versorging in 'n mindere mate. Sy het 'n swak ego en sal maklik beïnvloed kan word. Sommige stories soos bv. nommer nege mag wensvervullings bevat.

Skema vir ontleding van protokolle.

Naam: D 3.

Ouderdom: 16 jaar 2 maande.

V.O.: 11 jaar 9 maande.

| No. | Toestand van held |            | Omgewingsdruk                    | Behoeftes                    | Reaksies |   |   | Vlak | Toon | End | Soort Storie           | Waarde. |
|-----|-------------------|------------|----------------------------------|------------------------------|----------|---|---|------|------|-----|------------------------|---------|
|     | Uiterlik          | Innerlik   |                                  |                              | Rigting  | A | S |      |      |     |                        |         |
| 1.  | Veilig            | Gelukkig   | Tug (Fisies)                     | Bystand                      | Na       | A | S | Doen | VR   | NR  | Skeppend               | 2       |
| 2.  | Onveilig          | Bang       | Tug. (Fisies)                    | Beskerming.                  | Na       | A | S | Doen | NR   | XR  | Beskrywend             | 3       |
| 3.  | Veilig            | Ongemaklik | Seks                             | Seks                         | Na       | A | S | Doen | NR   | NR  | Skeppend<br>Beskrywend | 4       |
| 4.  | Veilig            | Gelukkig   | Seks?                            | Seks                         | Na       | A | S | Doen | NR   | NR  | Skeppend               | 3       |
| 5.  | Veilig            | Gemaklik   | Seks?                            | Seks                         | Na       | A | S | Doen | NR   | NR  | Skeppend               | 3       |
| 6.  | Onseker           | Bang       | Seks?<br>Spoke                   | Seks                         | Weg      | O | S | Doen | XR   | XR  | Skeppend               | 3       |
| 7.  | Onveilig          | Ongelukkig | Vriende (Verwerp-<br>ing. Vader) | Versorging<br>iets te bereik | Na       | A | S | Doen | XR   | XR  | Beskrywend             | 2       |
| 8.  | Veilig            | Tevrede    | Vriende                          | Speel<br>Vryheid             | Na       | A | S | Doen | VR   | VR  | Beskrywend             | 2       |
| 9.  | Gelukkig          | Tevrede    | Inter-fisies. Rus-<br>telos.     | Vryheid                      | Na       | A | O | Dink | NR   | NR  | Beskrywend             | 3       |
| 10. | Onveilig          | Bedruk     | Gebrek (Kos)                     | Versorging.                  | Na       | A | O | Dink | XR   | XR  | Beskrywend             | 3       |

PROEFPERSOON D. 41. Kliniese gegewens:

I.K.: 77

K.O.: 16 jaar 7 maande.

V.O.: 11 jaar 7 maande.

Geslag: Vroulik.

Die proefpersoon se eie vader was 'n alkoholis. Die moeder het van hom geskei en is weer getroud met 'n welsynwerker. Intussen is die eie vader oorlede. Uit die eerste huwelik was daar twee kinders. Uit die tweede huwelik is ook twee kinders gebore.

Die stiefvader is onregverdig teenoor die stiefkinders. Die proefpersoon word bestempel as 'n "vet vraat". Die yskas en kosware word agter slot en grendel gehou. Die proefpersoon is baie ongelukkig tuis en weier selfs om huis toe te gaan.

Die moeder werk ook en sorg vir die twee kinders uit die eerste huwelik. Die proefpersoon kry die rokke van die moeder en daarna gaan dit na haar jonger suster.

Die huislike omstandighede is plofbaar. Die vader skel op die moeder. Sy word beskuldig van swak gedrag en verhoudings met ander mans. Hoeveel waarheid daarin steek kan nie gesê word nie.

Die proefpersoon het die gewone kindersiektes gehad asook 'n ligte graad van polio as gevolg waarvan die regter bo-arm aangetas is. Sy is baie oorgewig.

In die skool is haar werk redelik. Sy openbaar egter verskeie gedragsafwykinge onder andere:-

1. Slegte gewoontes.
2. Vloek en vuil taal.
3. Afknouery en humeuruitbarstings.
4. Seksprobleme.
5. Stokkiesdraaiery.

Sy is in die koshuis geplaas as gevolg van omstandighede tuis, asook haar gedrag.

2. S A P A T:Storie no. 1:

Die muis was stout. Ma vertel dit vir pa. Die kleintjie het die kos opgeëet. Ma brei kousies vir die klein seuntjie. Ma is or-  
dentlik aangetrek. Pa en die seun het nie skoene aan nie want hul  
doen elke dag houtwerk. Hul het die tafel en stoel gemaak. Daar  
hang 'n sweep wat vir die klein seuntjie bedoel is, wanneer hy  
stout is. Ma sny die wol af met die skêr wat op die tafel lê. Die  
mes word gebruik om voorwerpies uit hout mee te sny.

Storie no. 2:

Die onderwyser loop skool toe. Twee skoolseuns is ook op pad  
skool toe. Die een seun (regs) vra vir die ander een of hy vandag  
by hom in sy klas gaan wees. Die ander beaam dit en sê dat hul baie  
gaan werk. Daar is bome en 'n paadjie loop na die klaskamers. Daar  
is vyf klaskamervensters. Daar is dertien paaltjies by die stoepie.

Storie no. 3:

Dit lyk of dit in die woud is. Daar staan 'n jong paar. Daar  
is kaal bome. Die man en meisie wens dat hul eendag sal kan trou.  
Die kabouter (agter) het dit seker gehoor en gaan hulle dalk help.  
Laasgenoemde is soos 'n blommetjie. Sy ore is gespits en hy het  
blaarskoentjies aan. Hy steek sy hand in die lug op om die wens van  
die twee mense waarheid te laat word.

Storie no. 4:

Die deur is toe. Die venster is oop. Almal trek soos feetjies  
aan. Hul gaan ballet en dans vir die man by die venster. (Ig. is 'n  
prins). Die dansers het nie in die woud opgedaag nie en die prins het  
kom kyk waar hul vertoef. Hy kon nie by die deur ingaan nie en gaan  
kyk by die venster. Die een met die swart pofbroekie staan met haar  
hande in haar sye. Sy gaan die een met die wit rokkie se klere vas-  
maak. Laasgenoemde is kwaad omdat sy nie haar rok kan vaskry nie en  
omdat die gordyne oopgetrek is. Die een met die swart kostuum het  
gesien dat die prins aankom. Sy het stilgebly en gestaan en lag want  
sy was mos al klaar aangetrek.

Storie no. 5:

Daar is 'n huisie in die woud. Daar is twee feetjies en twee kabouters. Hulle gaan 'n partytjie in die huisie hou. Die ander maats is reeds daar. Die feetjies sal dans. Die kabouter links het ook 'n hoed op. Die dogtertjie hou haar hande agter haar rug. Sy vra vir die kabouter of hy vanaand na die partytjie gaan kom. Die danse word op blomme uitgevoer. Hul nooi insekte om hul te ondersteun. Die miskruiers is mooi groot en kan later weer 'n huis help bou. As daar moeilikheid kom kan die miskruiers die opstokers uit die pad stoot. Die tor maak musiek met sy vlerkies.

Storie no. 6:

Dis nag. Die bome het nie blare aan nie. Die kabouter loop alleen en is baie bang want hy hoor snaakse geluide. Hy hoor 'n kriek en kyk weer om voordat hy amper weghardloop. 'n Naguil het gedink dat dit 'n vlermuis was en hom amper gevang.

Storie no. 7:

Die prinses sit met haar klein seuntjie op haar skoot. Die ander dogtertjie en seuntjie speel met alfabet-blokkies. Die prins staan met sy hande in sy sy (hy verwonder hom aan iets). Die dogtertjie gee vir die seuntjie die A-blokkie aan. Die prinses en prins se krone verskil. Dis aand. Almal speel. Daar is sewe kerse op die tafel.

Storie no. 8:

In die woud is daar berge, bome, gras en veldblomme. 'n Stroom-pie water loop verby. Die twee feetjies en die een kabouter, dans. Die ander kabouter is moeg gedans en sit op die paddastoel. Hy sit met sy kop op sy hande terwyl die ander op die gras dans. Die ander kabouter is vrolik en geniet homself. Hy het 'n strepieshoed met 'n pom-pom op. Die moeë een het 'n swart hoed met swart pom-poms op sy kop. Die feetjies is verskillend aangetrek.

Storie no. 9:

Die dogtertjie staan in die voordeur. Sy het vir haar pa gewag om van die land af te kom waar hy gewerk het. Sy sien iemand daar

onder en voel bly want dit is haar eie pa. Onder in die land staan bome. Die paadjie loop na die land. Sy het eers gewag totdat sy mooi kon sien wie dit was en bly toe staan.

### Storie no. 10:

Die kabouter sit voor die deur van sy huis. Hy het niks om te doen nie. Niemand hou van hom nie. Sy kleertjies is gelap. Hy wens dat hy mooi klere gehad het om aan te trek asook nuwe blaarskoentjies. Hy wens dat hy kos kan kry om te eet. Uit die huisie anderkant trek rook vanaf die skoorsteen. Een van sy vriende wat niks vir hom omgee nie, woon daar. Hy wonder watter werk hy kan gaan doen sodat hy met die geld klere en kos kan koop.

### Gevolgtrekking:

Die proefpersoon voel haar uiterlik tot 'n mate onveilig. Sy is minderwaardig en het 'n behoefte aan eiwaarde, liefde, versorging en beskerming. Verder het sy 'n sterk behoefte aan seks. Daar is ook 'n behoefte aan ekshibisionisme. Daar is 'n neiging na die banale.

Daar is 'n sterk behoefte aan 'n eie vader. Die persoon het 'n swak ego en openbaar neurotiese (dwang) trekke.

### PROEFPERSOON D. 5

#### 1. Kliniese gegewens:

I.K.: 64.

K.O.: 16 jaar 0 maande.

V.O.: 9 jaar 7 maande.

Geslag: Vroulik.

Daar is vyf kinders, een seun en vier dogters. Die proefpersoon is die tweede-jongste. Sy het die gewone kindersiektes gehad. Sy kla baie van hoofpyn.

Die huislike omstandighede is uiters swak en armoedig. Die proefpersoon is 'n suster van proefpersoon S. 2. Die vader is 68 jaar oud en is die afgelope ses maande al bedlêend weens kanker. Hy is net vel en been en kan nie meer praat nie. Die moeder is 59 jaar oud

Skema vir ontleding van protokolle.

Naam: D 4.

Ouderdom: 16 jaar 7 maande.

V.O.: 11 jaar 7 maande.

| No. | Toestand van held                           |                            | Omgewingsdruk              | Behoeftes               | Reaksies  |   |   | Vlak   | Foon | End | Soort Storie | Waarde |
|-----|---------------------------------------------|----------------------------|----------------------------|-------------------------|-----------|---|---|--------|------|-----|--------------|--------|
|     | Uiterlik                                    | Innerlik                   |                            |                         | Rigting   | A | S |        |      |     |              |        |
| 1.  | Onseker                                     | Bang                       | Gebrek Vader Tug           | Versorging Beskerming   | Na        | A | S | Doen   | XR   | NR  | Beskrywend   | 3      |
| 2.  | Gemaklik                                    | Afhanklik                  | Skool                      | Om iets te bereik       | Na        | A | S | Doen   | NR   | NR  | Beskrywend   | 3      |
| 3.  | Tevrede                                     | Gelukkig                   | Seks                       | Liefde Sekuri-tait      | Na        | A | S | Doen   | NR   | VR  | Sukses       | 3      |
| 4.  | Vry                                         | Gelukkig                   | Seks                       | Ekshibisionisme         | Na        | O | S | Doen   | VR   | VR  | Beskrywend   | 4      |
| 5.  | Gemaklik                                    | Gelukkig                   | Seks                       | Seks                    | Na        | A | S | Beplan | NR   | NR  | Verbeelding  | 4      |
| 6.  | Onveilig                                    | Bang                       | Gevaar (Geluide)           | Beskerming              | Ambi-lent | O | S | Doen   | XR   | XR  | Beskrywend   | 3      |
| 7.  | Moeilik om te sê met wie geïdentifiseer is. |                            |                            |                         |           |   |   |        |      |     |              |        |
| 8.  | Vry                                         | Gemaklik                   | Vriende                    | Speel                   | Na        | A | S | Doen   | NR   | NR  | Beskrywend   | 1      |
| 9.  | Veilig                                      | Gelukkig Afhanklik         | Vader                      | Veiligheid. Versorging. | Na        | A | S | Doen   | NR   | VR  | Beskrywend   | 5      |
| 10. | Onveilig Bedruk                             | Ongelukkig. Min-derwaardig | Gebrek. Minderwaardigheid. | Versorging. Eie-waarde. | Na        | A | O | Dink   | XR   | XR  | Skeppend     | 5      |

en het 'n moeilike taak. Die totale inkomste vir die gesin is R60 per maand.

Die moeder kla dat die proefpersoon die afgelope tyd in die middag na skool nie huis toe kom nie. Sy gaan saam met 'n maat huis toe. Die moeder hou nie van die maat nie.

By die skool is sy baie negativisties. Sy het weinig maats en stel nie belang in die skool-aktiwiteite nie. Sy is stil van aardheid en in haar self gekeer.

## 2. S A P A T:

### Storie no. 1:

Die Ma-muis brei. Pa-muis wil die skêr vat. Die klein muisie gaan na sy pa. Pa slag altyd beeste vir vleis; daarom het hy die beeskop teen die muur vasgesit. Die jagmes hang teen die muur en word gebruik om iemand wat in die huis wil ingaan mee te steek. Daar staan 'n houttafel.

### Storie no. 2:

Drie seuntjies gaan skool toe. 'n Klomp bome staan agter die skool. Die een seuntjie sê dat hul vinniger moet loop want die skoolklok gaan lui. (Blokking).

### Storie no. 3:

'n Tannie en 'n oom staan by die boom. Die seuntjie wys sy vuis vir hulle (Blokking). Verder is daar nog bome.

### Storie no. 4:

Vier meisiekinders speel dat hul engeltjies is. Die seuntjie by die boom kyk vir hulle. Hy kyk hoe hul speel. Die gordyne is oopgetrek. Dit wys dat hul begin speel het. 'n Portret hang teen die muur. (Blokking).

### Storie no. 5:

Daar staan twee pare. (Elke paartjie bestaan uit 'n meisiekind en 'n seuntjie). Dit is 'n ronde huisie en die pyp rook. Daar is grasies en blomme. Die een paar gesels terwyl die ander paar na die huis stap. (Blokking).

Storie no. 6:

'n Mannetjie hardloop weg. Iemand jaag hom. Die mannetjie het blykbaar na 'n onbekende man, met klippe gegooi. Daar is 'n groot boom en 'n bietjie gras. (Blokking).

Storie no. 7:

'n Vrou sit met haar kleintjie op haar skoot. Twee klein dogtertjies speel. 'n Groot man staan met sy hand in sy sy. Die man wonder wat die vrou vir die kleintjie sê. Die vrou wil van lg. weet waarom hy so stout is. Op die tafel is borde en vurke en ker-sies.

Storie no. 8:

Twee meisiekinders speel saam met 'n seuntjie. Die ander seuntjie kyk hoedat hul speel. Daar is berge, bome en 'n bietjie blommetjies. (Blokking).

Storie no. 9:

'n Dogtertjie staan in die deur. Sy kyk vir die man agter die bome. Dis seker haar pa. Verder is daar wolke en bome. (Blokking).

Storie no. 10:

'n Dogtertjie sit voor die stoep. Daar staan 'n vuilgoedblik. Rook trek uit die klein huisie se pyp. Daar is 'n buitekamer waar die motor gebêre word. Die dogtertjie het langpuntskoene, 'n kort rokkie en 'n langmoubloes aan. Sy het ook 'n langpunthoed op. Sy is seker moeg. Sy het seker baie gewerk en die vloere skoongemaak en klere gewas. Daar is gras en 'n paar klipies.

Gevolgtrekking:

Sy het 'n baie trae gemoedslewe. Volgens Heymans kan sy as apaties geklassifiseer word. Sy is 'n introvert en negativisties van geaardheid. Blokking het algemeen voorgekom. Sy het 'n muur om haar gebou en met die toets is weinig vordering na binne gemaak.

Die omgewingsdruk is blykbaar die armoede en gebrek tuis, as gevolg waarvan minderwaardigheid en negativisme opgebou is. Die feit dat die vader bedlêend is en geen kontak meer met die kinders het nie is van neerdrukkende invloed. Daar is 'n behoefte aan vader-liefde, beskerming en versorging.

Skema vir ontleding van protokolle.

Naam: D 5. Ouderdom: 16 jaar V.O.: 9 jaar - 7 maande.

| No. | Toestand van held |                   | Omgewing<br>druk.    | Behoeftes.             | Reaksies   |        |        | Vlak | Toon | End | Soort<br>Storie     | Waarde |
|-----|-------------------|-------------------|----------------------|------------------------|------------|--------|--------|------|------|-----|---------------------|--------|
|     | Uiterlik          | Innerlik          |                      |                        | Rigting    | A<br>O | S<br>O |      |      |     |                     |        |
| 1.  | Bedruk            | Eensaam           | Inter-fisies. (Angs) | Hulp Bystand           | Na         | A      | O      | Doen | NR   | NR  | Beskrywend Skeppend | 5      |
| 2.  | Gemaklik          | Apaties (Heymans) | Skool                | Isolasie               | Na         | A      | S      | Doen | NR   | NR  | Beskrywend          | 1      |
| 3.  | Vry               | Aggressief        | Ouers                | Versorging Sekuriteit. | Weg        | O      | S      | Doen | NR   | NR  | Beskrywend          | 2      |
| 4.  | Min geleenthede   | Apaties (Heymans) | -                    | Speel                  | Na         | A      | S      | Doen | NR   | NR  | Skeppend            | 3      |
| 5.  | Tevrede           | Apaties (Heymans) | Vriende              | Vriendskap (Seks)      | Na         | A      | S      | Doen | NR   | NR  | Beskrywend          | 3      |
| 6.  | Onveilig          | Bang              | Gevaar (Iemand)      | Veiligheid             | Weg        | O      | S      | Doen | NR   | NR  | Beskrywend          | 3      |
| 7.  | Veilig            | Tevrede           | Ouers                | Sekuriteit             | Na         | A      | S      | Doen | NR   | NR  | Beskrywend          | 3      |
| 8.  | Geen              | projeksies        |                      |                        |            |        |        |      |      |     |                     |        |
| 9.  | Veilig            | Apaties (Heymans) | Vader (Verwerping)   | Sekuriteit Liefde      | Ambivalent | O      | S      | Doen | NR   | NR  | Beskrywend          | 2      |
| 10. | Bedruk            | Pessimisties      | Gebreke              | Versorging, Eie-waarde | Ambivalent | O      | S      | Doen | NR   | NR  | Wens Storie         | 4      |

*Storie nommer ses mag moontlik op 'n traumatiese gebeure dui of op aggresie. Laasgenoemde skyn eerder die geval te wees aangesien die proefpersoon gefrustreerd voorkom as gevolg van omgewingsfaktore.*

PROEFPERSOON D. 6

1. Kliniese gegewens:

*I.K.: 66.*

*K.O.: 16 jaar 9 maande.*

*V.O.: 9 jaar 11 maande.*

*Geslag: Vroulik.*

*Nege kinders is wees gelaat nadat die moeder in 1964 en die vader in 1965 albei aan beroerte gesterf het. Die leerling woon nou by een van haar getroude susters. Sy het 'n bitsige geaardheid, is opvlieënd en deurdat sy 'n astrante houding teenoor haar suster en haar kinders ingeneem het, is sy in die koshuis geplaas.*

*Haar swaer het 'n redelike houvas op haar maar kan nie gereelde dissipline handhaaf as gevolg van moeilike werksure nie. Sy ly aan 'n sterk minderwaardigheidsgevoel. Sy is geensins populêr onder haar klasmaats nie want sy bly gedurig op die aanval.*

2. S A P A T:

Storie no. 1:

*Die wolfvrou sit op 'n stoel en brei. Sy lyk baie kwaad. Daar is 'n bokkop teen die muur en dit kom oorspronklik van die wildtuin af. Die man het hom daar geskiet met 'n geweer en hom verder met 'n jagmes doodgesteek, sy kop afgesny en dit geraam. Die wolfseuntjie het by sy pa raas gekry en staan daar met trane in sy oë. Eg. wou die skêr vat om sy hare daarmee af te sny. Pa lyk kwaad en belowe slaes aan die kind. Ma het vir pa gesê dat hy nie so nors teenoor die kind moet wees nie. Pa staan met sy hande in sy sye en woede in sy oë die ma en aankyk. Pa twyfel of hy die kind met die sambok moet slaan maar die kind hou reeds sy boude vas in afwagting en dink al hoe seer dit gaan wees. Ma dink dat pa baie wreed is.*

Storie no. 2:

Twee seuntjies gaan skool toe - hul stry. Hul stry oor hul toekoms en die een kyk die ander skeef aan. Die seun (links) wil 'n onderwyser eendag word. (hy lyk kwaai) Die ander seun gaan eendag in die myn werk of in die Munisipaliteitskantore. Die seun regs, sien die onderwyser aankom en wil hom gaan groet want dis sy plig en hulle hou albei van die onderwyser. Hul dink egter dat hy vandag baie kwaai gaan wees want hy gee groot treë, dus sal hul in hul spore moet trap.

Storie no. 3:

Die kabouterseuntjie het puntskoene aan. Hy het in die bos gaan loop in die aandskemerte. Hy sien 'n verliefde paartjie onder die bome. Die paartjie gesels oor hul toekomstige huwelikslawe en bespreek hul planne. Die seuntjie hou sy hand voor sy oog. Hy loer uit nuuskierigheid en wil hul vra of hy met iets kan help want hy kan dinge goed voorspel. Hulle wil graag eendag so 'n mooi uitsig (soos op die prent) by hul agterdeur hê as hul uitkyk. Dis herfs want die groot bome staan sonder blare.

Storie no. 4:

'n Klomp meisiekinders in die kamer speel dat hul feetjies is. Een was nog besig om aan te trek, toe die kabouter daar aankom en sien wat die dogters doen en hy wou weet wat hul gaan doen. Hul gaan 'n konsert vir die dorpsmense opvoer. Die een feetjie het die kabouter sien aankom en jaag haar maat wat nog aantrek, aan, want hul het vergeet om die gordyne toe te trek. Almal wou hê dat die kabouter hul in die drag moes sien. Die kabouter het nie genoeg geld gehad om na die konsert te gaan nie. Onderwysers het die meisies afgerig.

Storie no. 5:

'n Kabouter en 'n feetjie loop hand aan hand na die kabouter se huis. (Sy hou van hom). Die ander feetjie wou nie saam met die kabouter na sy huis gaan nie. Sy wou na haar eie huis in die dorp gaan. Sy is bang om diep in die bos te loop want sy weet nie of die kabouterbroers haar en haar suster wil doodmaak nie. Die kabouter (voor) sê

dat hy haar liefhet en dat sy by hom moet kuier. Sy wonder egter wat haar ma sal sê as sy moet weet dat hul in die bos is. Die ander kabouter dink net hoe lekker hy op 'n stoel gaan sit sodat die feetjie vir hom koffie kan maak.

#### Storie no. 6:

Die kabouter hardloop vir wolwe in die bos weg. Hul sal hom verskeur. Hy voel bang en kyk kort-kort om. Sy huisie is nie meer so ver nie. Hy klou sy hande van bangheid, bymekaar vas. Hy het al gesien hoe die wolf ander mense verskeur. Hy dink dat hy gou moet maak. Dit lyk asof hy happe uit sy skoene gesny het.

#### Storie no. 7:

Die koning en koningin het twee seuntjies en een dogtertjie. Die koning lyk nors want hy het die klein seuntjie geslaan omdat hy die ander twee kinders gemolesteer en hul blokkies omgestamp het. Die koningin troos die kind nou op haar skoot. Die koning hou nie daarvan dat sy vrou die kind troos wanneer hy hom reghelp nie. Die kinders op die vloer pak nou die blokkies volgens die alfabet reg.

#### Storie no. 8:

Daar is twee feetjies en twee kabouters. Die feetjies dans. Een kabouter trippel saam. Die ander kabouter sit op 'n paddastoel en is baie teleurgesteld omdat hy nie die dansie kan doen nie. Die linkerhandste feetjies wys vir haar maat hoe hartseer die kabouter eenkant sit en wil met hom gaan praat en hom leer dans. Haar maat weier en sê dat hul hom moet uitlos omdat hy stout en jaloers is en altyd alles wil doen. Sy begin dans en die linderkantste feetjie kyk haar aan asof sy haar nie kan verstaan nie. Haar maat het te gou van haar besluit verander. Sy kry 'n vermoede dat haar maat en die kabouter by haar, van mekaar hou want haar maat het na die kabouter geluister.

#### Storie no. 9:

'n Meisie staan voor die deur van hul huis. Van die bome af, sien sy iemand huis toe kom. Sy glimlag want sy dink dat dit haar pa is en hy sal wilde bessies van die bos af saambring. Dit lyk asof haar pa iets in sy een hand dra. Die ander hand hou hy in sy broeksak.

*Hy dink net hoe bly hy sy kinders met die bessies gaan maak.*

Storie no. 10:

*Die dwergie het van sy werk teruggekeer. Toe hy by die huis kom kon hy nie ingaan nie want hy het sy sleutels verloor. Hy sit op die trap en wonder waar hy dit verloor het en gaan dan die sleutel op pad terug na sy werk, soek. Daar staan 'n vaasje met kole. Op die kole is 'n blik waarmee dit uitgeskep word. By nog 'n kabouter se huis trek rook uit die skoorsteen. As die kabouter nie sy sleutels kry nie gaan hy by daardie vriend van hom bly totdat hy dit kry. Hy wonder reeds hoe hy dit vir sy vriend moet vra.*

Gevolgtrekking:

*Uiterlik voel sy haar onveilig, innerlik is sy bang en bekommerd. Die sterkste omgewingsdruk is die vader en moeder, in hierdie geval verteenwoordig deur die swaer en suster. Dissipline rakende haarself, is sterk op die voorgrond. Afgesien van die behoefte aan eie ouers is daar die behoefte vir sekuriteit, liefde, beskerming en versorging.*

*Daar is ook 'n behoefte vir die teenoorgestelde geslag. Dit kan op tweeërlei wyses geïnterpreteer word; eerstens 'n suiwer seksuele behoefte, tweedens 'n kompensasie vir die gebrek aan liefde en sekuriteit wat sy tans ondervind.*

*Haar aggressiewe houding by die skool kan in die lig van bo genoemde verklaar word. Verder is daar frustrasie omdat aan die behoeftes nie voldoen word nie. Sy probeer kompenseer deur haar aggressiewe optrede.*

PROEFPERSOON D. 7.

1. Kliniese gegewens:

*I.K.: 64.*

*K.O.: 16 jaar 2 maande.*

*V.O.: 9 jaar 7 maande.*

*Geslag: Vroulik.*

*Sy is 'n aangenome dogter en is op ses-jarige leeftyd na*

Skema vir ontleding van protokolle.

Naam: D 6.

Ouderdom: 16 jaar 9 maande.

V.O.: 9 jaar 11 maande.

| No. | Toestand van hield |            | Ongewingsdruk.           | Behoeftes.              | Reaksies     |        |        | Vlak   | Foon | End | Soort Storie | Waarde. |
|-----|--------------------|------------|--------------------------|-------------------------|--------------|--------|--------|--------|------|-----|--------------|---------|
|     | Uiterlik           | Innerlik   |                          |                         | Rigting      | A<br>O | S<br>O |        |      |     |              |         |
| 1.  | Onveilig           | Bang       | Swaer (Vader)            | Veiligheid.Hulp         | Na           | A      | O      | Doen   | XR   | XR  | Skeppend     | 4       |
| 2.  | Onseker            | Ongemaklik | Tug                      | Toenadering             | Na           | A      | O      | Doen   | NR   | NR  | Beskrywend   | 3       |
| 3.  | Vry                | Afhanklik  | Huis (Opgebreek)         | Sekuriteit Liefde       | Na           | A      | S      | Beplan | NR   | NR  | Skeppend     | 5       |
| 4.  | Gemaklik           | Gelukkig   | Seks (Ekshibisio- nisme) | Seks                    | Ambi- valent | A      | -      | Doen   | NR   | NR  | Beskrywend   | 3       |
| 5.  | Ongemaklik         | Bekommerd  | Suster (Moeder)          | Seks                    | Na           | A      | S      | Doen   | NR   | NR  | Skeppend     | 4       |
| 6.  | Onveilig           | Bang       | Gevaar (Diere)           | Besker- ming            | Ambi- valent | -      | -      | Doen   | XR   | XR  | Verbeeldig   | 5       |
| 7.  | Onveilig           | Bekommerd  | "Ouers"                  | Beskerming Sekuri- teit | Na           | A      | S      | Doen   | XR   | NR  | Skeppend     | 5       |
| 8.  | Onlogiese storie.  |            |                          |                         |              |        |        |        |      |     |              |         |
| 9.  | Veilig             | Tevrede    | Vader                    | Vader- liefde           | Na           | A      | S      | Doen   | NR   | NR  | Sukses       | 5       |
| 10. | Verlate            | Bekommerd  | -                        | Versorg- ing.           | Na           | A      | O      | Dink   | NR   | NR  | Skeppend     | 3       |

haar nuwe ouers. Haar stiefouers het vier seuns ouer as sy gehad. Die ouers is die skool vyandiggesind. Die vader is 'n sweiser en verdien 'n swak salaris as gevolg van swak skoolprestasies.

Sy is 'n opstandige dogter en is baie aggressief. Haar skoolwerk is redelik goed hoewel sy soms humeuruitbarstings kry.

## 2. S A P A T:

### Storie no. 1:

Die ma-beer brei. Pa-beer groet die seuntjie. Laasgenoemde steek sy vinger in sy mond om te wys dat sy tande seer is. Pa dink dat hy die kind na die tandarts moet neem. Ma wonder hoe lank haar gebreide pant nog moet kom. Die seuntjie dink al hoe seer dit gaan wees om sy tande te laat trek. Hul het klaar geëet en ma het die skottelgoed gewas en weggepak. Pa gaan nou in die tuin werk. Ma sal aanhou brei. Die klein beertjie gaan bad en slaap.

### Storie no. 2:

Een van die onderwysers van die skool stap daar met 'n tas. Hy dink oor sy werk wat voorlê. Twee seuns met boeksakke op hul rûe, gesels oor die werk wat hul in die klas sal skryf. Eers gaan hul die boeksakke neersit en dan voetbal, krieket of tennis speel voordat die klok lui en die skooldag begin. Die seun links, is in st. III en die een regs, in st. IV. Soggens loop hul te voet skool toe en smiddae ry hul per bus huis toe of loop soms. Tuis gaan hul eet, vir een uur-lank slaap en dan verder leer. Daarna kan hul weer gaan speel. Ma roep die twee broers dan vir aandete.

### Storie no. 3:

Ma en pa het 'n endjie in die veld gestap. 'n Kabouter staan 'n endjie agter hulle. Daar is baie bome. Pa en ma kyk na die stralende son. Hul het na die fontein waar die water so uitspuit, gaan kyk. Die kabouter het sy hand opgelig en 'n vuur gemaak. Hy wil die man slaan omdat hy hom oor sy flenter blaadjemoue, sy puntskoene en verwilderde hare geterg het. Die son het ondergegaan. Hul kyk nou na die maan wat opkom en bespreek die tye van opkoms en ondergang. Hul dink weer aan die mooi spuitfonteintjie.

Storie no. 4:

Vier feetjies en een kabouter speel in die vars lug. Op 'n portret is feetjies. Die kabouter kyk na die feetjies wat in die kamer rondtrippel terwyl die maan helder op hom skyn. Die bome lyk soos kersbome. Die feetjies het 'n gebedjie opgesê en gaan lê. Hul het nog vir oulaas gedink hoe lekker dit is om op die gedoude gras te trippel. Die deur is toe. Ma en Pa en hul klein boetie slaap ook.

Storie no. 5:

Dit is die heks se kasteel. Twee feetjies en twee kabouters het buite gespeel en by die heks se huis sjokolade van die muur afgeëet. Die heks vang hulle en neem feetjies om vir haar te werk. Kabouters word in 'n hok toegemaak. Heks word in warm broodoond gestoot, kabouter losgemaak. Hul gaan na Pa en Ma terug. Daar is baie blommetjies en digte bome.

Storie no. 6:

Die kabouter het in die bos rondgehardloop. Hy het 'n wilde dier gesien en hom boeglam vir 'n springbok geskrik. Eers het hy nie geweet wat hy hoor nie en het gehardloop terwyl hy kort-kort omkyk. Na 'n ruk was hy baie moeg en gaan sit toe op 'n boomstomp na die voëltjies en luister. Na 'n ruk kom hy by die huis aan en was baie honger. Sy ma gee vir hom kos. Hy het lekker geëet en gaan slaap want hy was baie moeg.

Storie no. 7:

Die koning en sy prinsesvrou het twee seuntjies en een dogtertjie. Die kinders het speelblokkies. Die prinses sit op haar goue stoel. Die koning staan langs die tafel want sy vrou het al klaar die ete gemaak en gedek. Toe die kinders klaar gespeel het, het die koning gebid. Hul het geëet en gedink en die prinses het die skottelgoed gewas en weggepak, en die kinders in die bed gaan sit.

Storie no. 8:

Twee feetjies en een kabouter het in die buitelug rondgetrippel. Nog 'n kabouter het op 'n paddastoel gesit en kyk hoe die ander tussen die berge speel. Hy bewonder hul getrippel en verstom hom aan hul. Twee feetjies dink dat hul vir almal mooi is wanneer hul so op die

*dou van die gras rondtrippel.*

Storie no. 9:

*Die dogtertjie woon in 'n armoedige huisie. Dis ysig koud. Haar pa het vir ander mense hout gekap en gesaag. Dit kapok. Haar ma is baie siek aan griep in die bed, daarom kon sy nie skool toe gaan nie. Sy moes na ma en klein boetie kyk en kos-maak. Pa is nog by sy werk. Die wind sny deur haar rokkie. Baie vee het aan die koue verklum. Eers was daar baie blomme. Ma het kouekoors in die bed en sy wonder of haar pa nie ook koud kry nie. Die klein boetie speel in die kamer met motortjies.*

Storie no. 10:

*Die kabouter kom uit 'n arm huis. Hy dra gelapte klere en skoene. Hul het nie kos om te eet nie en eet bessies van die bome af. Sy vrou pluk teen sonder genoeg bessies vir aandete. Hul het geen motor nie en moet ver loop na die winkels toe. Hy wonder waar hul kos gaan kry vir hulself en die kinders. Hy het op die Spoorweë gewerk maar verdien te min geld om sy gesin daarmee te kan onderhou.*

Gevolgtrekking:

*Haar verhouding met haar aangenome ouers en broers is baie goed. Sy word ook goed versorg sover moontlik. Die armoede en gebrek het egter 'n baie groot invloed op haar persoonlikheidsvorming en optrede. Daar is dus 'n sterk behoefte aan versorging en bystand hoewel die ouers nie direk hiervoor aanspreeklik is nie.*

*Die proefpersoon is angstig van geaardheid en voel haar bedreig deur gevare, sy neig na die neurotiese kant en haar optrede by die skool kan gesien word as aanpassingsmeganisme om haar gevoel van eiewaarde te behou aangesien sy ook minderwaardig is. Frustrasie kan ook die oorsaak wees omdat daar nie die nodige sekuriteit bestaan nie as gevolg van die armoede.*

PROEFPERSOON D. 8

1. Kliniese gegewens:

Skema vir ontleding van protokolle.

Naam: D 7.

Ouderdom: 16 jaar 2 maande.

V.O.: 9 jaar 7 maande.

| No. | Toestand van held                        |               | Omgewingsdruk.       | Behoeftes  | Reaksies   |   |   | Vlak      | Room | End | Soort Storie | Waarde |
|-----|------------------------------------------|---------------|----------------------|------------|------------|---|---|-----------|------|-----|--------------|--------|
|     | Uiterlik                                 | Innerlik      |                      |            | Rigting    | A | S |           |      |     |              |        |
| 1.  | Goed versorg                             | Bang          | Fisies (Pyn)         | Bystand    | Na         | A | S | Doen      | XR   | NR  | Skeppend     | 3      |
| 2.  | Veilig                                   | Tevrede       | Skool-vriende        | Speel      | Na         | A | S | Doen      | NR   | NR  | Skeppend     | 3      |
| 3.  | Verwaarloos                              | Minderwaardig | Gebreke (Besittings) | Versorging | Ambivalent | O | O | Doen      | XR   | NR  | Skeppend     | 4      |
| 4.  | Veilig                                   | Tevrede       | -                    | Speel      | Na         | O | S | Doen Dink | NR   | NR  | Skeppend     | 3      |
| 5.  | Onveilig                                 | Ongelukkig    | Gevaar (Heks)        | Beskerming | Na         | A | S | Doen      | NR   | NR  | Clichè       | 1      |
| 6.  | Onveilig                                 | Bevrees       | Gevaar (Wilde diere) | Beskerming | Na         | A | S | Doen      | XR   | VR  | Skeppend     | 3      |
| 7.  | Moeilik om te sê met wie geïdentifiseer. |               |                      |            |            |   |   |           |      |     |              |        |
| 8.  | Veilig                                   | Gelukkig      | Minderwaardig        | Eiewaarde  | Ambivalent | A | S | Doen      | NR   | NR  | Droom        | 4      |
| 9.  | Onveilig                                 | Bekommerd     | Armoede              | Versorging | Na         | A | O | Dink      | XR   | XR  | Verbeelding  | 5      |
| 10. | Verwaarloos                              | Bekommerd     | Armoede Gebreke      | Versorging | Ambivalent | O | S | Dink      | XR   | XR  | Skeppend     | 5      |

I.K.: 65.

K.O.: 17 jaar 8 maande.

V.O.: 9 jaar 9 maande.

Geslag: Vroulik.

Die vader is werksaam by die Departement van Waterwese. Die gesin is by die delwerye woonagtig. Die leerling is die oudste van vier susters en het nog twee jonger broers.

Dissipline en tug is tuis goed. Ekonomiese toestand is swak.

By die skool is bevind dat sy lang vingers het. Onsmaklike dinge is verneem na 'n aand in die skool se bioskoopsaal. By 'n ander geleentheid was sy betrokke in 'n seksuele skandaalsaak op die trein; met haar terugkoms skool toe. Die persoon ly aan 'n lintwurm. Sy het 'n aantreklike voorkoms en tree met gemak as proefpersoon op.

## 2. S A P A T:

### Storie no. 1:

Lank gelede was daar 'n pa, 'n ma en 'n kindmuis. Ma het vir die kind 'n trui gebrei. Pa het met die kind geraas omdat hy rondloop, en stout was. Pa was kwaad oor die kind se ongehoorsamheid. Ma het haar nie aan die pa en kind gesteur nie. Pa dink dat die kind vir sy straf 'n daglank in die huis moet bly en ma het gesê dat dit goed was. Die plak waarmee die kind altyd pak kry, hang teen die muur. Mense het 'n bok langs die pad doodgery. Die muis het die kop gaan haal, dit mooi skoongemaak en teen die muur gehang.

### Storie no. 2:

Lank gelede was twee seuntjies een oggend op pad skool toe. Langs die pad het hul die onderwyser teëgekom. Die een seun sê vir die ander dat hul katterkwaad moet aanvang vandag, soos in die bome bly of die skoolruite stukkend slaan. Die ander seun sê toe dat hul so baie slae kan verwag dat hul nie sou kon sit nie. Hy het gemeen dat dit beter sou wees as hul liever pouse saam met die ander kinders gaan speel.

Storie no. 3:

Lank gelede was daar 'n man en 'n vrou. Hul het een aand 'n endjie in die bos gaan stap. Die bome het geen blare gehad nie. Die vrou het gesê dat dit baie stil in die bos was en het gedink dat hul liever huis toe moes gaan. Die man het ingestem dat hul huiswaarts moes gaan. 'n Kabouter in die bos het hul gesien. Hy wys sy vuis vir die mense omdat hul so saggies praat en hy kon nie hoor wat gesê word nie. Hy wou graag weet. Daar was ook baie sand en bome.

Storie no. 4:

Lank gelede was daar 'n kabouter en vier feetjies. Hul het by 'n kamervenster ingeklim en daar rondgestaan en 'n lied gesing. Die kabouter het agter 'n boom gestaan en hul afgeloer. Die kabouter het gewonder wat hul daar maak en het gesê dat hy ook wou saamspeel of dans. Die feetjies was bang dat hul die mense sou wakkermaak as hul lawaai.

Storie no. 5:

Lank gelede was daar 'n huisie. Daar het twee kabouters en twee feetjies gestaan. 'n Kabouter en sy maat het om die huisie gestap om deur die venster te gaan loer om te sien wat daar binne was. Hul sien 'n dogtertjie binne, besig om kos te maak en daarna hout in die vuur te sit. Hul besluit om in te gaan en die dogtertjie te help deur die vuur aan die gang te hou, haar bed op te maak en met die kosmaak te help. Hul maak vir haar die huis aan die kant. Haar ouers is albei aan 'n siekte oorlede en het vir haar die huisie agtergelaat waar sy sedertdien alleen woon. Sy was gelukkig en wou nie van haar huisie padgee nie en sorg vir haarself.

Storie no. 6:

Lank gelede het 'n kabouter in die bos rondgeloop. Hy het gedink dat hy na die dogtertjie se huisie sal gaan om te sien of alles daar in die haak was. Dalk was haar huisie stukkend en dan sou hy haar help om dit te herstel. Sy eie hui was eenkant in die bos en hy moes ver loop na die dogtertjie se huis. Hy was baie lief vir die dogtertjie en het vir haar gaan kuier omdat sy altyd so alleen in die huisie was.

Storie no. 7:

Lank gelede was daar 'n koning en 'n koningin. Hul het twee seuntjies en 'n dogtertjie gehad. Die koningin het vir die seuntjie op haar skoot gesê dat hy nie so stout moet wees en die ander kinders se blokkies moet breek nie. Die koning sê dat hul moet eet want dis laat en almal moes gaan slaap. Die kinders op die vloer wou nie gaan eet nie want hul was besig om 'n huisie van die blokkies te bou. Hul sê dat hul nie honger is nie. Die koningin sê toe dat hul nie sonder kos kon bly nie. Die koning was kwaad vir die kinders en beloof hul slaie met die plik. Die kinders gaan eet, was en slaap.

Storie no. 8:

Lank gelede het twee feetjies en 'n kabouter gespeel en gedans. 'n Ander kabouter het op 'n paddastoel gesit en kyk want hy wou nie saamspeel nie. Hy het gedink dat hy maar stil sou sit anders raas hul net die mense om hul wakker.

Daar was bome en berge. Die drie vrolike dansers het gedink dat hul maar huis toe sal gaan om te slaap - hul was almal moeg.

Storie no. 9:

Lank gelede was daar 'n dogtertjie in 'n huis. Sy kom uit en gaan staan op die stoepie. Sy kyk oor die vlaktes en sien 'n man aankom. Die man vra waar haar vader of moeder was. Sy antwoord toe dat sy geen ouers het nie. Hy vra toe of sy nie by hom wou kom bly nie, waarop sy weier en sê dat sy in haar oorlede ouers se huisie sou bly totdat sy self doodgaan. Daar was bome en sand.

Storie no. 10:

Lank gelede het 'n kabouter voor sy huis gesit. Sy klere was stukkend. Hy het geen ouers gehad om vir hom te sorg nie. Hy het gedink dat hy na die arm kabouters sal gaan. Hul sal hom ook nie by hul wil hê nie. Hy was baie stout en wou nooit vir hul luister nie. Hy dink dat hy maar liewers alleen moet bly.

Gevolgtrekking:

Die proefpersoon is ongelukkig in haar verhouding met haar ouers en het 'n baie sterk behoefte aan vryheid en selfstandigheid. Die be-

Skema vir ontleding van protokolle.

Naam: D 8.

Ouderdom: 17 jaar 8 maande. V.O.: 9 jaar 9 maande.

| No. | Toestand van held |                   | Omgewing druk.                | Behoeftes             | Reaksies   |   |   | Vlak      | Toon | End | Soort Storie  | Waarde |
|-----|-------------------|-------------------|-------------------------------|-----------------------|------------|---|---|-----------|------|-----|---------------|--------|
|     | Uiterlik          | Innerlik          |                               |                       | Rigting    | A | S |           |      |     |               |        |
| 1.  | Ongemaklik        | Kan nie skeel nie | Vader                         | Vryheid               | Ambivalent | 0 | S | Dink      | XR   | NR  | Skeppend      | 4      |
| 2.  | Negativisties.    | Rusteloos         | Skool. Inter-fisies Rusteloos | Aggressie. Verwerping | Na         | 0 | S | Doen      | NR   | NR  | Beplan        | 5      |
| 3.  | Rusteloos         | Nuuskie-rig       | Seks. Nuuskie-righeid.        | Seks Nuuskie-righeid  | Na         | 0 | S | Doen      | NR   | NR  | Ondersoekend. | 5      |
| 4.  | Ongemaklik        | Onbekom-merd      | Seks. Inter-fisies            | Seks                  | Na         | - | - | Doen      | NR   | NR  | Skeppend      | 5      |
| 5.  | Tevrede           | Gelukkig          | Ouers (Verwerping)            | Vryheid               | Weg        | 0 | S | Dink      | VR   | NR  | Sukses        | 5      |
| 6.  | Vry               | Onafhanklik.      | Seks                          | Isolasie Seks         | Weg        | 0 | S | Droom     | NR   | NR  | Verbeelding   | 5      |
| 7.  | Gemaklik          | Ongelukkig        | Vader                         | Vryheid               | Ambivalent | - | - | Doen      | XR   | NR  | Skeppend      | 5      |
| 8.  | Tevrede           | Onbekom-merd      | Vriende                       | Vryheid               | Na         | 0 | S | Doen      | NR   | NR  | Skeppend      | 3      |
| 9.  | Vry               | Tevrede           | Inter-fisies (Onttrekking)    | Isolasie              | Weg        | 0 | S | Dink Doen | NR   | NR  | Verbeelding   | 5      |
| 10. | Verlate           | Eensaam           | Interfisies (Onttrekking)     | Isolasie              | Weg        | 0 | S | Dink      | XR   | NR  | Skeppend      | 5      |

hoefte is so sterk dat dit selfs neig na algehele isolasie. Die ouers word heeltemal verwerp. In 'n paar stories kom dit sterk na vore waar gesê word dat haar ouers albei dood is. Tog is sy dan baie gelukkig.

Die proefpersoon is baie volwasse en daar is 'n baie sterk seks-behoefte. Weens omgewingsdruk word dit in 'n paar gevalle onderdruk. Die behoefte is egter so sterk dat sy neig om haar aan die werklikheid te onttrek aangesien dit op hierdie stadium ontoelaatbaar is. In baie stories leef sy dan ook in 'n droomwêreld van haar eie, weg van inhibisies en sosiale etiek.

Sy het 'n baie sterk ego en is onafhanklik. Sy is rusteloos en vol kattekwad. Dit kan toegeskryf word aan 'n sterk libido.

### PROEFPERSOON D. 9

#### 1. Kliniese gegewens:

I.K.: 76.

K.O.: 11 jaar 4 maande.

V.O.: 8 jaar 7 maande.

Geslag: Vroulik.

Die ouers woon op 'n plaas in 'n armoedige driekamer-huisie, 20 myl van die naaste skool. Die vader is 'n pleisteraar maar kan nie gereeld werk nie as gevolg van sy gesondheidstoestand. Hy was vir vier maande siek aan sementvergiftiging. Hy is al bejaard.

Die dissipline en tug is goed. Die leerling is in 'n koshuis geplaas vanweë die groot afstand van die skool af.

By die skool is die proefpersoon gehoorsaam dog het 'n gebrek aan selfvertroue. Sy het aanpassingsprobleme en is minderwaardig. Haar klaswerk is redelik goed. Sy praat ontsettend vinnig en daar is 'n spraakgebrek. Sy is die jongste van drie kinders.

#### 2. S A P A T:

##### Storie no. 1:

Ma-muis sit en brei. Pa sê vir die kind dat hy moet gaan speel. want hy sit in die geselskap en bly saampraat. Die kind luister nie

en pa soek 'n slaanding. Hy gryp een van ma se breipenne, slaan die kind en die kind hardloop weg. Die kind is nou bang om in te kom en te eet en bly buite. Pa is kwaai en die kind gaan kamer toe om te gaan slaap. Pa het hom gesien slaap. Die volgende oggend was die kind weg. Hul skakel die polisie. Na 'n jaar is die kind by Bantoes gevind waar hy pap geëet het. Die Bantoes het met hom gespeel en hom geleer om reg te praat. Hy het vroeër baie gehakkel want hy het te vinnig gepraat. Hul het vir hom Bantoetaalboeke gegee om uit te leer en sy klere skoongehou. Sy vergruisde arm (soos sy pa hom geslaan het) het hul vir hom verpleeg. Toe hy gevind is het hy sy ouers nie meer geken nie en hul as "jy" en "jou", aangespreek. Sy pa het hom vroeër dikwels met 'n skêr of baksteen gegooi want hy was stout en het sommer aan sy pa geklap. Partykeer het die seuntjie die bok se kop of die sweep gegryp en sy pa geslaan omdat hy nie normaal was nie. Pa het hom eers geterg daarvoor en hom dan geslaan. Terwyl hy nog weg was het sy ma baie oor hom getreur en gehuil en elke dag na hom gaan soek.

### Storie no. 2:

Twee seuns gaan skool toe. Hul het nie die aankomende motor agter hul gesien nie en word albei doodgery. Dit was 'n tweeling en die polisie het eers na die begrafnis die nuus vir hul ouers vertel omdat die ouers te "snaks-opgewonde" en nie meer gelukkig sou wees nie.

### Storie no. 3:

'n Klein kabouter staan by baie bome. Oor die bultjie sien hy 'n tannie en 'n oom. Hy klim in 'n boom om te hoor wat die mense sê. 'n Tak breek en toe hy val skop hy die oom agter sy kop sodat die oom bewusteloos neerval. Die tannie skree en hardloop van die berg af. Sy gly en val in 'n gat vol water. Sy kon nie swem nie. Die kabouter lag so lekker en val ook in. Die kabouter help haar. Die oom kom weer by. Die vrou kry so koud dat sy bewe en wil in die boom klim om warmer te word. Die kabouter wil nie want hy is bang dat sy haar bewusteloos kan val. Die man en vrou gaan huis toe. Die kabouter gaan terug na sy tent waar hy alleen en sonder sy ouers woon.

Storie no. 4:

Die vier kinders hou 'n fees in die skool. Hul gaan spring en vlieg in die konsert. Hul trek aan en gaan agter die gordyne in. Die gordyne gaan oop en die kinders sing en dans. Een vlieg nog toe sy been swik - die mense lag. Die dogtertjie blaas haar broekie wyd op en sê: "Kyk my vet maag." Almal gaan na die kamer terug en trek uit. Die kabouters met omkrulskoene aan, staan daar met mooi klere.

Storie no. 5:

'n Seuntjie en 'n dogtertjie staan eenkant. Hul besluit om 'n partytjie te hou. Die agterste twee gaan gou vir hul ouers daarvan sê. Die seuntjies trek omkrulskoene en mooi kabouterklere aan. Die twee dogtertjies trek mooi rokkies, vlerkies en balletskoene aan. Twee skelms kom en gooi die ses ruite stukkend en breek die skoorsteen af, terwyl daar gedans word. Daarna trap hul die blomme stukkend. Die twee kabouters lag die skelms uit nadat hulle hul gevang en vasgebind het. Die skelms breek los en sluip weg oor die berg sodat hul weer op ander plekke kan gaan kwaad doen.

Storie no. 6:

Die twee kabouters het klaar kwaad gedoen. Hul loop en hoor toe iemand in die gras. Twee mans gryp elk 'n stout kabouter, maak hul vas en neem hul na die huis waar hul die polisie skakel. Hul sê dat die kabouters hul vrugte opgeëet het. Die polisie laat hul kies tussen R40 boete of 20 jaar tronkstraf. Hul kies laasgenoemde omdat hulle geen geld het nie. Hul breek die tronk oop en kry toe 21 jaar straf. Daarna het hul nooit weer kwaad gedoen nie en bly toe by hul ouers. Hul vader was 'n hardwerkende houtkapper.

Storie no. 7:

Die koning en sy vrou het twee seuntjies en een dogtertjie. Die klein seuntjie is moeg en sit op ma se skoot en huil. Pa wil kos hê en baklei met ma daarvoor. Hy stamp die kinders se blokkies om en is boos. Die dogtertjie huil ook naderhand. Die seuntjie troos haar. Ma gee vir pa kos. Pa eet alles alleen op. Pa loop uit en ma bestempel

hom is die kinders se "bose" pa. Ma maak kos vir haar en die kinders. Ma gaan bad die klein seuntjie; want die ander kinders self bad. Die kinders gaan slaap. Ma wag vir pa sodat syself die deur kan sluit anders stoot pa dalk die kinders gedurende die nag by die deur uit. Die volgende oggend was die tafel, stoele, kerse en eetgerei, alles omgegooi. Die koning lê of dood of bewusteloos op die grond. Die kinders se blokkies is met 'n hamer en hyl stukkend gekap. Pa se kroon, gordel, skoene, ens., is stukkend en sy klere geskeur. Diewe wou hom doodmaak en was jaloes omdat hul self koning wou wees. Sy vrou het baie vas geslaap en niks gehoor nie.

#### Storie no. 8:

Die kinders is moeg gespeel en sit op 'n paddastoel. Die ander twee feetjies en een kabouter speel en dans en spring. Die kabouter wil hul vang. Hul hardloop weg. Twee feetjies gaan sit in 'n boom. Die kabouters ruil plekke om en die een links gaan na die feetjies soek om hul te vang. Die paddastoel breek want altwee kabouters het saam daarop gestaan.

#### Storie no. 9:

Die dogtertjie het na haar pa gesoek. Sy sien hom toe by die bome in die tuin. Hy spuit tomaties, bone en erte nat. Sy roep hom en sê dat haar pa moet kom eet sodat hul dorp toe kan gaan. Die ander het klaar aangetrek. Die kos is op die tefel. Pa kom was, eet, trek aan en gaan na die motor om te ry. Diardie aand laat kom hul honger tuis. Ma dek en na ete gaan die dogtertjie slaap. Nog voordat sy aangetrek het die volgende oggend, gaan maak sy koffie en neem dit vir haar ouers. Ma slaap en sy sit haar koffie neer. Sy klim op die bed en stamp pa se koffie om. Pa spring op want die koffie brand sy lyf. Pa hardloop by die deur uit en die dogtertjie lag. Ma word wakker van die gil. Pa was boos en wou die dogtertjie slaan maar lg. verduidelik dit dit 'n ongeluk was. Sy gaan was pa se slaapklere en die komberse.

#### Storie no. 10:

Sy pa en ma hou niks van die klein verwaarloosde seuntjie nie. Hy het ook nie maats nie. Hy is mos soos 'n herkouende bees en wil gedurig eet. Hy staan op en loer in die asblik waar sy ma die ou stroop-

Skema vir ontleding van protokolle.

Naam: D 9.

Ouderdom: 11 jaar 4 maande. V.O.: 8 jaar 7 maande.

| No. | Toestand van held       |                              | Omgewing-<br>druk                | Behoeftes                       | Reaksies     |        |        | Vlak   | Toon | End | Soort<br>Storie    | Waarde. |
|-----|-------------------------|------------------------------|----------------------------------|---------------------------------|--------------|--------|--------|--------|------|-----|--------------------|---------|
|     | Uiterlik                | Innerlik                     |                                  |                                 | Rig-<br>ting | A<br>O | S<br>O |        |      |     |                    |         |
| 1.  | Onveilig<br>Verwaarloos | Ongelukkig<br>Minderwaardig. | Vader                            | Aggressie<br>Liefde.<br>Versorg | Weg          | A      | S      | Onthou | XR   | XR  | Skeppend           | 5       |
| 2.  | Ongelukkig              | Droewig                      | Ouers<br>Skool                   | Liefde<br>Geluk                 | Weg          | A      | S      | Dink   | XR   | XR  | Skeppend           | 5       |
| 3.  | Uitgeworpe              | Ongelukkig.<br>Verwaarloos   | Ouers<br>(Verwerping)            | Aggressie<br>Liefde             | Weg          | O      | S      | Doen   | XR   | XR  | Skeppend           | 5       |
| 4.  | Vry                     | Onbekommerd                  | Seks by<br>uitstek               | Seks                            | Na           | O      | S      | Doen   | NR   | NR  | Skeppend           | 5       |
| 5.  | Aggressief.             | Aggressief                   | Vriende<br>Minderwaardig         | Erkenning                       | Weg          | O      | S      | Doen   | XR   | XR  | Sukses<br>Skeppend | 5       |
| 6.  | Onveilig                | Ongelukkig                   | Tug<br>(Fisies)                  | Hulp                            | Na           | A      | S      | Doen   | XR   | VR  | Sukses             | 5       |
| 7.  | Onveilig                | Ongelukkig                   | Vader                            | Beskerming.<br>Liefde           | Na           | A      | S      | Doen   | XR   | XR  | Wens               | 5       |
| 8.  | Onseker                 | Bang                         | Vriende                          | Erkenning                       | Weg          | O      | S      | Doen   | NR   | NR  | Skeppend           | 3       |
| 9.  | Verwaarloos             | Afhanklik                    | Vader                            | Versorging                      | Ambivalent   | O      | S      | Doen   | XR   | NR  | Skeppend           | 5       |
| 10. | Verwaarloos             | Ongelukkig                   | Gebrek<br>Voedsel<br>(Besitting) | Versorging                      | Na           | A      | S      | Droom  | XR   | VR  | Sukses             | 5       |

blik weggegooi het. Hy lek dit uit en sny 'n diep sny in sy hand. Sy ma mag dit nie weet nie. Hy sluip na sy kamer en kry self en 'n verbund in sy pakekas. Hy kruip weer weg in 'n boom en draai die snyplek toe. Hy is bang dat sy ma met hom sal baklei. Hy bly lank weg en eet blare soos 'n bees wat herkou.

### Gevolgtrekking:

Uiterlik is sy onveilig, verwarloos, ongelukkig, uitgeworpe en onseker. Innerlik is sy ongelukkig, minderwaardig, droewig en verwarloos. Die omgewingsdruk word uitgeoefen deur die vader vir wie daar so 'n sterk antipatie is dat dit self neig na haat. In 'n paar gevalle word die vader dan ook aangeval en ook doodgemaak. Gebrek en minderwaardigheid speel ook 'n rol. Die moeder-figuur word ook soms verwerp.

Die sterkste behoeftes is aan liefde, versorging en beskerming. Daar is ook 'n sterk seks-behoefte en volgens Freud 'n fantasie van swangerskap in storie nommer vier.

Aanpassingsprobleme kan almal teruggevoer word na die omgewingsdruk. Indien die spanning hier nie verlig word nie sal ernstige gedragsafwykings en persoonlikheidsprobleme ontstaan.

Die proefpersoon is baie selfbewus as gevolg van haar spraakgebrek en daar is 'n baie sterk begeerte om daarvan ontslae te raak. (vergelyk storie no. 1)

### PROEFPERSOON D. 10.

#### 1. Kliniese gegewens:

I.K.: 80

K.O.: 12 jaar 10 maande.

V.O.: 10 jaar 3 maande.

Geslag: Vroulik.

Sy is die enigste kind van haar ouers. Die moeder se eerste eggenoot is oorlede nadat hul geskei was. Sy het ses kinders gehad. Algar is tans uit die huis. Sy is uit haar moeder se tweede huwelik gebore en ontvang 'n goeie opvoeding en dissipline.

Haar vader is 'n timmerman en verdien 'n redelike goeie salaris. Haar spraakgebrek belemmer haar baie in mondelinge werk. Sy hakkkel geweldig met woorde wat met "gr" begin en is oorgevoelig daaromtrent.

By die skool is sy baie gehoorsaam en pligsgetrou en hulpvaardig. Sy is minderwaardig en het aanpassingsprobleme.

## 2. S A P A T:

### Storie no. 1:

Ma-muis sit en brei. Pa en boetie gaan na die yskas van die boer om kaas te steel. Hul gaan en eet dit. Die volgende aand toe hul weer wou gaan wou die kat hul vang. Die derde aand het die kat die boetie gevang en opgeëet. Ma-muis sê vir pa dat hul moet trek en daar gaan hulle nou na 'n ander boer se huis.

### Storie no. 2:

Jannie en Piet stap skool toe. Piet sê: "Kom ons gaan na skool bos toe om wilde diere te vang." Die volgende oggend gaan hulle nie skool toe nie en gaan om te jag en skiet 'n tier en 'n bok. Om half-twee gaan hulle ook huis toe soos die ander kinders. Hul lieg vir die ouers en sê dat dit by die skool baie goed gegaan het. Die onderwyser vra toe vir die ouers waarom hul kinders afwesig was, waarna die hele jagstorie uitgekom het. Die volgende dag het hul eers by hul onderwyser en toe by hul ma slae gekry.

### Storie no. 3:

Daar was eendag 'n dwergie. Hy stap in die veld en kom by 'n man en vrou wat na die bome kyk. Hy vra of hy vir hul iets kan doen. Daar was niks en hy stap weg. Die man en vrou het besluit om vir hul daar 'n huis te bou. Die dorp was te woelig. 'n Argitek teken hul plan en laat die huis bou. Die dwergie sien later die pragtige huis. Hy word ingenooi en kry koffie. Die dwergie sê dat hy ook 'n nuwe huis wil laat bou omdat sy boomhuisie oud is. Die mense nooi hom om by hul te woon. Die dwergie is te klein om skool te gaan en help die man om altyd hout te kap.

Storie no. 4:

Daar was eendag vier dogtertjies. Hul besluit om 'n konsert op te voer en trek soos feetjies aan. 'n Seuntjie soos 'n kabouter, sou saamgaan. Hul sing en huppel op die verhoog. Die twee groot feetjies sê vir die twee klein feetjies dat hul vir die kabouter moet gaan sê dat hy die koets moet bring. Hul wou na 'n mooi land gaan.

Storie no. 5:

Daar was twee kabouters wat alleen in 'n huisie gewoon het. Hul kry twee dogtermantjies en speel en huppel. Hul stap onder die bome en speel met diertjies. Toe hul weer stap ving 'n kwali heks die dogtertjies. Die twee kabouters soek die veld deur en sien 'n vuurtjie daar ver. Hul kom by die huis waar die heks die twee dogtertjies wou kook. Die kabouters vra water en toe hul binne kom red hul die dogtertjies.

Storie no. 6:

Daar was eendag 'n dwergie. Sy naam was Gert. Die ander dwergies wou nooit vir hom kos gee nie. Hy stap en kom by 'n groot boom waar hy rus. Hy hoor 'n fyn stemmetjie sê: "Gertjie." Dit was 'n feetjie en hy vertel van sy swaar lewe. Die feetjie nooi hom om by hul te kom woon. Hongersnood kom in die land en hy gaan as 'n klein arm seuntjie na sy vier boeties terug en soek werk. Hy werk toe en kry geld en gaan koop kos vir die feetjies en gaan na hul terug en bedank hul vir die tyd by hulle. Gert gaan weer na sy broers terug en sê wie hy is. Sy broers het nie meer geld nie. Hy gaan praat weer met die feetjies en al vyf dwergies woon vir 'n week daar.

Storie no. 7:

Daar was eendag 'n koning wat alleen in 'n groot paleis gewoon het. Hy stuur diensknegte en soldate om vir hom 'n vrou te gaan soek. Baie vrouens aspireer. 'n Pragtige meisie word gebring en sy word sy vrou. Later het hul 'n dogtertjie en nog later twee ander boeties. Die koning en sy soldate het eendag op perde in die veld gery. Daardie dag word die dogtertjie baie siek. 'n Diensmeisie moes vir haar water gee en gee per ongeluk gifwater wat in die yske gestaan het en vir rowers bedoel was, aan haar. Twee soldate word aangesê om die koning

te gaan haal te perd. Die koning kom gelukkig daar aan. Die dogtertjie gaan hospitaal toe en word geopereer. Sy word gesond en kom huistoe.

#### Storie no. 8:

Daar was eendag twee feetjies en een kabouter. Eenkant het 'n treurige dogtertjie op 'n paddastoel gesit. Een feetjie wou van haar weet waarom sy so treurig was en sy sê dat sy geen boeties of sussies het om mee te speel nie. Die feetjie nooi haar om elke dag tussen die berge en bome te speel. Die feetjies het nie 'n huisie gehad nie en het in die veld gewoon. Met takkies bou hul vir hulle nou 'n pragtige huisie. Hul speel om die huisie. Die kabouter bou ook nou vir takkies en blare vir hom 'n huisie.

#### Storie no. 9:

Daar was eendag 'n dogtertjie. Sy was baie vriendelik. Sy het alleen gewoon en het matjies gehad. Dit het gereën en hul gaan almal na die vriendelike dogtertjie en hul vertel stories. Daarna speel hul weer en buite is dit nat. Hul gaan speel in die water. Een gly en val en maak haar ruggie seer. Sy was 'n jammerhartige kind. Hul dra haar in die huis en sit haar op die bed en bel die dokter. Laasgenoemde sê dis nie ernstig nie, sy moes stil lê en word weer gesond sodat hul later in die tuin kon gaan speel.

#### Storie no. 10:

Daar was eendag 'n kabouter wat voor sy deur gesit het. Hy was baie arm. Sy marts het altyd mooi kleertjies gehad, syne was gelap. Terwyl hy eendag in die veld stap vra 'n man vir hom of hy hom nie kan help nie. Hy nooi die kabouter saam met hom, maak vir hom klere en koop vir hom skoene. Hy gaan weer huis toe en sy marts vra waar hy die pragtige klere kry. Hy sê dat hy by die boer gewerk het en dat die boer se vrou sy klere maak het.

#### Gevolgtrekking:

Oor die algemeen voel sy haar uiterlik onveilig, onseker en eenzaam. Innerlik is sy minderwaardig, onveilig en ongelukkig. Sy is onafhanklik en nie gebonde aan haar ouers nie. In twee stories word die ouers verwerp.

Skema vir ontleding van protokolle.

Naam: D 10.

Ouderdom: 12 jaar 10 maande. V.O.: 10 jaar 3 maande.

| No. | Toestand van held |                  | Omgewing<br>druk.           | Behoeftes.              | Reaksies.     |        |        | Vlak        | Toon | End | Soort<br>Storie | Waarde. |
|-----|-------------------|------------------|-----------------------------|-------------------------|---------------|--------|--------|-------------|------|-----|-----------------|---------|
|     | Uiterlik          | Innerlik         |                             |                         | Rig-<br>ting. | A<br>O | S<br>O |             |      |     |                 |         |
| 1.  | Onveilig.         | Minderwaardig    | Gevaar (Diere)              | Beskerming.             | Na            | A      | O      | Doen        | XR   | NR  | Verbeeldings.   | 3       |
| 2.  | Onseker           | Minderwaardig    | Skool                       | Vryheid                 | Na            | A      | S      | Doen        | NR   | NR  | Skeppend        | 3       |
| 3.  | Veilig            | Onafhanklik      | Ouers (Afwesigheid.)        | Beskerming              | Na            | A      | S      | Doen        | NR   | NR  | Wens            | 4       |
| 4.  | Veilig            | Onveilig         | Minderwaardigheid           | Eiewaarde               | Na            | A      | S      | Dag-dromery | VR   | NR  | Fantasie        | 3       |
| 5.  | Onveilig          | Ongelukkig       | Gevaar (Heks)               | Beskerming              | Na            | A      | O      | Droom       | XR   | XR  | Verbeelding     | 4       |
| 6.  | Verwaarloos       | Onafhanklik      | Gebrek (kos) Gevaar (diere) | Versorging. Beskerming  | Na            | O      | S      | Doen        | XR   | NR  | Verbeelding     | 4       |
| 7.  | Onveilig          | Minderwaardig    | Gevaar (gif)                | Eie waarde. Liefde.     | Na            | A      | S      | Doen        | XR   | NR  | Verbeelding     | 4       |
| 8.  | Eensaam           | Onveilig         | Eensaamheid Gevaar (Drake)  | (Vriendskap. Beskerming | Na            | A      | O      | Dag-dromery | XR   | XR  | Verbeelding     | 5       |
| 9.  | Veilig            | Tevrede Gelukkig | Vriende                     | Vriendskap Speel        | Na            | A      | S      | Doen        | VR   | RR  | Verbeelding     | 5       |
| 10. | Verwaarloos       | Minderdig        | Minderwaardigheid           | Versorging. Beskerming  | Na            | O      | S      | Doen        | XR   | NR  | Verbeelding     | 4       |

Die proefpersoon is byna desperaat en is onder druk van verskeie vrese en angste. Die enigste manier om hierdie vrese te bowe te kom is om in 'n droomwêreld van haar eie te leef.

Daar is sterk behoeftes aan beskerming, versorging, eiewaarde en geselskap. Sy refereer self na haar behoefte aan maats as sy sê:

"Sy het geen boeties of sussies nie."

In twee gevalle kom masogistiese trekke na vore. Dit kan moontlik toegeskryf word aan 'n behoefte vir meer aandag.

(Stories aansienlik verkort).

#### FINALE GEVOLGTREKKING:

Uit hierdie analise van die aantal gevalle blyk dit duidelik dat dit wel moontlik is om 'n goeie beeld te verkry van die agtergrond, die faktore wat druk op die proefpersone uitgeoefen het, die behoeftes en problematiek van die leerlinge.

In baie gevalle sal die terapie vir 'n groot deel op die huisgesin toegespits moet wees en in ander gevalle meer op die leerling self.

Die kombinasie van agtergrondstudie en projeksietoets is vrugbaar in die sin dat dit beter insig en begrip by elke individuele geval gee. Dit gee dus 'n duideliker beeld as een van die twee metodes afsonderlik en vir terapeutiese doeleindes is hierdie kombinasie eintlik onontbeerlik.

Hoewel die hoofdoel by die eie ondersoek was om vas te stel of daar met die gebruik van agtergrondstudie en SAPAT, 'n begrypbare beeld van die persoonlikheidsproblematiek van die verstandelikvertraagde leerling met gedragsprobleme, verkry kon word, kan uit die gegewens ook enkele verdere tendense waargeneem word.

Om hierdie aspek duideliker te stel is enkele tabelle opgestel wat op opsommender wyse sommige van die bevindings ten opsigte van die individuele gevalle weergee

Tabelle 6 - 10 bevat eerstens 'n kort opsomming van agtergrond-gegewens, tweedens enkele feite soos blyk uit die skoolsituasie en derdens enkele persoonlikheidsaspekte soos gevind m.b.v. SAPAT. Die interpretasie van SAPAT het geskied m.b.v. eersgenoemde twee.

Uit die tabelle blyk dit dat die meeste proefpersone 'n aantal moontlike oorsake vir hul handelswyse en gedrag in gemeen het. Die

TABEL 6.

Samevattende gegewens van vier proefpersone.

|                         |                          |                              |                         |                          |                         |
|-------------------------|--------------------------|------------------------------|-------------------------|--------------------------|-------------------------|
| Huislike Omstandighede. | Vader                    | Eie<br>(Bedlêend)            | Eie<br>(Bedlêend)       | Eie<br>(Geheg)           | Eie                     |
|                         | Moeder                   | Eie<br>(Broodw.)             | Eie<br>(59 jr.)         | Eie<br>(Eenvoudig)       | Eie<br>(Huisvrou)       |
|                         | Kinders                  | Enigste                      | 4 (Enigste<br>seun)     | 7 (Twee<br>werk)         | 3<br>(Oudste)           |
|                         | Behuising                | Huurhuis<br>(Swak)           | Huurhuis<br>(Baie swak) | Huurhuis<br>(Baie swak)  | Huurhuis<br>(Armoedig)  |
|                         | Maatskaplike<br>omgewing | Swak                         | Swak                    | Baie swak                | Swak                    |
|                         | Gesins-<br>verhoudinge   | Redelik                      | Redelik                 | Swak                     | Goed                    |
|                         | Opvoeding                | Swak<br>dissipline           | Oormatige<br>dissipline | Geen<br>dissipline       | Redelike<br>dissipline  |
|                         | Fisiese<br>toestand      | Polio<br>gehad               | Hoofpyne<br>Neus bloei  | Was skeel                | Goed                    |
| Skoolsituasie.          | Inkomste<br>per maand    | R77                          | R60                     | R90                      | R160 (Pp.<br>help werk) |
|                         | Gedrags-<br>probleme     | Leuens<br>Stokkiesdr.        | Baie af-<br>getrokke    | Leuens<br>Diefstal       | Seksuele<br>wangedrag   |
|                         | Vordering                | Redelik                      | Redelik                 | Baie<br>swak             | Goed                    |
|                         | I.K.                     | 64                           | 65                      | 68                       | 65                      |
|                         | Algemeen                 | Opdringerig<br>Nuuskierig    | Geen maats              | Sin vir<br>humor         | Netjies                 |
| S A P A T               | Aanpassing               | Swak                         | Baie swak               | Redelik                  | Redelik                 |
|                         | Uiterlike<br>toestand    | Rusteloos<br>Onseker         | Eensaam<br>Onveilig     | Onveilig<br>Verwaarloos  | Bedruk<br>Verwaarloos   |
|                         | Innerlike<br>toestand    | Ongelukkig<br>Minderw.       | Ongelukkig<br>Minderw.  | Ongelukkig<br>Minderw.   | Bekommerd<br>Bang       |
|                         | Omgewings-<br>druk       | Ouers, Vrien-<br>de Onveilig | Ouers<br>Vriende        | Huislike<br>toestande    | Huislike<br>toestande   |
|                         | Behoeftes                | Selfstandig<br>Sekuriteit    | Vryheid<br>Eiewaarde    | Versorging<br>Veiligheid | Seks<br>Versorging      |
|                         |                          | S1                           | S2                      | S3                       | S4                      |

TABEL 7.

Samevattende gegewens van vier proefpersone.

|                         |                          |                      |                          |                             |                           |
|-------------------------|--------------------------|----------------------|--------------------------|-----------------------------|---------------------------|
| Huislike Omstandighede. | Vader                    | Eie<br>(drink)       | Oorlede                  | Eie                         | Stief-<br>vader           |
|                         | Moeder                   | Eie<br>(Huisvrou)    | Eie<br>(Huisvrou)        | Eie<br>(Huisvrou)           | Eie<br>(Verpleeg)         |
|                         | Kinders                  | 9                    | 2<br>(Jongste)           | 4                           | 5                         |
|                         | Behuising                | Eie<br>(netjies)     | Eie<br>(netjies)         | Eie<br>(goed)               | Huur (Be-<br>diende sorg) |
|                         | Maatskaplike<br>omgewing | Goed                 | Goed                     | Redelik                     | Goed                      |
|                         | Gesins-<br>verhoudinge   | Goed                 | Goed                     | Goed                        | Redelik                   |
|                         | Opvoeding                | Weinig<br>dissipline | Oorbeskerm               | Oorbeskerm<br>Bederf        | Geen<br>dissipline        |
|                         | Fisiese<br>toestand      | Bilharzia<br>gehad   | Rumatiek-<br>koors gehad | Kry hormoon-<br>behandeling | Gedurig<br>moeg           |
| Skoolsituasie.          | Inkomste<br>per maand    | R230                 | Geen vaste<br>inkomste   | R250                        | R280                      |
|                         | Gedrags-<br>probleme     | Humeurige<br>Leuens  | Humeuruit-<br>barstings  | Vloek<br>Opstandig          | Stokkiesdr.<br>Leuens     |
|                         | Vordering                | Redelik              | Baie swak                | Baie swak                   | Swak                      |
|                         | I.K.                     | 63                   | 68                       | 61                          | 68                        |
|                         | Algemeen                 | Vrygewig             | Lief om te<br>speel      | Infantiel                   | Stel weinig<br>belang     |
| S A P A T               | Aanpassing               | Redelik              | Redelik                  | Swak                        | Swak                      |
|                         | Uiterlike<br>toestand    | Buierig              | Veilig                   | Onveilig<br>Minderw.        | Eensaam<br>Onveilig       |
|                         | Innerlike<br>toestand    | Rusteloos            | Afhanklik                | Rusteloos                   | Ongelukkig<br>Rusteloos   |
|                         | Omgevings-<br>druk       | Inter-fisies         | Vriende                  | Inter-fisies                | Inter-fisies              |
|                         | Behoeftes                | Seks<br>Beskerming   | Erkenning<br>Speel       | Beskerming<br>Speel         | Versorging<br>Seks        |

S5

S6

S7

S8

TABEL 8.

Samevattende gegewens van vier proefpersone.

|                         |                          |                                   |                         |                       |                        |
|-------------------------|--------------------------|-----------------------------------|-------------------------|-----------------------|------------------------|
| Huislike Omstandighede. | Vader                    | Eie                               | Eie<br>(Onvolwasse)     | Eie                   | Eie<br>(Hardvogtig)    |
|                         | Moeder                   | Eie                               | Eie<br>(Onvolwasse)     | Eie                   | Eie                    |
|                         | Kinders                  | 2<br>(Jongste)                    | 10<br>(Oudste)          | 6<br>(Middelste)      | 3<br>(Oudste)          |
|                         | Behuising                | Huur                              | Huur<br>(Uiters swak)   | Huur                  | Huur                   |
|                         | Maatskaplike<br>Omgewing | Redelik                           | Baie swak               | Redelik               | Redelik                |
|                         | Gesins-<br>verhoudinge   | Goed                              | Redelik                 | Redelik               | Swak                   |
|                         | Opvoeding                | Oorbeskerm                        | Swak<br>dissipline      | Swak<br>dissipline    | Swak<br>dissipline     |
|                         | Fisiese<br>toestand      | Hakkel                            | Redelik<br>(Ondervoed)  | Goed                  | Spraak-<br>gebrek      |
|                         | Inkomste<br>per maand    | R250                              | R160                    | R220                  | R200                   |
| Skoolsituasie.          | Gedrags-<br>probleme     | Humeurige<br>Teruggetrok.         | Teveel<br>om te noem    | Diefstal<br>Leuentaai | Leuens<br>Diefstal     |
|                         | Vordering                | Redelik                           | Swak                    | Swak                  | Redelik                |
|                         | I.K.                     | 75                                | 85                      | 79                    | 67                     |
|                         | Algemeen                 | Besoek bio-<br>skoop ger-<br>eeld | Weinig<br>maats         | Seksprobleme          | Stel weinig<br>belang  |
|                         | Aanpassing               | Redelik                           | Swak                    | Redelik               | Redelik                |
| S A P A T               | Uiterlike<br>toestand    | Apaties                           | Onveilig<br>Bedruk      | Onveilig              | Onveilig<br>Ongelukkig |
|                         | Innerlike<br>toestand    | Minderw.<br>Ongelukkig            | Ongelukkig<br>Minderw.  | Bang                  | Bevrees<br>Minderw.    |
|                         | Omgewings-<br>druk       | Skool<br>Ouers                    | Huis<br>Armoede         | Huis                  | Huis<br>(Vader)        |
|                         | Behoeftes                | Vryheid<br>Eiewaarde              | Eiewaarde<br>Versorging | Seks<br>Versorging    | Liefde<br>Beskerming   |

S9

S10

D1

D2

TABEL 9.

Samevattende gegewens van vier proefpersone

|                                                         |                          |                    |                          |                          |                          |
|---------------------------------------------------------|--------------------------|--------------------|--------------------------|--------------------------|--------------------------|
| Huislike Omstandighede.                                 | Vader                    | Eie                | Stief<br>(Onregverdig)   | Eie<br>(Bedlêend)        | Oorlede                  |
|                                                         | Moeder                   | Eie                | Eie<br>(Werk)            | Eie<br>59 jr.            | Oorlede<br>Bly by sust.  |
|                                                         | Kinders                  | 9<br>Oudste        | 4<br>Oudste              | 5<br>Tweede jongste      | 9                        |
|                                                         | Behuising                | Eie                | Huur                     | Huur<br>(Swak)           | Huur                     |
|                                                         | Maatskaplike<br>omgewing | Goed               | Redelik                  | Swak                     | Redelik                  |
|                                                         | Gesins-<br>verhoudinge   | Goed               | Baie swak                | Redelik                  | Swak                     |
|                                                         | Opvoeding                | Swak<br>dissipline | Swak                     | Moeder kan<br>nie beheer | Moeilik                  |
|                                                         | Fisiese<br>toestand      | Goed               | Polio<br>gehad           | Goed                     | Goed                     |
|                                                         | Inkomste<br>per maand    | Boer<br>(Redelik)  | R180                     | R60                      | --                       |
| Skoolsituasie                                           | Gedrags-<br>probleme     | Leuens<br>Vloek    | Stokkiesdr.<br>Humeurige | Negativisme              | Parmantig                |
|                                                         | Vordering                | Redelik            | Redelik                  | Swak                     | Goed                     |
|                                                         | I.K.                     | 78                 | 77                       | 64                       | 66                       |
|                                                         | Algemeen                 | Seks<br>probleme   | Seks-<br>probleme        | Weinig<br>maats          | Min maats                |
|                                                         | Aanpassing               | Redelik            | Redelik                  | Swak                     | Swak                     |
| S A P A T                                               | Uiterlike<br>toestand    | Veilig             | Onveilig<br>Minderw.     | Apaties                  | Onveilig                 |
|                                                         | Innerlike<br>toestand    | Onveilig<br>Bang   | Minderw.                 | Minderw.                 | Bang<br>Bekommerd        |
|                                                         | Omgewings-<br>druk       | Seks               | Vader<br>Gebrek          | Armoede<br>Gebrek        | Huis                     |
|                                                         | Behoeftes                | Versorging<br>Seks | Eiewaarde<br>Seks        | Versorging<br>Beskerming | Sekuriteit<br>Beskerming |
| <div>D3</div> <div>D4</div> <div>D5</div> <div>D6</div> |                          |                    |                          |                          |                          |

TABEL 10.

Samevattende gegewens van vier proefpersone

|                         |                          |                       |                     |                            |                          |
|-------------------------|--------------------------|-----------------------|---------------------|----------------------------|--------------------------|
| Huislike Omstandighede. | Vader                    | Stief                 | Eie                 | Eie<br>(Sieklik)           | Eie                      |
|                         | Moeder                   | Stief                 | Eie                 | Eie                        | Eie                      |
|                         | Kinders                  | 5 (Aange-<br>nome)    | 6<br>(Oudste)       | 3<br>(Jongste)             | Enigste                  |
|                         | Behuising                | Huur                  | Huur                | Huur<br>(Swak)             | Eie                      |
|                         | Maatskaplike<br>omgewing | Swak                  | Redelik             | Swak                       | Redelik                  |
|                         | Gesins-<br>verhoudinge   | Goed                  | Goed                | Goed                       | Goed                     |
|                         | Opvoeding                | Redelik               | Goeie<br>dissipline | Goeie<br>dissipline        | Goed                     |
|                         | Fisiese<br>toestand      | Goed                  | Lintwurm            | Spraak-<br>gebrek          | Spraak-<br>gebrek        |
| Skoolsituasie.          | Inkomste<br>per maand    | R140                  | R160                | Geen vaste<br>inkomste     | R190                     |
|                         | Gedrag-<br>probleme      | Aggressief            | Seks-<br>probleme   | Aanpassings-<br>probleme   | Aanpassings-<br>probleme |
|                         | Vordering                | Redelik               | Goed                | Redelik                    | Goed                     |
|                         | I.K.                     | 64                    | 65                  | 76                         | 80                       |
|                         | Algemeen                 | Angstig               | Aantreklik          | Minderw.                   | Gehoorsaam               |
| S A P A T               | Aanpassing               | Redelik               | Goed                | Swak                       | Swak                     |
|                         | Uiterlike<br>toestand    | Onveilig              | Ongelukkig          | Ongelukkig<br>Verwaarloos  | Onseker<br>Eensaam       |
|                         | Innerlike<br>toestand    | Bekommerd             | Rusteloos           | Ongelukkig<br>Droefgeestig | Minderw.<br>Ongelukkig   |
|                         | Omgewings-<br>druk       | Armoede<br>Gebrek     | Seks                | Vader<br>Armoede           | Angs                     |
|                         | Behoeftes                | Versorging<br>Bystand | Vryheid<br>Seks     | Liefde<br>Versorging       | Beskerming<br>Eiewaarde  |

D7

D8

D9

D10

belangrikste is die volgende:

1. ARMOEDE EN GEBREK:

As in aanmerking geneem word dat die meeste van die ouers in die sub-ekonomiese inkomstegroep val is dit duidelik watter rol armoede en gebrek as oorsaaklike faktor speel. Gepaardgaande hiermee is die feit dat die gesinne oor die algemeen groot in getal is. 'n Opname deur die hele skool het getoon dat daar gemiddeld ses kinders in 'n huisgesin is. Die vraag ontstaan tot watter mate erffaktore 'n rol speel by armoede - dit kan slegs spekulatief as 'n moontlikheid bestaan.

Armoede en gebrek is seker een van die grootste oorsake vir minderwaardigheidsgevoelens.

2. DEFEKTIEWE DISSIPLINE:

Dit kan bestaan uit 'n gebrek aan dissipline en/of onoordeelkundige toepassing daarvan. By slegs 4 van die 20 proefpersone word 'n gesonde dissipline gehandhaaf. Voorligting aan ouers en vorming van ouers is dus 'n sterk behoefte.

3. DEFEKTIEWE GESINSVERHOUDINGE:

By ongeveer 50% van die proefpersone is die gesinsverhoudinge gesond, terwyl by die orige persentasie dit wissel van baie swak tot redelik.

4. VERWERPING DEUR EEN - OF ALBEI OUERS:

Verwerping kan direk of indirek plaasvind. In eersgenoemde geval is die ouer aanspreeklik vir die toestand, terwyl in die tweede plek faktore buite beheer van die ouer tot verwerping van die kind kan lei, bv., siekte, werksomstandighede, ens.

Teen hierdie breë verband gesien, is dit opvallend dat by die meeste proefpersone daar nie 'n hegte ouer-kind-binding bestaan nie.

5. ONGESONDE MORELE OF EMOSIONELE ATMOSFEER:

As een van die grondliggende oorsake van hierdie toestand moet die maatskaplike omgewing sekerlik geblameer word. Dit hang egter ook ten nouste saam met armoede en gebrek en 'n kettingreaksie ontstaan. As gevolg van armoede en gebrek vestig die ouers hulle in 'n maatskaplike omgewing waar die lewenskoste goedkoper is en die lewenskoste is juis goedkoper omdat die maatskaplike omgewing swak is. Verder word dit

tog algemeen aanvaar dat omgewing baie belangrik is vir die morele en emosionele vorming van die kind.

Van die aantal toetslinge kom 75% uit 'n swak maatskaplike omgewing, terwyl slegs 25% uit 'n goeie omgewing kom. In hierdie verband kan slegs verwys word na die rol van omgewing op intelligensie, soos ondersoek deur Langenhoven (21). As omgewingsfaktore 'n rol kan speel by intelligensie kan dit seer sekerlik ook 'n rol speel by die emosionele en morele vorming van die kind.

'n Swak omgewing werk ook minderwaardigheid in die hand.

#### 6. SOMMIGE LEERLINGE IS FISIES VROEG RYP:

In hierdie verband is dit opvallend hoeveel dogters seksprobleme het. As in aanmerking geneem word dat die ontwikkeling van die dogters vinniger plaasvind as by die seuns, is dit begryplik.

Daar bestaan dus 'n groot behoefte aan 'n klep vir ontlading van die geslagsenergie, soos bv., deelname aan sport, nuttige vryetydsbesteding, stokperdjies, gekontroleerde kontak tussen beide geslagte, ens.

#### SLOTBESKOUING:

Ten slotte volg in tabel 11 'n opsomming van die vernaamste persoonlikheids- en gedragsprobleme van die 20 proefpersone. Hieruit blyk dit duidelik dat minderwaardigheidsgevoelens 'n oorheersende rol speel by die proefpersone. Die minderwaardigheidskomplekse wat so verteenwoordigend is, sal weer lei tot aanpassingsmeganismes om die gevoel van eiewaarde te behou. Dit kan moontlik 'n groot oorsaak wees van sekere gedragsprobleme en is 'n moontlike terrein vir verdere navorsing.

#### SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 4:

Die proefpersone is individueel getoets en die protokolle ontleed. Nadat alle beskikbare gegewens bestudeer is, is die gevolgtrekkings gemaak. Hieruit is persoonlikheids- en gedragsprobleme gediagnoseer.

Die kombinasie van agtergrondstudie en projeksietoets is vrugbaar bevind en enkele tendense soos afgelei uit die finale gevolgtrekking is bespreek.

Aan die hand van al die gegewens is tot beter insigte gekom van die handelswyse en algemene gedragspatroon van die verstandelikvertraagde leerling.

## Type van probleem

[illegible]

HOOFSTUK 5.SAMEVATTENDE SLOTBESKOUING.

Uit die ondersoek wat gedoen is het sekere faktore as grondliggende oorsaak van persoonlikheids- en gedragsprobleme duidelik na vore getree. Die belangrikste faktore was die volgende:-

1. Armoede en gebrek.
2. Defektiewe dissipline.
3. Defektiewe gesinsverhoudinge.
4. Verwerping deur een- of albei ouers.
5. Ongesonde morele of emosionele atmosfeer.
6. Sommige leerlinge is fisies vroeg ryp sonder 'n klep vir ontlading van geslagsenergie, soos bv. deelname aan sport, nuttige vryetydsbesteding, stokperdjies, ens.

Dit blyk uit die literatuur dat die verstandelikvertraagde leerling meer geneig is tot persoonlikheids- en gedragsprobleme, as die leerling met 'n normale intelligensie. Hierdie "geneigdheid" maak die vraagstuk van subnormaliteit in al sy fasette, soveel meer problematies.

In die rehabiliteringsproses moet die kind nie slegs gerehabiliteer word nie, maar ook heropgevoed word. Dit is noodsaaklik dat gewoontes wat skadelik is vir die persoonlikheid, afgebreek word en meer positiewe gedragsspatrone bygebring word - in die proses is die ouer, die onderwyser en die skoolsielkundige, die drie belangrikste persone om die gedragsafwykende te help.

Dit bly egter 'n ope vraag of die ouer altyd in staat is om positiewe gedragsspatrone vas te lê. Voorligting aan ouers en vorming van ouers kan dus nie agterweë bly nie. Dit is en bly 'n moeilike taak.

Die noodsaaklikheid van agtergrondstudie, huisbesoek en die daarmee gepaardgaande terapeutiese gedrag en optrede van die opvoeder is ook sterk beklemtoon.

Die sosiale en ekonomiese effek van verstandelike vertraging kan nooit misgekyk word nie. In die verband beweer Dumville (37): "The necessity of dealing more effectively with these backward children becomes all the more obvious when it is shown that of short-time

prisoners in our goals a very large proportion have been among the backward at school."

Die vraag is in hoeverre baie van hierdie kinders wat as oortreders beskou word:-

a. Beïnvloed en verkeerdelik gelei is deur ander persone.

b. Tot die wandade oorgaan as gevolg van werklike armoede om sodoende in liggaamlike behoeftes te voorsien, of om erkenning te verkry wat saam met beter kleding, ekonomiese status, ens., gepaard gaan.

c. Gedragsprobleme toon as gevolg van 'n gebrek aan liefde, sekuriteit en eiewaarde deurdat die nodige aandag en toewyding ontbreek of nie gegee kan word nie.

d. Skaamte vir armoede en groot gesinne openbaar en graag persone na buite, veral die teenoorgestelde geslag, wil imponeer. (Mees-te van die proefpersone is redelik oud en fisies ryp).

e. In onkunde verkeer wat betref etiese, sosiale en maatskaplike norme omdat hulle verstandelik vertraag is.

f. Deur hulle drifte, drange en instinkte beheer word.

g. Nie dieselfde rasionele waardebepalings en siening van sake het as die intelligente persoon nie.

## OPSOMMING.

Verstandelike vertraging is byna so cud soos die mensdom. Die behandeling van diesulkes was ook van die wreedste hoofstukke in die geskiedenis. Met verloop van tyd is al hoe meer aandag en tyd aan hulle bestee. Vandag is dit 'n integrale en belangrike deel van die onderwys en opvoeding.

Alhoewel baie navorsing oor subnormaliteit reeds gedoen is, lê die veld nog braak vir verdere navorsing. Die subnormale maak net so 'n deel van die samelewing uit as die normale. Waar dit die ideaal is dat elke individu goed aangepas, nuttig en bruikbaar moet wees in hierdie patroon, is dit seer sekerlik ook nodig om die kennis oor hierdie belangrike aspek te verbreed.

Met hierdie studie is beoog om 'n klein bydrae te lewer in hierdie rigting en om ook persoonlikheids- en gedragsprobleme te diagnoseer en aan die hand daarvan tot beter begrip en insig te kom van hul handelswyse en algemene gedragspatroon.

Vir die doel van die ondersoek is gebruik gemaak van Die Suid-Afrikaanse Prent Analise Toets. Twintig proefpersone is individueel getoets. Van elkeen is die maksimum hoeveelheid gegewens versamel voordat die interpretasie genaak is.

Sekere faktore as grondliggende oorsaak van persoonlikheids- en gedragsprobleme het duidelik na vore gekom. Die belangrikste faktore was die volgende:-

1. Armoede en gebrek.
2. Defektiewe dissipline.
3. Defektiewe gesinsverhoudinge.
4. Verwerping deur een of albei ouers.
5. Ongesonde morele of emosionele atmosfeer.

Dit het duidelik geblyk dat die verstandelikvertraagde leerling meer geneig is tot persoonlikheids- en gedragsprobleme as die leerling met 'n normale intelligensie. Hierdie "geneigdheid" maak die vraagstuk van subnormaliteit in al sy fasette, soveel meer problematies.

Die leerlinge moet nie alleen gerehabiliteer word nie, maar ook heropgevoed word. In die proses is die ouer, onderwyser en skoolsielkundige, die belangrikste persone om die gedragsafwykende te help.

Die noodsaaklikheid van agtergrondstudie, huisbesoek en die daarmee gepaardgaande terapeutiese gedrag en optrede van die opvoeder, is ook sterk beklemtoon.

## SUMMARY.

The occurrence of mental retardation is nearly as old as the human race itself. The treatment of mentally retarded people also contains some of the cruellest episodes in the history of mankind. However, as time passed, more and more attention was paid to the care and treatment of these unfortunates. Today their education forms an integral and important part of our system of education.

Much research has been carried out in connection with mental retardation, but a vast unexplored field still lies before the investigator.

We realise today, that of necessity, our community consists of both normal and abnormal people. Where it is thus vitally necessary that every individual should be a well-adjusted, useful and efficient member of society, it is surely also necessary that the existing knowledge in this connection should be expanded and supplemented.

By means of its contribution, this research attempts to shed more light on the problem on hand. This contribution is the diagnosis of personality and behaviour problems, with a view to a deeper understanding of the general behaviour patterns involved.

The South African Picture Analysis Test was used for this research. Twenty testees were individually tested and as much information as possible was collected from each person; only then was an interpretation made of the relevant data.

Certain fundamental factors, both causing and contributing towards personality and behaviour problems, now came prominently to the fore. The most important of these factors are:

1. Poverty and indigence.
2. Ineffectual discipline.
3. Inadequate family relationships.
4. Rejection by one or both parents.
5. An unhealthy moral or emotional atmosphere.

It is obvious that the mentally retarded pupil is more susceptible to personality and behaviour problems than the normally intelligent pupil. By means of this very "susceptibility", the whole problem of subnormality is rendered more prone to pitfalls. The subnormal pupil must not only be rehabilitated but he must also be re-educated. The most important people in this re-educative process are his parents, the teacher and the school psychologist.

Strong emphasis is laid upon the necessity for intensive background study as well as house visits; naturally the concomitant therapeutical behaviour of the educator must also be stressed.

## BIBLIOGRAFIESE VERWYSINGS

- (1) NEL, B.F. en PELSER, A.J.K.: The South African Picture Analysis Test, Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1960.
- (2) ALLPORT, G.W.: Personality: A Psychological interpretation, Henry Holt & Co., N. York.
- (3) VAN LENNEP, D.J.: Psychologie van Projectieverschijsen, Utrecht Nederlandsche Stichting voor Psychotechniek, 1948.
- (4) RAPAPORT, D.: Diagnostic psychological testing 11, The Year book publishers, Chicago, 1945 - 1946.
- (5) GOUWS, S.J.L.: Die waarde van 'n persoonsbeeld by die onderwys aan die subnormale kind, Transvaalse Onderwysblad, Junie 1967, bl. 103.
- (6) JANSSEN VAN RENSBURG, J.A.: Sielkunde, Universiteits-Uitgewers en Boekhandelaars (Edms.) Bpk. Stellenbosch, 1953, bl. 123.
- (7) DU TOIT, J.M. en VAN DER MERWE, A.B.: Sielkunde, 'n algemene inleiding, 1e uitgawe, HAUM Kaapstad, 1966, bl. 353-354.
- (8) KUYPERS, A.: Inleiding in de Zielkunde, 3de druk, J.H. Kok N.V. Kampen, 1953, bl. 14,176.
- (9) MORGAN, C.T.: Introduction to Psychology, 2de uitgawe, McGraw-Hill Book Company, N. York, Toronto, London, bl. 440.
- (10) THORPE, L.P. en KATZ, B.: The Psychology of Abnormal Behaviour, The Ronald Press Company, N. York, bl.263.
- (11) DOLL, E.A.: The Essentials of an Inclusive Concept of Mental Deficiency, American Journal of Mental Deficiency, 46, (Oct. 1941), bl. 214.
- (12) JOHNSON, G. ORVILLE: Education for the slow learners, The Macmillan Comp., N. York, 1955.
- (13) BAKER, HARRY J.: Introduction to Exeptional Children, 9de druk, The Macmillan Comp., N. York, 1951.

- (14) TREDGOLD, A.F.: Mental Deficiency (Amentia), 5de uitgawe, Baillière, Tindall & Cox, London, 1929.
- (15) MALAN, W. DE VOS, e.a.: Verslag van die interdepartementele komitee oor afwykende kinders, Die Staatsdrukker, Pretoria, 1945.
- (16) KISKER, GEORGE W.: The disorganized Personality, McGraw-Hill Book Comp., N. York.
- (17) BRITT, S.H.: Social Psychology of Modern Life, 7de druk, Rinehart & Comp. Inc., N. York, 1955.
- (18) GODDARD, H.H.: The Kallikak Family, The Macmillan Comp., N. York, 1912.
- (19) MORGAN, J.J.B.: The Psychology of the unadjusted school child, Hersiene uitgawe, The Macmillan Comp., N. York, 1955.
- (20) WIJNGAARDEN, H.R.: Hoofdproblemen der Volwassenheid, 3de druk, Erven J. Bijleveld, Utrecht, 1955.
- (21) LANGENHOVEN, H.P.: Toetsintelligensie en omgewingsfaktore, Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1960.
- (22) BURT, CYRIL: The Subnormal Mind, 2de druk, Oxford University Press, London, 1937.
- (23) ROTHSTEIN, JEROME H.: Mental Retardation, Holt, Rinehart & Winston, N. York, 1961.
- (24) VAN DER WALT, M.P.A.: Swaknormaliteit en gedragsafwykings, Referaat gelewer tydens opknappingskursus in Spesiale Onderwys aan die Heidelbergse Onderwyskollege, 3-7 Okt. 1966.
- (25) MILLARD, CECIL V.: Child growth and development, hersiene uitgawe, D.C. Heath & Comp., Boston.
- (26) NEL, B.F.: Pedagogiese Verwaarlosing, Opvoedkundige Studies, nr. 46, Pretoria.
- (27) ROUCEK, JOSEPH: The difficult child, Peter Owen, London, 1964.

- (28) WATSON, ROBERT I.: Psychology of the Child, 2de druk, John Wiley & Sons, N. York, 1960.
- (29) PENNINGTON en BERG: An introduction to Clinical Psychology, 2de uitgawe, Ronald Press, N.York, 1954.
- (30) DENNIS, WAYNE: Readings in Child Psychology, 3de druk, Prentice-Hall, Inc., N. York, 1952.
- (31) SCHEIDEMANN, NORMA V.: The Psychology of exeptional Children, Volume 1, Houghton, Mifflin Comp., U.S.A., 1931.
- (32) BURT, CYRIL: The Backward Child, 3de uitgawe, University of London Press, London, 1950.
- (33) BÖHMER, ANTON C.: Bepaalde eienskappe van subnormales, Pretoria, 1941, M.A. verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- (34) LE ROUX, A.G.: Terapeutiese gedrag van die onderwyser, Referaat gelewer tydens opknappingskursus in Speciale Onderwys aan die Heidelbergse Onderwyskollege, 3-7 Okt. 1966.
- (35) SCHLEBUSCH, ANITA: Terapeutiese optrede van die onderwyser, Referaat gelewer tydens opknappingskursus in Speciale Onderwys aan die Heidelbergse Onderwyskollege, 3-7 Okt. 1966.
- (36) NOLL, VICTOR H. en NOLL, RACHEL P.: Readings in Educational Psychology, The Macmillan Comp., N. York, 1962.
- (37) DUMVILLE, BENJAMIN: Child Mind, 3de druk, University Tutorial Press Ltd., London, 1917.
- (38) BINET, A. en SIMON, Th.: Mentally defective children, 4de druk, Edward Arnold, London.
- (39) GOUWS, S.J.L.: Die noodsaaklikheid van kliniese gegewens, agtergrondstudie en huisbesoek vir doeltreffende onderwys aan die swaknormale kind, Referaat gelewer tydens opknappingskursus in Speciale Onderwys aan die Heidelbergse Onderwyskollege, 3-7 Okt. 1966.

## LITERATUURLYS

- ALLPORT, G.W.: Personality: A Psychological interpretation, Henry Holt & Comp., N. York.
- BAKER, HARRY J.: Introduction to Exeptional Children, 9de druk, The Macmillan Comp., N. York, 1951.
- BINET, A. en SIMON, Th.: Mentally defective children, 4de druk, Edward Arnold, London.
- BÖHMER, ANTON C.: Bepaalde eienskappe van subnormales, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1941.
- BRITT, S.H.: Social Psychology of Modern Life, 7de druk, Rinehart & Comp. Inc., N. York, 1955.
- BURT, CYRIL: The Subnormal Mind, 2de druk, Oxford University Press, London, 1937.
- BURT, CYRIL: The Backward Child, 3de uitgawe, University of London Press, London, 1950.
- DENNIS, WAYNE: Readings in Child Psychology, 3de druk, Prentice-Hall Inc., N. York, 1952.
- DOLL, E.A.: The Essentials of an Inclusive Concept of Mental Deficiency, 46, (Oct. 1941), bl. 214.
- DUMVILLE, BENJAMIN: Child Mind, 3de druk, University Tutorial Press Ltd., London, 1917.
- DU TOIT, J.M. en VAN DER MERWE, A.B.: Sielkunde, 'n algemene inleiding, 1e uitgawe, HAUM Kaapstad, 1966, bl. 353, 354.
- GODDARD, H.H.: The Kallikak Family, The Macmillan Comp., N. York, 1912.
- GOUWS, S.J.L.: Die waarde van 'n persoonsbeeld by die onderwys aan die subnormale kind, Transvaalse Onderwysblad, Junie 1967, bl. 103.
- GOUWS, S.J.L.: Die noodsaaklikheid van kliniese gegewens, agtergrondstudie en huisbesoek vir doeltreffende onderwys aan die swaknormale kind, Referaat gelewer tydens opknappingskursus in Speciale Onderwys aan die Heidelbergse Onderwyskollege, 3-7 Okt. 1966.
- JANSEN VAN RENSBURG, J.A.: Sielkunde, Universiteits-Uitgewers en Boekhandelaars (Edms.) Bpk., Stellenbosch, 1953, bl. 123.
- JOHNSON, G. ORVILLE: Education for the slow learners, The Macmillan Comp., N. York, 1955.
- KISKER, GEORGE W.: The disorganized Personality, McGraw-Hill Book Comp., N. York.
- KUYPERS, A.: Inleiding in de Zielkunde, 3de druk, J.H. Kok N.V. Kampen, 1953, bl. 14, 176.
- LANGENHOVEN, H.P.: Toetsintelligensie en omgewingsfaktore, Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1960.
- LE ROUX, A.G.: Terapeutiese gedrag van die onderwyser, Referaat gelewer tydens opknappingskursus in Speciale Onderwys aan die Heidelbergse Onderwyskollege, 3-7 Okt. 1966.

- MALAN, W. DE VOS, e.a.: Verslag van die inter-departementele komitee oor afwykende kinders, Die Staatsdrukker, Pretoria, 1945.
- MILLARD, CECIL V.: Child growth and development, hersiene uitgawe, D.C. Heath & Comp., Boston.
- MORGAN, C.T.: Introduction to Psychology, 2de uitgawe, McGraw-Hill Book Comp. Inc., N. York, Toronto, London, bl. 440.
- MORGAN, J.J.B.: The Psychology of the unadjusted school child, hersiene uitgawe, The Macmillan Comp., N. York, 1955.
- NEL, B.F. en PELSER, A.J.K.: The South African Picture Analysis Test (SAPAT), Swets & Zeitlinger, Amsterdam, 1960.
- NEL, B.F.: Pedagogiese Verwaarloosing, Opvoedkundige Studies, nr. 46, Pretoria.
- NOLL, VICTOR H. en NOLL, RACHEL P.: Readings in Educational Psychology, The Macmillan Comp., N. York, 1962.
- PENNINGTON en BERG: An introduction to Clinical Psychology, 2de uitgawe, Ronald Press, N. York, 1954.
- RAPAPORT, D.: Diagnostic psychological testing 11, The Year book publishers, Chicago, 1945-1946.
- ROTHSTEIN, JEROME H.: Mental Retardation, Holt, Rinehart & Winston, N. York, 1961.
- ROUCEK, JOSEPH: The difficult Child, Peter Owen, London, 1964.
- SCHEIDEMANN, NORMA V.: The Psychology of exeptional Children, Volume 1, Houghton Mifflin Comp., U.S.A., 1931.
- SCHLEBUSCH, ANITA: Terapeutiese optrede van die onderwyser, Referaat gelewer tydens opknappingskursus in Spesiale Onderwys aan die Heidelbergse Onderwyskollege, 3-7 Okt. 1966.
- THORPE, L.P. en KATZ, B.: The Psychology of Abnormal Behaviour, The Ronald Press Comp., N. York, bl. 263.
- TREDGOLD, A.F.: Mental Deficiency (Amentia), 5de uitgawe, Baillière, Tindall & Cox, London, 1929.
- VAN DER WALT, M.P.A.: Swaknormaliteit en gedragsafwykings, Referaat gelewer tydens opknappingskursus in Spesiale Onderwys aan die Heidelbergse Onderwyskollege, 3-7 Okt. 1966.
- VAN LENNEP, D.J.: Psychologie van Projectieverschijselen, Nederlandsche Stichting voor Psychotechniek, Utrecht, 1948.
- WATSON, ROBERT I.: Psychology of the Child, 2de druk, John Wiley & Sons, N. York, 1960.
- WIJNGAARDEN, H.R.: Hoofdproblemen der Volwassenheid, 3de druk, Erven J. Bijleveld, Utrecht, 1955.